PRYS 2/6

ALMANAK

van die

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

1959

Uitgegee vanweë die Algemene Vergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk

53ste JAARGANG

HAUM BOEKHANDEL

Centenary-gebou, Burolaan 17 Posbus 460, Telefoon 22014

PRETORIA

As Boekhandel van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika kan ons

ALLE GEWENSTE BOEKE en SKRYFBEHOEFTES

lewer wat u graag sal wil besit.

- Behalwe gewone Afrikaanse leesstof het ons al die boeke wat spesiaal vir die Hervormde Kerk-lidmate uitgegee is.
- Bestellings vir gemeentelike doeleindes, adminstratiewe boeke, sondagskoolbenodigdhede, jeugwerk, ens, word deur die boekhandel versorg en uitgevoer.

PROF. DR. S. P. ENGELBRECHT:

GESKIEDENIS VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA. 3de hersiene uitgawe ... 20/-
HISTORIESE ALBUM VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA ... 10/-

DS. JOH. DREYER:

DIE VRAEBUS. Hierdie vrae-lys artikels uit „Die Hervormer" is tans in boekvorm uitgegee, sodat dit vir naslaandoeleindes gebruik kan word ... 6/6

PROF. DR. B. J. ENGELBRECHT:

DIE AMP VAN DIE DIAKEN ... 6/6

DR. P. S. DREYER:

BRANDWAGTE VAN GOD. 'n Handleiding vir Ouderlinge ... 10/-

KERKWET

van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ... 10/-

DS. G. J. J. ROOS:

KRAG IN NOOD. 'n klein boekie wat bedoel is vir die lydendes onder ons volk. Dit maak nie saak of die lyding daar is as gevolg van liggaamlike siekte of geestelike nood nie. ... 3/9

ALMANAK

van die

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

1959

REDAKSIE :

Ds. D. F. Erasmus, Snr.
Hoof-Redakteur.

en

Ds. S. E. Young

Redakteur van Statistieke:
Mnr. A. B. van N. Herbst

Prys 2/6

53ste JAARGANG

Gedruk deur die N.H.W.-Pers, Posbus 121, Krugersdorp

Bestel nou vir Julie—Augustus 1959

Vrugtebome • Rose • Sierbome, ens.

Alle Landboukoöperasies in Suidelike Afrika is ook vir ons agente.

Rand Gold Nurseries

(Eien. : S. J. DU PLESSIS EN SEUN)
Posbus 278 — Foon 660 - 1026
K R U G E R S D O R P

DENVER SEEPFABRIEK

(EDMS.) BPK.

Verskaffers van Skoonmaakmateriaal in groot maat aan alle Kerke, Inrigtings, Weeshuise ens.

Ons het groot departemente ten volle toegerus om in al u behoeftes te voorsien onder die volgende hoofde:

Vloerpolitoer - Toiletseep - Safseep - Vloeibare Seep
Karbolseep - Suiwerseep - Huishouseep - Toilet Papier
Borselware - Skuurpoeier - Skuurseep - Waspoeier
Ontsmettingsmiddel - Antiseptiese Middels

Agente vir:—
„B-W" Suiwer Ceylonse Tee — „B-W" Koffie

Verspreiders van:—
„STEELDRILL"
Beskermende Klerasie

SKRYF VANDAG VIR 'N VOLLEDIGE PRYSLYS . . .

Posbus 12, Denver, Tvl. Foon 25-7524

Kerklike en Ander Gedenkdae in 1959

Nuwejaarsdag	1 Januarie
Eerste Lydensweek	8 Februarie
Tweede Lydensweek	15 Februarie
Derde Lydensweek	22 Februarie
Vierde Lydensweek	1 Maart
Vyfde Lydensweek	8 Maart
Sesde Lydensweek	15 Maart
Sewende Lydensweek	22 Maart
Goeie Vrydag	27 Maart
Paassondag	29 Maart
Tweede Paasdag	30 Maart
Van Riebeeckdag	6 April
Dankdag vir die oes	12 April
Hemelvaart	7 Mei
Pinkstersondag	17 Mei
Uniedag	31 Mei
Bartholomeüsdag	24 Augustus
Heldedag	10 Oktober
Biddag vir die oes	11 Oktober
Hervormingsdag	1 November
Eerste Adventsweek	29 November
Tweede Adventsweek	6 Desember
Derde Adventsweek	13 Desember
Geloftedag	16 Desember
Vierde Adventsweek	20 Desember
Kersdag	25 Desember
Tweede Kersdag	26 Desember
Oujaarsdag	31 Desember

Die tye van sonop- en ondergang wat in die „Almanak" aangegee word is op die Standaard-Meridiaan (30 grade) en breedtegraad -26 grade. Dit is bereken vir 26 grade Suid, wat ooreenkom met 'n lyn wat deur Lourenco Marques en halfpad tussen Pretoria en Johannesburg loop. Die Standaard-meridiaan (30 grade) loop naastenby deur Ermelo. Vier minute moet toegevoeg word vir elke graad wat 'n plek ten weste van 30 grade geleë is, en 4 minute afgetrek word vir elke graad wat dit ten ooste van 30 grade lê.

JAARGETYE:

NAJAAR: 21 MAART. **LENTE: 23 SEPTEMBER.**
WINTER: 22 JUNIE. **SOMER: 22 DESEMBER.**

U Erfenis aan die Nageslag



Pragtige kerkmeubels keurig vervaardig deur

S.A.T.I.M.

S.A. Timber and Joinery Works (Edms.), Bpk.

●

WERK TENVOLLE GEWAARBORG

●

Preekstoele — Kerkbanke — Kerkmeubels
Deure — Houtwerk

●

S.A.T.I.M.

TELEFOON 33-5472/3 POSBUS 6680

Kosterstraat 3, Booysens,
JOHANNESBURG

Woord Vooraf

Ons Almanak geniet nog steeds 'n wye afsetgebied waar ons voor dankbaar is, want dit getuig van 'n warme belangstelling in die werksaamhede van ons Kerk. Ons wil ons dank veral teenoor dié Kerkraadslede uitspreek wat hulle beywer om die Almanak in hulle wyk te versprei. Die ideaal wat ons ons voor oë moet stel en nastrewe, is dat elke huisgesin 'n eksemplaar van hierdie publikasie van ons Kerk besit. Hierdie ideaal is nog lank nie bereik nie. Daarom wil ons andermaal 'n beroep op ons Kerkraadslede doen om hulle, waar moontlik, meer in te span vir die verspreiding. Ook die verskillende takke van ons *Jeugvereniging* kan veel doen om ons Almanak onder die aandag te bring van ons jongmense — binne afsienbare tyd moet húlle tog die plek van die oueres inneem. Hier lê 'n belangrike taak vir ons Jeugverenigings, en ons wil vertrou dat hulle dit in belang van ons Kerk ook ter hand sal neem.

Weereens wil ons almal van ons dank verseker wat gewaardeerde bydraes vir opname in hierdie uitgawe gestuur het. In hierdie verband kom 'n woord van besondere dank aan Ds. W. J. Engelbrecht toe wat nog eens so bereidwillig gesorg het vir die inhoudsopgawe (jaargange 1955—1958). Ook aan die N.H.W.-Pers 'n woord van opregte dank.

„Maar julle moet toeneem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus. Aan Hom kom die heerlikheid toe, nou sowel as in die dag van die ewigheid. Amen". (2 Petr. 3 : 18).

Daniël F. Erasmus, Snr.

Ventersdorp.

PSL

DOOSLEGGERS, KONSERTINALEGGERS
PLATLEGGERS, TOEGANKLIKE LEGGERS
HANDTEKENING-KLADDERS
SEËLBOEKE
ENS.

U KAN HIERDIE BY U SKRYFBEHOEFTE-
HANDELAAR VERKRY
VERVAARDIG DEUR

SILVERAY

HANDELSNAVRAE:-

PRESS SUPPLIES LIMITED

Posbus 7591	Posbus 2401	Posbus 1706
JOHANNESBURG	KAAPSTAD	DURBAN

OOK VOORRAADHOUERS VAN:-
PAPIER, DRUKKERSMASJIENERIE EN -BEHORE

JANUARIE, 31 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERING.	Sons opg.	Sons ond.
		5 Volmaan .... 10.09 n.m. 12 Laaste Kwartier .... 4.01 n.m. 20 Nuwemaan .... 12.08 v.m. 28 Eerste Kwartier .... 4.16 v.m.		
			v.m.	n.m.
D	1	Verskyning van die Almanak, 1907.	5 18	7 05
V	2		5 19	7 05
S	3		5 19	7 05
S	4		5 20	7 05
M	5		5 21	7 04
D	6	Die Vierkleur te Potchefstroom gehys, 1857	5 22	7 04
W	7		5 23	7 04
D	8		5 23	7 04
V	9		5 24	7 04
S	10	Stigting van die Gereformeerde Kerk, 1859	5 25	7 04
S	11		5 26	7 04
M	12		5 26	7 04
D	13		5 27	7 04
W	14		5 28	7 04
D	15		5 28	7 04
V	16		5 29	7 04
S	17		5 30	7 04
S	18	Eerste Gekomb. Kerkverg. aan die Kaap gehou, 1746.	5 30	7 04
M	19		5 31	7 03
D	20		5 32	7 03
W	21	Gemeente van Rustenburg gestig, 1850.	5 33	7 03
D	22		5 33	7 03
V	23		5 34	7 03
S	24		5 35	7 03
S	25		5 35	7 03
M	26		5 36	7 02
D	27	Ds. A. J. Begeman te Pretoria bevestig 1861.	5 37	7 02
W	28		5 38	7 02
D	29		5 38	7 02
V	30	Die Holl. taal in Kaapse Geregshowe belet, 1824.	5 39	7 01
S	31		5 40	7 01

★ ENIGE GEWIG

★ ENIGE AFSTAND

★ ENIGE TYD

Bel 52-4391
52-1184 (na ure)

JOHNNY BOTES
REEF TRANSPORT

POSBUS 5142

h/v. 15de Laan en 9de Straat

BOKSBURG NOORD

FEBRUARIE, 28 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERING.	Sons opg.	Sons ond.
		4 Volmaan .... 10.05 v.m. 11 Laaste Kwartier .... 1.34 v.m. 18 Nuwemaan .... 5.38 n.m. 26 Eerste Kwartier .... 10.51 n.m.		
			v.m.	n.m.
			5 41	7 00
S	1		5 42	7 00
M	2		5 43	6 59
D	3		5 44	6 58
W	4	Retief-Dingaan-traktaat onderteken, 1838.	5 44	6 58
D	5		5 45	6 57
V	6		5 46	6 57
S	7		5 47	6 56
S	8		5 47	6 55
M	9		5 48	6 55
D	10		5 49	6 54
W	11	Ds. M. J. Goddefroy te Lage-Zwaluwe georden 1877.	5 49	6 53
			5 50	6 52
D	12	Ds. C. W. du Toit oorlede 1932.		
V	13	Grondwet van die S.A. Republiek aangeneem, 1858.	5 51	6 52
			5 52	6 51
S	14	Stigting van die Republiek Natal, 1840.	5 52	6 50
S	15		5 53	6 49
M	16		5 54	6 48
D	17	Voortrekkerlaer by Moordspruit uitgemoor 1838.	5 54	6 48
			5 55	6 47
W	18	Martin Luther oorlede, 1546.	5 56	6 46
D	19		5 56	6 45
V	20	Die Gemeente Ventersdorp gestig 1892.	5 57	6 45
S	21			
S	22	Die eerste Kerk van Pretoria ingewy, 1857.		
M	23	Eerste Kerkraad Herv. Gem. Potchefstroom benoem, 1842.	5 58	6 44
			5 59	6 43
D	24	Die Kerk van Potchefstroom ingewy, 1866.	5 59	6 42
W	25	Kerk van Pretoria ingewy, 1905.	5 59	6 42
D	26		6 00	6 41
V	27	Die Gem. Johannesburg gestig. 1895.		
S	28	Ds. P. van Drimmelen in Humpata oorlede 1919.		

Masjien en Handbreiwol

Simontel

E N K I E (EDMS.) BPK.

KAMER 327, 3de VLOER, ROYAL ARKADE, PRITCHARDSTR. 63, TEL. 23-9022/3. JOHANNESBURG.

60 KLEURE

SESTIG AANTREKLIKE KLEURE IN DIE NUUTSTE MODE OM VAN TE KIES.

VRY!

SKRYF OM 'N VRY STANDAARD KLEURKAART

SIMONTEL EN KIE (Edms.) BPK.
POSBUS 2339 JOHANNESBURG

NAAM _____

ADRES _____

Soort Masjien in Gebruik

Ondersteun

DIE N.H.W.-PERS

Posbus 171 Tel. 660-5916/7

HUMANSTRAAT 55 — KRUGERSDORP

MAART, 31 DAE.

MAANSVERANDERING.

5 Volmaan .... 8.28 n.m.
12 Laaste Kwartier .... 12.48 n.m.
20 Nuwemaan .... 11.50 v.m.
28 Eerste Kwartier .... 1.18 n.m.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.		Sons opg.	Sons ond.
			v.m.	n.m.
S	1		6 01	6 39
M	2		6 02	6 39
D	3		6 03	6 37
W	4		6 03	6 36
D	5		6 04	6 35
V	6	Gemeente Oos-London gestig 1937.	6 05	6 34
S	7		6 05	6 33
S	8		6 06	6 32
M	9	Slagtersnek, 1816.	6 06	6 31
D	10		6 07	7 30
W	11	Lydenburg skei af 1857.	7 07	6 29
D	12		6 08	6 29
V	13	Hoeksteen Kerk Pretoria-Noord, 1954.	6 08	6 28
S	14		6 09	6 27
S	15		6 09	6 26
M	16		6 09	6 25
D	17		6 10	6 24
W	18	Sandrivier Konvensie te Rustenburg bekragtig, 1852.	6 10	6 23
D	19		6 11	6 22
V	20		6 11	6 20
S	21		6 12	6 19
S	22		6 12	6 18
M	23	Afkondiging van die vrede te Pretoria, 1881.	6 13	6 17
D	24		6 14	6 15
W	25		6 14	6 14
D	26	Eerste Kerkviering Herv. Gem. Potchefstroom, 1842.	6 14	6 12
V	27		6 14	6 12
S	28	Kerk van Ventersdorp ingewy, 1913	6 15	6 10
S	29		6 15	6 10
M	30		6 16	6 09
D	31	Hoeksteen gelê van Johannesburg se Kerk.	6 16	6 08



Meer as 50 jaar ondervinding van bou van orrels
Reeds meer as 400 orrels geïnstalleer
HERBOUING — HERSTELLINGS — ONDERHOUD

Nuwe Pyp Orrels

— vir —

Kerk en Skool

ONS KAN AFLEWERING WAARBORG

KERK „ACOUSTICON" Vir die dowes	**KERKKLOKKE** ... in alle groottes van suiwer Koper Tin (Brons)

COOPER, GILL & TOMKINS

(EDMS.), BPK.
(Opgerig 1903)
Twee Fabrieke: **JOHANNESBURG EN KAAPSTAD**

Takke ook te Durban en Port Elizabeth
KAAPSTAD: Organ House, Voortrekkerweg, Maitland.
JOHANNESBURG: Staibstraat 33, Doornfontein
TELEFOON 22-8718

APRIL, 30 DAE.

MAANSVERANDERING.

4 Volmaan .... 5.45 v.m.
11 Laaste Kwartier .... 1.50 v.m.
19 Nuwemaan .... 5.23 v.m.
26 Eerste Kwartier .... 11.36 n.m.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.		Sons opg.	Sons ond.
			v.m.	n.m.
W	1	Stigting Teologiese Fakulteit te Pretoria, 1917.	6 17	6 07
D	2		6 17	6 06
V	3		6 18	6 05
S	4		6 18	6 04
S	5		6 18	6 03
M	6	Aank. van Van Riebeeck in Tafelbaai, 1652. Gemeente Chrissiesmeer gestig, 1892.	6 19	6 02
D	7	Kerk van Nylstroom ingewy, 1922.	6 19	6 01
W	8		6 20	6 00
D	9		6 20	5 59
V	10		6 21	5 58
S	11	Ring van Potchefstroom, 1951.	6 21	5 57
S	12	Kerk van Bronkhorstspruit ingewy, 1913. Die eerste Anneksasie van Transvaal, 1877.	6 22	5 56
M	13	Ring van Volksrust, 1951.	6 22	5 55
D	14		6 23	5 54
W	15	Hoeksteen eerste Kerk, Ventersdorp, 1893.	6 23	5 53
D	16	Kerk op Randpoort ingewy, 1955.	6 24	5 53
V	17		6 24	5 52
S	18	Stigting Ring van Kaapland 1958. Die eerste Kerk van Potchefstroom ingewy, 1851.	6 25	5 51
S	19		6 25	5 50
M	20	Hoeksteen Chrissiesmeer, 1892.	6 26	5 49
D	21	Ds. N. J. v. Warmelo oorlede 1892.	6 26	5 48
W	22		6 27	5 47
D	23	Die Kerkraad Witfontein wil nie verenig nie, 1886.	6 27	5 47
V	24	Oudl. F. G. Wolmarans oorlede, 1872.	6 28	5 46
S	25	Protes van die Hervormers te Spiers, 1529 —	6 28	5 45
S	26	Eerste Kerk van Rustenburg ingewy, 1851.	6 29	5 44
M	27		6 29	5 43
D	28	Ring van Rustenburg, 1951.	6 30	5 42
W	29	Tweede Dorsland-trek, 1875.	6 30	5 41
D	30		6 31	5 40

Koop direk van die fabriek
— — — EN BESPAAR!

★ **KOSHUIS MEUBELS**
★ **VOU STOELE**
★ **KERKMEUBELS, ens., ens.**
★

ONS IS VERSKAFFERS AAN DIE N.H. WEESHUIS, KRUGERSDORP EN TALLE ANDER INRIGTINGS

STEEL en BARNETT Bpk.

Posbus 3449 — Tel. 22-7501/2/3

JOHANNESBURG

— Probeer ons Eerste —

Sierstene . . . . . Sierstene

GEBRUIK

„Heronmere-" en „Drie"-stene

Vervaardig deur

THE BRICK & POTTERIES COMPANY, LIMITED

Werke: Stevensweg, uit Eloffstraat-verlenging
Posbus 155 — — — Telefone: 33-4158/9
JOHANNESBURG

●

Driefontein Brick & Potteries Company, Ltd.

Werke: Posbus 46, Bank, Tvl. Tel: Bank 15 of 33-4158/9
Besigtig ons uitstallings by die „Building Centre" Chrysler Huis — Johannesburg en City Centre — Pretoriusstraat 247 — Pretoria.

MEI, 31 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERING.	Sons opg.	Sons ond.
		3 Volmaan .... 2.23 n.m. 10 Laaste Kwartier .... 4.37 n.m. 18 Nuwemaan .... 9.00 n.m. 26 Eerste Kwartier .... 6.38. v.m.		
			v.m.	n.m.
V	1	Ring van Germiston, 1951.	6 31	5 40
S	2	Hollands in Kaapse Parlement toegelaat, 1882.	6 32	5 39
S	3		6 32	5 38
M	4		6 33	5 37
D	5	Ring van Dullstroom, 1951.	6 33	5 36
W	6		6 34	5 36
D	7	Hoeksteenlegging nuwe Kerk Schweizer-Reneke 1955.	6 34	5 35
V	8	Ring van Heidelberg, 1951.	6 35	5 34
S	9	Gemeente Soekmekaar gestig 1931.	6 35	5 33
S	10	Hoeksteenlegging nuwe kerk Zeerust 1952.	6 36	5 33
M	11		6 36	5 32
		Ring van Heilbron, 1951.	6 37	5 32
D	12	Eerste Avondmaalsviering aan die Kaap, 1652.	6 38	5 31
W	13		6 38	5 31
D	14	Ring van Pretoria, 1951.	6 39	5 30
V	15	„Die Hervormer" verskyn 1909.		
		Ring van Johannesburg, 1951.		
		Gemeente Schweizer-Reneke gestig, 1925.	6 39	5 30
S	16	Gemeente Losberg gestig 1925.	6 40	5 29
S	17		6 40	5 29
M	18		6 41	5 28
D	19	Ring van Middelburg, 1951.		
		Ring van Zeerust, 1951.	6 41	5 27
W	20	Kerk op Delmas ingewy, 1933.	6 42	5 27
D	21	Kerk op Coligny ingewy, 1955.	6 42	5 26
V	22		6 43	5 26
S	23	Gemeente Bothaville gestig 1936.	6 43	5 25
S	24		6 44	5 25
M	25	Ring van Krugersdorp, 1951.	6 44	5 24
D	26		6 45	5 24
W	27	Aankoms van Ds. v.d. Hoff te Potchefstroom. 1853.	6 45	5 24
D	28	Ds. G. W. Smits oorlede 1894.	6 46	5 24
V	29	Hoeksteen Kerk te Randpoort, 1954.	6 46	5 23
S	30		6 47	5 23
S	31			

Weblers

STAALVENSTERS

— (EDMS.) BPK. —

Posbus 15, Luipaardsvlei **Foon 660-2449**

FREDERICK COOPERLAAN — FACTORIA

Krugersdorp

Vervaardigers van:

Vensters

vir Huise, Kerke, Skole en Industriële Geboue

Spreek ons gerus vir u benodigdhede t.o.v.

Deur en Staalvensters

JUNIE, 30 DAE.

Dag van die		MAANSVERANDERING.	Sons	
Week.	Maand.	1 Volmaan .... 10.55 n.m. 9 Laaste Kwartier .... 8.59 v.m. 17 Nuwemaan .... 9.59 v.m. 24 Eerste Kwartier .... 11.44 v.m.	opg.	ond.
			v.m.	n.m.
M	1		6 47	5 23
D	2	Gemeente Gwelo gestig 1923.	6 48	5 23
W	3		6 48	5 23
D	4		6 49	5 23
V	5	Kerk te Newlands ingewy, 1954. Uitspraak Hoog. Ger. Hof in sake Trichardsfontein, tussen Ned. Herv. en Ned. Herv. of Geref., 1893.	6 49	5 23
S	6	Ring van Zoutpansberg, 1951.	6 49	5 23
S	7		6 50	5 23
M	8		6 50	5 23
D	9		6 51	5 23
W	10		6 52	5 23
D	11		6 52	5 23
V	12		6 52	5 23
S	13	Eerste Kerk van Ermelo ingewy, 1910. Gemeente Ladismith gestig 1943.	6 53	5 23
			6 53	5 23
S	14		6 53	5 23
M	15		6 53	5 23
D	16		6 53	5 23
W	17		6 53	5 23
D	18		6 54	5 23
V	19		6 54	5 23
S	20		6 54	5 23
S	21		6 54	5 23
M	22		6 55	5 24
D	23		6 55	5 24
W	24	Ouderling J. C. Coetzee van Zeerust oorlede 1933.	6 55	5 25
			6 55	5 25
D	25		6 56	5 26
V	26	Gemeente Ebenhaezer gestig 1937.	6 56	6 26
S	27	Gemeente Vliegepoort gestig 1931.	6 56	5 27
S	28		6 56	5 27
M	29			
D	30	Kerk Vliegepoort ingewy, 1951.		

DIE BOEKRAK VAN DIE NASIE!

- Aan die boeke wat op die rakke van die leeskamer en binnekamer staan kan die leefgewoontes van 'n gesin beoordeel word.
- Vir die afgelope 62 jaar beywer die C.N.A. hul alreeds vir die besorging van leesstof, vir die opbouing van die volkskarakter, aan elke huis in Suid-Afrika.
- Bybels en ontspanningslektuur, godsdienstige verhandelings en wetenskaplike geskrifte, woordeboeke en tydskrifte, alle denkbare leesstof kom uit die voorraadkamers van die C.N.A.

MAAK 'N DRAAI BY DIE C.N.A. EN KYK VIR USELF HOE AANGENAAM DIT IS OM SAAM MET BOEKE TE VERKEER

Daars 'n tak van die C.N.A. naby U

CNA

DIE P.U. VIR C.H.O.

- SPESIALE VOORLIGTING AAN EERSTEJAARSTUDENTE
- SPESIALE AANDAG AAN INDIWIDUELE STUDENTE
- VOORTREFLIKE STUDIEGERIEWE
- GESONDE STUDENTELEWE

Skryf aan: DIE REGISTRATEUR, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom.

Lettere en Wysbegeerte — Natuurwetenskappe — Teologie — Opvoedkunde — Ekonomiese Wetenskappe — Sosiale Wetenskappe — Musiek.

Die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

JULIE, 31 DAE.

MAANSVERANDERING.

1 Volmaan .... 8.04 v.m.
9 Laaste Kwartier .... 2.21 v.m.
16 Nuwemaan .... 8.33 n.m.
23 Eerste Kwartier .... 4.19 n.m.
30 Volmaan .... 6.47 n.m.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.		Sons opg.	Sons ond.
			v.m.	n.m.
W	1	President T. V. Burgers ingesweer Z.A. Rep., 1872.	6 56	5 27
D	2		6 56	5 27
V	3	Hoeksteen Kerk Boksburg gelê, 1943.	6 56	5 28
S	4		6 55	5 28
S	5		6 55	5 28
M	6		6 55	5 29
D	7	Kerk van Delareyville ingewy 1928.	6 55	5 29
W	8	Gemeente Bloemhof gestig 1916.	5 55	5 30
D	9		6 55	5 30
V	10	Calvyn gebore, 1509. Inwyding Kerk Zwartruggens, 1942.	6 55	5 31
S	11		6 55	5 31
S	12	Senator oudl. A. D. W. Wolmarans oorlede 1928.	6 54	5 32
M	13		6 54	5 32
D	14		6 54	5 33
W	15	Verlating van Schoemansdal, 1867.	6 54	5 33
D	16		6 54	5 34
V	17		6 53	5 34
S	18	Ring van S.W.A., 1951.	6 53	5 34
S	19		6 53	5 34
M	20		6 53	5 35
D	21		6 52	5 36
W	22		6 52	5 36
D	23	Gnl. Andries Pretorius oorlede, 1853.	6 52	5 37
V	24		6 51	5 37
S	25		6 51	5 38
S	26		6 51	5 38
M	27	Kerkorde van de Mist ingevoer, 1804.	6 50	5 39
D	28	Die Prokurasie-Kommissie gestig, 1890.	6 50	5 39
W	29	Gemeente „V. d. Hoff" gestig 1933.	6 49	5 40
D	30		6 49	5 40
V	31		6 48	5 41

ROOS

UITSLAG — JEUKING — SKUBBE

Die vel het twee kante — inwendig en uitwendig. Huidsiekte kan veroorsaak word deur kieme of prikkelstowwe van buite, maar meesal word dit veroorsaak deur onsuiwerheid in die Bloed.

Wat om te doen

Vir jeuking smeer Felaform-salf aan (prys (2/6) wat spesiaal ontwerp is vir droë skubbe en jeukende uitslag. Klam uitswetinge moet bedek word met Felaform-lyfpoeier (prys 2/6). Lyers aan huidsiektes moet was met Felaform-seep (prys 2/-) wat kragtig antisepties is en wat Berketeerolie, Wilgersuur en Swawel bevat. In gevalle van diepgaande velaandoeninge moet die lyer ook Felaform-bloedtonika (prys 5/-) gebruik ten einde die Bloedsomloop te reinig. Hierdie beproefde huidmiddels het duisende lyers genees van 'n groot verskeidenheid van huidsiektes.

FELAFORM

Let op hierdie Handelsmerk.

Oral verkrybaar of posvry regstreeks van
NORWOOD COAKER, Posbus 89, Ladybrand.

Slaaploosheid

GEPAARD MET PYN

Waar pyn slaaploosheid veroorsaak, is dit nodig om eers die pyn stop te sit. In hierdie geval kan MAG-ASPIRIN met vertroue gebruik word. Dit maak 'n einde aan pyn en bevorder rustige slaap. Dit word veral aanbeveel vir Na-operasiepyn, Senuweehoofpyn, Vroulike Ongesteldhede, Seerkeel, Rugpyn, Drukkende Pyn in die agterkop, en Liggaamspyne van Griep.

MAG-ASPIRIN

Te kry by alle aptekers en medisyneverkopers teen 2/- (Poeiers) te koop teen 5/6 per bottel.

NORWOOD COAKER, Posbus 89, Ladybrand.

AUGUSTUS, 31 DAE.

MAANSVERANDERING.

7 Laaste Kwartier .... 7.49 n.m.
15 Nuwemaan .... 5.33 v.m.
21 Eerste Kwartier .... 9.45 n.m.
29 Volmaan .... 7.53 v.m.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.		Sons opg.	Sons ond.
			v.m.	n.m.
S	1		6 47	5 41
S	2		6 46	5 42
M	3		6 46	5 42
D	4		6 45	5 43
W	5		6 44	5 43
D	6		6 44	5 43
V	7	Hoeksteen Benoni gelê, 1943.	6 43	5 44
S	8	Die eerste Alg. Kerkverg. van die Ned. Herv. Kerk te Rustenburg geopen, 1853. Eeufees te Rustenburg, 1953. Gemeente Vaalhartz gestig 1940.	6 42	5 44
			6 42	5 45
			6 41	5 45
S	9		6 40	5 46
M	10		6 39	5 46
D	11		6 38	5 47
W	12		6 37	5 47
D	13		6 37	5 48
V	14	Ouderling F. P. H. Alberts van Humpata oorlede 1930.	6 36	5 48
			6 35	5 48
S	15		6 34	5 49
S	16	Gemeente Vereeniging gestig 1913.	6 33	5 49
M	17	Kerk van Venterskroon ingewy, 1889.	6 33	5 50
D	18	Ds. v.d. Hoff in Den Haag georden, 1852.	6 32	5 50
W	19		6 31	5 51
D	20	Eerste Doopbediening aan die Kaap, 1653. Gemeente Rust der Winter gestig 1938.	6 30	5 51
V	21			
S	22	Eerste Weeshuis Kommissie Vergadering, 1922.	6 29	5 51
			6 28	5 52
S	23	Ds. J. v. Arckel eerste predikant aan die Kaap, 1665.	6 27	5 52
			6 27	5 52
M	24	Bloedbad van St. Bartholomeus, 1572.		
D	25	Aankoms van die Eerste Hugenote, 1688.	6 26	5 52
W	26		6 25	5 53
D	27	In gebruik neem van Bybel in Afrikaans, 1933.	6 24	5 53
			6 22	5 54
V	28	Slag van Boomplaas, 1848.		
S	29			
S	30			
	31			

DIE PENNAAM WAT VERTROUE INBOESEM

In 'n Wearever kry u al die eienskappe van hoë gehalte en ongeëwenaarde afwerking wat u van veel duurder penne sou verwag . . . maar u vind hulle in WEAREVER se beroemde reeks penne, waarvan die duursaamheid en onvergelyklike waarde oor die hele wêreld bekend is.

Bolpenne met pryse wat wissel van 3/- tot 10/6, met tweekleur afwerking bied u skryfgenot wat u ookal moet skryf.

In die V.S.A. vervaardig deur die wêreld se grootste Penfabrikant !

HERVULLINGS : Daar is 'n keuse van fyn en medium vir elke WEAREVER-bolpen.

Metaal 1/9 — Plastiek 1/6
Wearever Bolpenne en Vulpenne.

Handelsnavrae :
GOLDSCHMIDT & LAMBERT (EDMS.) BPK.
Posbus 540, JOHANNESBURG.



Ledig die Galblaas

VERWYDER VERSTOPTE GAL

Wanneer die gal in die galblaas verstop is, kan dit verwyder word deur 'n dosis van die Dr. Heinz-Lewersout, opgelos in 'n klein bietjie warm water, op die nugtermaag te drink. Die Dr. Heinz-Lewersout bevorder ook die werking van die lewer en niere, verwyder voedseloorskiet uit die maag en ingewande, en hou die bloed skoon.

'n Gereelde dosis van die Dr. Heinz-Lewersout besorg wonderbaarlike verligting van die volgende kwale : Hoë Bloeddruk, Swaarlywigheid, Galblaasontsteking, Rumatiek, Kroniese Verkoues, Huidsiektes, Aambeie, Klein Galsteentjies, Hartaandoening, Rugpyn, Nierkwaal, Galagtigheid, Hardlywigheid, Môresiekte by swanger vroue, Sinkpyne en Slegte Spysvertering.

DR. HEINZ-LEWERSOUT

Te kry by alle aptekers en medisyneverkopers teen 3/- per bottel.

SEPTEMBER, 30 DAE.

Dag van die		MAANSVERANDERING.	Sons	
Week.	Maand.	6 Laaste Kwartier .... 12.24 n.m. 13 Nuwemaan .... 2.02 n.m. 20 Eerste Kwartier .... 5.17 v.m. 27 Volmaan .... 11.43 n.m.	opg.	ond.
			v.m.	n.m.
D	1	Gemeente Randpoort gestig 1939.	6 20	5 55
		Transvaal geannekseer, 1900.	6 19	5 55
W	2	Ds. D. v.d. Hoff gebore, 1814.	6 18	5 56
		Kerk op Randpoort ingewy 1939.	6 17	5 56
D	3		6 16	5 57
V	4		6 15	5 57
S	5			
S	6		6 15	5 58
M			6 13	5 58
D	7		6 12	5 59
W	8		6 11	5 59
D	9		6 10	6 00
V	10			
S	11			
S	12	Eerste Kerk van Johannesburg ingewy, 1908.	6 09	6 00
M	13		6 08	6 01
D	14		6 07	6 01
W	15		6 06	6 02
D	16		6 05	6 02
V	17		6 04	6 02
S	18		6 00	6 03
S	19		6 01	6 03
M	20		6 00	6 04
D	21		5 59	6 04
W	22		5 58	6 05
D	23		5 57	6 05
V	24		5 56	6 05
S	25		5 55	6 06
S	26		5 54	6 06
	27		5 53	6 07
M	28	Ring van Rhodesië, 1951.	5 52	6 07
		Kerk te Witpoort ingewy, 1912.		
D	29		5 51	6 08
W	30	Ds. M. J. Goddefroy op Witfontein bevestig 1887.	5 50	6 08

STAAL gaan KERK toe . . .

Deur die buitengewone argitektoniese skoonheid . . . die groot en onversperde binneruimte . . . die vinnige en ekonomiese oprigting wat daaruit voortvloei, word die neiging steeds sterker om staalkontruksiewerk as grondslag van die moderne kerkgebou te laat dien.

Die firma Bakker & Griffioen — staalkonstruksiespesialiste — voel trots op die belangrike bydrae wat hulle kon lewer in die oprigting van 'n groot aantal van die sierlikste en doeltreffendste nuwe kerkgeboue in Suid-Afrika.

BAKKER & GRIFFIOEN

(EDMS.) BPK.

POSBUS 17 INDUSTRIA

FOON 35-5538 JOHANNESBURG

Beplanners, Vervaardigers en Oprigters van Staalkonstruksies



Die treffende nuwe kerkgebou van die Geref. Kerk te Lyttleton, Pretoria. Staalraamwerk deur Bakker & Griffioen.

OKTOBER, 31 DAE.

MAANSVERANDERING.

6 Laaste Kwartier .... 3.20 v.m.
12 Nuwemaan .... 10.52 n.m.
19 Eerste Kwartier .... 4.07 n.m.
27 Volmaan .... 5.41 n.m.

Dag van die Week.	Maand.		Sons opg.	Sons ond.
			v.m.	n.m.
D	1		5 49	6 08
V	2	Slag van Vegkop, 1836.	5 48	6 09
S	3		5 46	6 09
S	4		5 45	6 10
M	5		5 44	6 10
D	6	Stigting van Barberton-gemeente 1934.	5 43	6 11
W	7	Oudl. D. P. J. van Schalkwyk van Trichardts oorlede 1911.	5 42	6 11
D	8		5 41	6 11
V	9	Ds. v.d. Hoff oorlede, 1881.	5 40	6 12
S	10	President Kruger gebore, 1825.	5 39	6 12
S	11	Zwingli gesneuwel, 1531.	5 38	6 13
M	12	Hoeksteen Zwartruggens, 1941.	5 37	6 13
D	13	Amptelike opening N.H. Weeshuis, 1923.	5 36	6 14
W	14		5 35	6 14
D	15	Hoeksteenlegging Kerk te Pietersburg 1892.	5 34	6 15
V	16		5 33	6 15
S	17		5 32	6 16
S	18		5 31	6 17
M	19		5 30	6 17
D	20	Kerk van Louis Trichardt ingewy, 1906	5 29	6 18
W	21		5 28	6 19
D	22	Die Edik van Nantes herroep, 1685.	5 28	6 19
V	23		5 27	6 20
S	24	Sinode in die Kaap besluit dat Engels ook gepreek moet word in Hollandse Kerke, 1859.	5 26	6 20
S	25		5 25	6 21
M	26		5 24	6 21
D	27		5 23	6 22
W	28	Hoeksteen Kerk Melville, 1953. Kerk van Witbank ingewy, 1944.	5 22	6 22
D	29		5 22	6 23
V	30		5 21	6 23
S	31	Hervormingsdag Samekoms Ned. Herv. Kerk en N.G. Kerk om oor Kerkvereniging te handel 1882.	5 20	6 24

O. GENN'S MOTOR SPARES

6a KRUGER ST., KRUGERSDORP

●

Stockists of all American, English and Continental Motor Spares

●

Come in and inspect our complete range of Accessories and Tools

---

PHONE 660-2749

We Guarantee ONE-DAY Service

NOVEMBER, 30 DAE.

Dag van die		MAANSVERANDERING.	Sons	
Week.	Maand.	4 Laaste Kwartier .... 4.19 n.m. 11 Nuwemaan .... 8.34 v.m. 18 Eerste Kwartier .... 6.59 v.m. 26 Volmaan .... 12.16 n.m.	opg.	ond.
			v.m.	n.m.
S	1		5 19	6 24
M	2	Eerste Alg. Kerkveg. Ned. Herv. Kerk te Kaapstad, 1842.	5 19	6 25
D	3	Hoeksteenlegging eerste Ned. Herv. Kerk op Christiana 1876.	5 18	6 25
W	4		5 18	6 26
D	5	Naam Ned. Hervormd in die Kaap verander in Ned. Gereformeerd, 1842. Aankoms van Ds. D. v. d. Hoff in Suid-Afrika, 1852.	5 17	6 26
V	6			
S	7			
S	8	Inwyding van Zeerust se Nuwe Kerk 1952.	5 16	6 27
M	9		5 15	6 27
D	10		5 15	6 28
W	11	Martin Luther gebore, 1483.	5 15	6 28
D	12	Inwyding Nuwe Kerk Schweizer Reneke 1955. Piet Retief gebore, 1780.	5 14	6 29
V	13		5 13	6 30
S	14		5 13	6 30
S	15		5 12	6 31
M	16	Pretoria aangelê.	5 12	6 32
D	17		5 11	6 33
W	18		5 11	6 34
D	19		5 10	6 35
V	20	Kerk Eldoret ingewy, 1921.	5 10	6 36
S	21		5 10	6 36
S	22	Gemeente Trichardts gestig, 1879.	5 09	6 37
M	23		5 09	6 38
D	24		5 09	6 39
W	25		5 09	6 40
D	26	Kerk van Memel ingewy, 1915.	5 08	6 41
V	27		5 08	6 41
S	28		5 08	6 42
S	29		5 08	6 43
M	30	Kerk te Johannesburg ingewy, 1935. Kerk te Brakpan ingewy. 1946.	5 08	6 44
			5 08	6 45

Alle kenners en deskundiges is dit eens dat indien u 'n orrel verlang wat in kwaliteit, werkverrigting, intonasie en klankafwerking in alle opsigte die beste is, u 'n S.A.O.B.-produk moet installeer.

Die talle skriftelike aanbevelings en keuringsrapporte ontvang van kerkrade, adviseurs en toesighoudende komitees, sowel as die lof van orreliste wat ons orrels bespeel het, is vir belangstellendes ter insae en vir u die beste bewys van die gehalte werk wat ons lewer.

Gaan u u orrel laat invoer of gaan u dit by ons laat bou?



SUID-AFRIKAANSE ORRELBOUERS (Edms.) Bpk.

PRETORIASTRAAT 157, SILVERTON

Tel. Adres: „Diapason" — Telefoon 64844

Takke en Verteenwoordigers te:
Bloemfontein, Kaapstad, Port Elizabeth en Durban.

Ons lewer ook:

LUIKLOKKE, TORINGHORLOSIES, DOWEGEHOORSTELLE EN AKOESTIEKVERBETERING-INSTALLASIES.

DESEMBER, 31 DAE.

Dag van die		MAANSVERANDERING.	Sons	
Week.	Maand.	4 Laaste Kwartier .... 3.24 v.m. 10 Nuwemaan .... 7.23 n.m. 18 Eerste Kwartier .... 1.52 v.m. 26 Volmaan .... 5.54 v.m.	opg.	ond.
			v.m.	n.m.
D	1		5 08	6 46
W	2		5 08	6 46
D	3		5 08	6 48
V	4	Die Ned. Geref. Kerk in die S.A.R. gestig, 1866.	5 07	6 49
S	5		5 07	6 50
S	6	Voortrekkergelofte, 1838.	5 07	6 50
M	7	Die Ned. Herv. of Geref. Kerk gestig, 1885.	5 07	6 51
D	8	Inwyding van die Kerk van Primrose 1947.	5 07	6 52
W	9		5 07	6 52
D	10	Oudl. J. H. Vorster oorlede 1942.	5 08	6 53
V	11		5 08	6 54
S	12		5 08	6 54
S	13		5 08	6 55
M	14		5 08	6 56
D	15		5 09	6 56
W	16	Hoeksteenlegging Middelburg se Kerk 1896.	5 09	6 57
		Geloftedag. Slag van Bloedrivier, 1838.	5 09	6 58
D	17	Eerste grondwet van die Z.A.R. op Potchefstroom geteken, 1856.	5 10	6 58
V	18	Eerste kerk van Vereeniging ingewy, 1915.	5 10	6 58
S	19		5 11	6 59
S	20		5 11	6 59
M	21		5 12	7 00
D	22		5 13	7 00
W	23	Kerkgebou van Kaapstad ingewy 1956.	5 13	7 01
D	24		5 14	7 01
V	25	Kersfees.	5 15	7 02
S	26	Hoeksteenlegging van die Kerk Potchefstroom, 1859.	5 15	7 02
S	27		5 16	7 03
M	28	Hoeksteen gelê van die Eerste Kerkgebou in die Kaap, 1700.	5 17	7 03
D	29	Kerk van Germiston ingewy 1917.	5 17	7 03
W	30			
D	31	Gemeente Heidelberg gestig 1865.		

LOWREY

„Spinet"

VIR DIE EERSTE KEER IN SUID-AFRIKA
BIED ONS DIE BEROEMDE
LOWREY-ORREL AAN

- Ideaal vir Gewyde Musiek. Geskik vir enige kerk.
- Die veelsydigheid van hierdie instrument sal u verbaas.
- Wonderlike klokkespel. Twee handgrepe.
- Volle 16 voet-pedaal. Modelle vanaf £495.
- Installasie vry van koste. Een jaar Vrye Diens.

Die Bothner Polliack-groep

Bothners Johannesburg, Kaapstad, Parow, Pretoria, Port Elizabeth.
Bothner Mackay Durban, Pietermaritzburg.
Polliacks Johannesburg, Kaapstad, Pretoria. — Ewins Oos London.

Sien, Hoor ... en Koop

Met groot genoeë kondig Die Transvaler-boekhandel aan dat ons Oudio-Visuele-afdeling :

SONO, EIENDOMS BEPERK

graag vir u van diens wil wees by die aankoop van alle Oudio-Visuele- en Elektriese toerusting :

Radio's en Radiogramme (alle groottes, met en sonder batterye), Projectors, Kameras en al u Fotografiese Benodigdhede, Verkykers, Bandopneemtoestelle. Alle elektriese apparate vir huishoudelike gebruik. Strookfilms vir Sondagskole, Jeugorganisasies en die Huisgesin.

Ons beskik oor die dienste van die knapste vakkundiges, en sal binne 'n radius van 100 myl van Johannesburg af graag u 'n demonstrasie kom gee. Die enigste bedryf van sy soort waar u deur ons deskundiges, mnr. Bob Schneider en mej. J. C. van der Steen onderrig word in die wetenskaplike gebruik van die aangekoopte artikels, hetsy rolprentkameras, gewone kameras, projektors, radio's, ens.

SONO (Edms.) Bpk./(Pty.) Ltd.

LOWLIEBENHOF, SIMMONDSSTRAAT 98(b), BRAAMFONTEIN.
Foon 835-2250 — Posbus 1329
JOHANNESBURG

Aan God Alleen die Eer

(Op 3 en 4 Mei 1958 het die gemeente Zeerust in dankbare feesstemming byeengekom, nadat die skuld op die nuwe kerkgebou afbetaal was; dié Saterdagaand is 'n dankdiens gehou by watter geleentheid hierdie rede gehou is.)

> „En nou, onse God, ons loof U, en ons prys U heerlike Naam. Want wie is ek tog, en wat is my volk, dat ons in staat sou wees om sulke vrywillige gawes te skenk? Want dit kom alles van U, en uit U hand het ons dit aan U gegee. Want ons is vreemdelinge en bywoners voor U aangesig soos al ons vaders; ons dae op die aarde is soos 'n skaduwee, en daar is geen verwagting nie. HERE, God van Abraham, Izak en Israel, ons vaders, bewaar dit vir ewig, so 'n gesindheid in die gedagtes van die hart van U volk, en rig hulle hart tot U." — 1 Kron. 29 : 13—15, 18.

Ons is hier in feesstemming byeen. Dis mooi en gepas. Die gemeente het oorvloedige stof tot dankbaarheid, en by die bereiking van hierdie mylpaal wil ons as gemeente 'n dankbare Ebenhaeser oprig, want inderdaad het die Here ons tot hiertoe gehelp. Met die psalmdigter jubel ons dit dan ook uit dat die Here groot dinge aan ons gedoen het, en daarom is ons bly!

Hy het die begeerte in die hart van die gemeente gelê om 'n huis vir Sy Naam te bou, en Hy het dit deur Sy aanbidlike voorsienigheid vir die gemeente ook moontlik gemaak om dié voorneme uit te voer. Hy het nie alleen die gemeente met stoflike seëninge bekroon nie, maar ook deur Sy Heilige Gees die gesindheid van die hart van die gemeente tot milde offervaardigheid aangevuur, sodat daar nou geen skuld meer op die nuwe kerkgebou rus nie. Daarom kom ons in godvrugtige stemming byeen, nie om selfvoldaan terug te sien op wat óns tot stand gebring het nie, maar om die Naam van die Here groot te maak deur wie se alvermoë en trou dit geskied het. Nie in ons werk nie, maar in die werk van die Here in en deur ons lê die grond van ons roem en danksegging.

Die gewyde geskiedskrywer deel ons mee dat toe Dawid sy paleis in Jerusalem gebou en sy intrek daarin geneem het, nadat die Here hom rus gegee het van al sy vyande rondom, die begeerte by hom ontstaan het om ook 'n huis vir die Here te bou, 'n huis van rus vir die ver-

bondsark van die Here. „Kyk tog", het hy vir die profeet Natan gesê, „ék woon in 'n huis van sederhout, maar die ark van God woon binnekant 'n tentdoek". Maar dis hom van Godsweë nie vergun om sy hartewens uit te voer nie. Die Here het iets groters in die plek daarvan vir Dawid berei. Nie hy sou vir die Naam van die Here 'n huis bou nie, maar die Here sou vir hòm 'n huis stig, dit wil sê die Here sou Dawid se dinastie, sy huis en koningskap en troon bevestig; uit sy nageslag, uit die ry van sy opvolgers, sou in die volheid van die tyd die Messias voortkom — die beloofde, ewige Koning wie se koninkryk 'n koninkryk van alle eeue sou wees en wie se heerskappy deur al die geslagte sou voortduur.

Dit is die huis wat die Here vir Dawid sou stig.

En as die Here die grondslag hiervoor in Dawid gelê het, sou 'n seun van Dawid, sy eerste opvolger, die tempelbouer wees.

In 'n ontroerende dankgebed gee Dawid uiting aan sy hooggestemde gevoel van dankbaarheid.

Maar hy het dit nie hierby gelaat nie. Hoewel hy nie die tempel sou bou nie, het hy, soos die geskiedenis meld, groot en uitgebreide toebereidsels vir die bou daarvan getref, want, het hy gesê, „my seun Salomo is jonk en teer, en die huis wat vir die Here gebou moet word, moet buitengewoon groot wees . . . . laat my dan vir hom die bou voorberei". Dawid het toe al gou met die noodsaaklike aanvoorwerk 'n aanvang geneem.

Toe hy oud en afgeleef was, het hy Salomo as sy opvolger benoem. By hierdie geleentheid het hy 'n groot vergadering byeen geroep van die geestelike en burgerlike voormanne as verteenwoordigers van die volk. Dit was sy laaste ryksdag voor sy dood. Op hierdie onvergeetlike byeenkoms het hy 'n noukeurig omskrewe reëling getref vir die diens wat die priesters en die Leviete in die tempel sou moes waarneem. Vervolgens het hy die regering aan sy seun oorgedra en aan hom die uitvoering van die voorgenome tempelbou opgedra en vir hom gesê : „Kyk nou, die Here het jou verkies om 'n huis vir 'n heiligdom te bou; wees sterk en voer dit uit". Ook het hy Salomo voorsien van 'n ontwerp, in fyn besonderhede uitgewerk, wat nie op willekeur berus het nie en wat hy ook nie self uitgedink en beplan het nie, maar wat op die gesag en ingewing van die Here gegrond was en waar-

volgens die hele werk uitgevoer moes word. Verder het Dawid in hierdie laaste amptelike toespraak breedvoerig gehandel oor die tempel wat hy so vurig begeer het om te bou en waarvoor hy reeds toebereidsels gemaak het. Hy deel mee hoe ruim hy self uit sy persoonlike vermoë vir die bou van die tempel bygedra het en doen vervolgens 'n beroep op die vergadering van volksverteenwoordigers, met die woorde: *„Wie is daar onder u wat ook bereid is om aan die Here iets aan te bied vir die bou van Sy tempel?"*

Hierdie beroep het nie op dowe ore geval nie.

Tot groot vreugde van Dawid het vrywillige bydraes bo verwagting mild ingestroom en dit het hom 'n besielde lof- en dankgebed in die hart en op die lippe gelê, want hy het hierin die vrug van die genade van God gesien.

In hierdie lofprysing wat Dawid in die openbare vergadering uitgespreek het, lê hy in die allereerste plek nadruk op die soewereiniteit van God onder wie se onbeperkte heerskappy alles staan. Vervolgens gee hy uiting aan sy dankbaarheid vir die genadebetoon van God wat die volk tot so milde offervaardigheid besiel het. Hierna bely het die volslae afhanklikheid en geringheid van die mens, en bid dan vurig dat God die goeie gesindheid wat die volk as vrug van Sy genade geopenbaar het, mag bestendig nie alleen nie, maar ook, omdat hy sy volk geken het en geweet het hoe maklik hulle van hulle God wegdwaal, bid hy dat God die hart van die volk tot Hom mag rig.

Dit tref ons veral dat Dawid dit so nadruklik aan die genadewerking van God toeskrywe, dat die volk so geesdriftig vir die bou van die tempel bygedra het. Dis God wat nie alleen hierdie offerbereidheid in die hart van die volk gewek het nie, maar wat hulle ook deur Sy bestendige seën in staat gestel het om te doen wat hulle bereik het. Aan God kom dan ook toe die grootheid en die mag en die heerlikheid en die roem en die majesteit! Alles behoort aan Hom en Hy heers oor alles en in Sy hand is krag en mag. Dit het nou weer kennelik geblyk in die goeie gesindheid van die volk.

Soos ek reeds opgemerk het, stel Dawid teenoor die grootheid van God die nietigheid van die mens, wie se lewensduur broos en kortstondig is: „ons dae op die aarde", bely hy, „is soos 'n skaduwee". Uit hulleself sou

die volk in hulle geringheid nie tot so 'n voorbeeldige en blymoedige offervaardigheid in staat gewees het nie. Alles is van God afkomstig en hulle het maar aan God gegee wat hulle eers uit Sy milde hand ontvang het. God het eers gegee, anders sou hulle nie kon gegee het nie. Want wat besit hulle wat hulle hulle eie kan noem ? Hulle is maar vreemdelinge en bywoners voor die aangesig van God, net soos hulle vaders ook was.

In die land wat hulle bewoon en waarin die eerste besit van die voorgeslag 'n gekoopte graf was, woon hulle nie as wettige grondeienaars nie, maar lewe daar soos mense wat afhanklik is van die guns en gasvryheid van die werklike eienaar, naamlik God. Dis alles Syne en hulle word elke dag van Sy tafel gevoed. Kortom, in werklikheid het hulle geen eie, blywende besit nie.

Hierby kom nog dat alle menslike lewe op aarde broos en kort van duur is. Die lewensjare is soos 'n vlugtige skaduwee. Daar is ook geen verwagting dat dit hierbenede ooit anders sal word nie. Daarom is dit dan ook so, dat wat hulle aan die Here en Sy diens geoffer het, dit het hulle eers uit die hand van die Here ontvang, of soos Dawid dit uitdruk: die ganse rykdom wat hulle berei het om vir die heilige Naam van die Here 'n huis te bou — dit het uit die hand van die Here gekom en uit Sy hand het hulle dit aan Hom gegee. Dis soos 'n kind wat aan sy ouer 'n geskenkie gee; self besit hy niks nie; wat hy gee, het hy tog maar van sy ouer ontvang.

Dis dan ook nie sò, dat daar oorsaak van roem is nie, daar is inteendeel alleen maar oorvloedige stof tot ootmoedige dank. Aan die Here alleen kom al die eer toe. Syne is die mag en die heerlikheid !

Ons dink met groot dankbaarheid aan wat in die loop van die tyd deur hierdie gemeente bereik is, maar dan gaan ons dankbaarheid oor in aanbidding van Hom wat die gemeente deur Sy seën daartoe in staat gestel het.

Ons is vreemdelinge en bywoners hierbenede, soos ons vaders. Eerlang sal ons plek ons nie meer ken nie. Ook die huis wat ons vir die heilige Naam van die Here gebou het, is 'n huis met hande gemaak en met vergankliike materiaal opgerig. Alleen die Here van die huis is ewig. Daarom, soos Dawid vir sy volk gebid het, bid ons ook vir mekaar, dat die Here die goeie gesindheid wat Hy in ons hart gewek het, in stand mag hou tot eer van Sy Naam en tot verder opbou van Sy gemeente. Want

met die bou en afbetaling van hierdie huis is ons werk nie klaar nie. Ons mag nie selfvoldaan agteroor leun en meen dat ons nou 'n welverdiende rus kan geniet nie. Die vernaamste werk bly nog altyd daar. 'n Groot en verantwoordelike taak lê nog voor. Aan die gemeente van die Here wat self Sy tempel is, moet voortgebou word, en hiervoor is daar toegewyde werkkragte nodig wat hulleself met bereidwillige selfverloëning tot beskikking van die Here en Sy diens stel. Ons staan as gelowiges voltyds in die diens van die Here en mag in ons roeping nie verslap nie.

Om hierdie rede moet ons dan ook die vurige gebed by ons jubelsange voeg, naamlik dat dit God die Here mag behaag om ons hart tot Hom te rig, om ons deur Sy onweerstandelike genade na Hom toe te trek, veral ook omdat daar teenswoordig so baie invloede op ons inwerk wat daarop bereken is om ons van die diens van die Here weg te lok.

Dan sal die feesvreugde waarin ons nou deel, vir ons in die dae wat kom 'n blywende aansporing en besieling wees om te werk solank dit dag is — tot eer van Hom aan wie toekom die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid !

Daniël F. Erasmus, Snr.

Ventersdorp.
Mei 1958.

JOHAN HENDRIK BAKEMEYER DE BEER



Meegande portret is van Johan Hendrik Bakemeyer de Beer. Gebore 22 Junie 1822. Oorlede 6 Febr. 1897. En sy eggenote Martha Petronella Roets.

Hulle het geen kinders gehad nie. Die seuntjie, Willem Botha, by hulle op die portret, was 'n aangenome kind.

Die gemeente van Trichardtsfontein het hom op sy agternaam genoem (Bakemeyer) de Beer. In die sewentiger jare was hy die eienaar van die plaas Bakenlaagte. Bakenlaagte is afgelei van sy agternaam Bakemeyer.

Op hierdie plaas Bakenlaagte vind toe een van die grootste en bloedigste veldslae plaas in 1901. Die kragmeting was tussen die Boeremagte van wyle Kommandant-Generaal Louis Botha, die opperbevelhebber van die boeremagte, en die Engelse troepe onder aanvoering van die Engelse Generaal Benson, wat in daardie veldslag gesneuwel het. Die Engelse troepe het 'n verpletterende neerlaag gely.

In die tagtiger jare verhuis Bakemeyer de Beer na die plaas Tweedraai, digby Trichardtdorp, waar hy ook begrawe is. Hy en sy eggenote was getroue kerkgangers. Hulle kerk was die Hervormde Kerk, hulle hele lewe.

Mildelik het hulle bygedra vir hulle kerk, veral in die jaar 1883 vir boufonds, vir Trichardtsfontein se eerste ou kerkgebou, wat toe in aanbou was.

Met die kerkvereniging van 1885 wou hulle nie saam gaan nie. Gelukkig het hulle die teruggawe van ons kerkgebou in 1893 nog belewe. Nadat die kerk vir 7 jaar vervreemd was, hou ds. M. J. Goddefroy weer die eerste nagmaalsdiens in 1893. Min het hulle geweet dat die Engelse oorlog van 1899 nader kruip om ons kerkgebou in 1901 in puin te lê.

Trichardtsfontein-gemeente mag hulle nie vergeet nie.

L. A. J. J. VAN NIEUWENHUIZEN.

Trichardt.

Wie sy land bewerk, het volop brood; maar hy wat nietighede najaag, het gebrek aan verstand. — Spr. 12: 11.

Die wat die teregwysing haat, is dom. — Spr. 12.

'n Man wat 'n weldaad bewys, doen goed aan sy eie siel. — Spr. 11 : 17.



"Christus is alles"

Charles H. du Toit

DS. C. W. DU TOIT

Charl Wynand du Toit is op 21 Februarie 1842 in die omgewing van die Paarl gebore. Aan die Teologiese Kweekskool op Stellenbosch het hy sy opleiding as predikant ontvang, waar hy dan ook op 27-jarige leeftyd in 1869, saam met 8 ander studente, gelegitimeer is. Een van sy studiegenote was ds. J. C. de Vries wat van 1876—1884 predikant van die Hervormde Gemeente van Zeerust was. Die eerste gemeente wat ds. Du Toit bedien het, was die Vrye Gemeente van Hanover, van 1870 tot 1874. Soos die naam aandui, het hierdie gemeente nie in verband met die Kaapse Sinode gestaan nie. In 1874 vertrek hy na Pearston, waar hy maar kort gebly het, om in 1875 hom aan die Afgeskeie Gemeente van Kruisvallei te verbind. Hier het hy gestaan tot 1883.

Dit is opmerkilk dat hy in die 13 jaar wat hy predikant in die Kaap Provinsie was, gemeentes bedien het wat nie onder die Kaapse Sinode gestaan het nie.

Self sê hy hiervan: „De gemeenten die ik 13 jaren gediend heb, stonden buiten de Kaapse Synode, waardoor ik zelf ook niet tot dat kerkverband behoorde."

In 1883 word hy opvolger van ds. D. van der Hoff, predikant van die Ned. Hervormde Gemeente van Potchefstroom. Dit was woelige en moeilike tye op kerklike gebied. Die Kommissies van die Ned. Hervormde en die Ned. Gereformeerde Kerke het reeds op 31 Oktober 1882 saamgekom om oor die kerkvereniging te beraadslaag. Die proses van Kerkvereniging was dus reeds aan die gang toe ds. Du Toit in Mei 1884 vir die eerste maal 'n sitting van die Algemene Kerkvergadering bygewoon het. Op dié vergadering was daar skerp verskil van opinie oor die kwessie van legitimasie. Daar was 'n voorstel dat alleen predikante wat in die Kaap gelegitimeer was, in die Verenigde Kerk toegelaat kon word. Of ds. Du Toit toe al die gevaar wat dreig, as hierdie voorstel aangeneem word, gesien het, weet ek nie, maar hy waarsku om tog versigtig te werk te gaan.

Op hierdie vergadering het hy die volgende beskrywingspunt ingedien:

„De vergadering neme in overweging wat er gedaan kan worden in de groote behoefte aan leeraars in onze Kerk." Hy het op die groot gebrek aan predikante in die Hervormde Kerk gewys en met nadruk en klem daarop aangedring dat seuns van die Kerk aangemoedig moet word om vir predikant te studeer.

Aanvanklik het hy met die Kerkvereniging saamgegaan, maar in die Algemene Kerkvergadering van 1889 wat in buitengewone sitting saamgekom het om die resultaat van die stemming oor die naam van die Kerk te bespreek, teken hy protes aan teen die naamvasstelling en staan dan heeltemal aan die kant van die protesterende party.

In Oktober 1890 onttrek hy hom met die grootste gedeelte van sy gemeente uit die Kerkvereniging en sluit hy by die Prokurasie-Kommissie aan.

Hieroor sê hy: „Toen de naam der Kerk vastgesteld werd, heb ik reeds verwacht dat er weer een groote Hervormde Kerk zal worden hersteld, en daarom heb ik geprotesteerd opdat ik met meer gemak aan de vereniging vaarwel kan zeggen. Door de Hervormden ben ik in dit land beroepen . . . met de Hervormden ging ik in de vereniging en met hen ga ik er uit."

Op die Algemene Kervergadering van die Ned. Herv. of Geref. Kerk in 1890 was daar 'n plan om ds. Du Toit te straf, maar daar het niks van gekom nie.

In Januarie 1891 word hy die konsulent van die Ned. Hervormde Gemeente van Pretoria onder die Prokurasie-Kommissie. In 1894 het hierdie gemeentes onder die Prokurasie-Kommissie weer by die Hervormde Kerk aangesluit.

Hieruit kan ons sien watter belangrike rol ds. Du Toit in daardie jare in die Hervormde Kerk vervul het. Maar ook in sy gemeente van Potchefstroom het hy gedurende 'n dienstermyn van 35 jaar sy invloed terdeë laat geld. Daar is seker min predikante wat só die agting en die liefde van hulle gemeentes weggedra het as ds. Du Toit. Hy het 'n swak gestel gehad en die vermoede was dan ook dat hy nooit oud sou word nie. Mev. Du Toit daarenteen was sterk en gesond en het hom altyd met die grootste liefde versorg en feitlik vertroetel. Maar die sterkere is reeds in 1918 oorlede, terwyl die swakkere eers 14 jaar later op 12 Februarie 1932 heengegaan is.

Twee maal was hy Voorsitter van die Algemene Kerkvergadering — elke keer vir 4 jaar, en albei kere in die mees sorgvolle tye vir Kerk en volk, nl. in die na-oorlogse jare 1903—1907 en toe weer van 1912—1916. Hierdie laaste tydperk was die tyd van politieke woelinge in die land. Die politiek het tot in die Kerke deurgedring en verdeeldheid en skeuringe teweeggebring.

Op Potchefstroom het dit sover gegaan dat die Susterkerk daar in twee gedeel is, met die aanhangers van die een politieke party as lidmate van die een gemeente en die aanhangers van die ander party as lidmate van die ander gemeente. Alhoewel die politieke gevoelens ook hoog in die Hervormde gemeente geloop het, het daar geen moeilikheid gekom nie, omdat die gemeentelede te lief vir ds. Du Toit was en hy ook daartoe geen aanleiding gegee het nie.

Ds. Du Toit was innig vroom, 'n groot liefhebber van die natuur, veral van blomme. In 'n preek oor Matt. 6 : 28 „Aanmerkt de leliën des velds" het hy vertel hoeveel soorte lelies en rose, en ek weet nie van hoeveel soorte blomme meer nie, daar is.

Sy preke was kort, maar altyd interessant. By besondere gebeurtenisse en geleenthede kon hy die paslikste teks kies, waardeur die gehoor dadelik geboei is. Toe die eerste toringklok in die stadsaal, reg teenoor die Hervormde Kerk in Potchefstroom, aangebring is en op dié Sondag sy eerste klanke sou laat hoor, was sy tekskeuse 2 Kon. 20 : 11 „Die zonnewyzer van Achaz."

Toe hy eenmaal van vakansie aan die kus teruggekeer het, was sy teks dié Sondag Openb. 12 : 18 „En ik stond op het zand der zee."

In die latere tyd het hy dikwels oor die hemel gepreek. Sy afskeidspreek op Sondagaand 15 Desember 1918 was na aanleiding van Openb. 8 : 1 „Er werd een stilzwygen in den hemel, omtrent van een half uur."

In sy omgang met mense was hy uiters beleef en vriendelik, en elkeen kon met vrymoedigheid 'n praatjie met hom aanknoop. Dan kon hy dikwels so lekker allerhande grappies vertel en self daar so smaaklik oor lag.

Ek was eenmaal saam met hom in die Potchefstroomse hospitaal, toe hy iemand daar sien met sy arm in 'n verband. Toe hy verneem dat die man sy arm gebreek het, maar dit goed aangroei, sê hy, tot verbasing van die man (en ek moet sê ook tot my verbasing): „Maar jy is gelukkig." En toe die man vra: „Maar hoe kan mnr. Du Toit so sê?" kom die laggende antwoord: „Jy kon mos net so goed altwee jou arms gebreek het." Toe daar naby ook 'n man staan met 'n klappie op die oog, spreek hy hom ook aan: „Jy is darem ook gelukkig." „Hoe so, mnr. Du Toit?" kom die vraag, en dan laggend die antwoord: „Met jou een oog sien jy dan twee oë van my, terwyl ek met twee oë net een oog van jou sien."

So het eenmaal 'n ouderling met wie hy op huisbesoek was, terwyl hulle op 'n slegte pad ry, aan hom gevra: „Mnr. Du Toit, u sê nou altyd dat ons gelukkig is, omdat sake erger kan wees, maar wat kan nou erger wees as 'n slegte pad?" En met 'n lekker laggie kom die antwoord: „Man, glad geen pad nie."

Toe die wyduitgestrekte gemeente van Potchefstroom by die 3,000 lidmate getel het, het 'n kollega eenmaal aan hom gevra hoe hy dit reg kry om so 'n groot gemeente te bearbei, was sy antwoord: „Ek *kry* dit nie reg nie."

Op 'n keer het hy besoek gaan aflê by 'n sekere huisgesin. Op die stoep aangekom, hoor hy 'n groot lawaai in die huis. Hy wag om te klop en hoor dan die moeder daarbinne sê: „Jou duiwelskind, ek sal jou leer hoe om jou te gedra," en dan doen die platriem die nodige werk. Ds. Du Toit het gewag totdat dit weer tot bedaring gekom het en klop toe aan. Toe die deur oopgaan en die begroeting kom: „Dag, mnr. Du Toit, kom in, mnr. Du Toit," was sy groet: „Dag, duiwel." „Hoe kan mnr. Du Toit so sê?" vra die vrou ontsteld. Maar laggend kom die vraag: „Wie se kind is dit?" „Dit is my kind,

mnr. Du Toit." „Nou ja, dan is ek mos reg, want ek het net gehoor dat jy sê: ‚Jou duiwelskind,' dan moet jy mos die duiwel wees." Deur hierdie grappie het die vrou seker 'n beter les geleer as deur 'n bestraffing.

Soos ds. Du Toit geleef het, so het hy ook gesterf — nederig en beskeie, sonder om eie eer te soek maar getrou in sy amp en met groot liefde vir sy Kerk en sy Meester.

Ons dank God vir die gawe wat Hy ons as Kerk, in ds. Du Toit geskenk het.

S.V.

Maar juis omdat dit sò is — omdat die huwelik heilig is en die vreugde van dié dag „in die Here" moet kan wees, en gelowiges in die kerk deur die gemeente aan die Here opgedra word — moet matigheid en eerbaarheid, goeie smaak en ingetoënheid die vreugdefees kenmerk, en moet gewaak word teen alle ligsinnigheid in die kerk en alle buitensporighede, beide wat die omvang van die bruidsgevolg en die kleding betref, sodat die aandag nie van die Goddelike na die menslike, en van die geestelike na die wêreldse dinge getrek word nie. Die Kerk as godshuis mag nie ontheilig word nie, maar die gewyde stemming daar moet aangevoel en behou word, onder alles wat daar gedoen, gesê en gesing word. Niemand mag vergeet dat in die kerk die huwelik „in die Naam van die Here" en tot Sy eer bevestig word nie.

Wat die hele feesviering betref, moet ons sorg dra daarvoor dat, soos die geval was waarvan Joh. 2 melding maak, van ons huwelik ook gesê kan word : „En Jesus was ook na die bruilof genooi".

Jac. J. Müller.

DIE LEESSTOF VAN DIE VROU

Vroue is gevoelsmense. Hulle is romanties en dikwels sentimenteel. 'n Mens wat lewe van soetigheid alleen, word vet en pap en willoos en sterf 'n vroeë dood. Daar is voedsel nodig om bene en spiere te bou en om die bloed te voed. 'n Vrou moet lees soos sy eet — oordeelkundig. 'n Gebalanseerde dieët bring gesondheid en lewenslus.

Hoe lees u u dagblad? Kyk u net vlugtig deur die blad om te sien watter sensasie nuus en skokkende onthullings daar die dag is? Die skinderstorie van vroeër het nou sy beslag gekry in ons leesstof. Dit is menslik om nuuskierig te wees en die vrou uit die aard van haar wese stel meer belang in wat met *mense* gebeur as met *dinge*. Skrywers en uitgewers ken die vrou se geaardheid en buit dit dikwels uit vir eie gewin. Daar is oorvloedige bewys hiervan vernaamlik in ons tydskrifwese.

Ek kry nou die dag die betekenisvolle paar sinne in 'n dagblad. Dit is gesê deur een van ons bekende skrywers.

„In Suid-Afrika is dit die *vrou* wat aan tydskrifte dikteer. Die vraag wat altyd gestel word is: Sal die vrou hiervan hou? En dit is veelseggend dat van al die aspekte van die Afrikaanse perswese, dit die *tydskrif* is wat meeste aan waarde prysgegee het."

Ek bedoel meer bepaald die Afrikaanse tydskrif want 'n Suid-Afrikaanse tydskrif in Engels bestaan moeilik in die land. Die kompetisie van die buiteland is te sterk. Die bekende „Outspan" en „Milady" het albei van die toneel verdwyn. Baie Afrikaanse vroue koop ook uitsluitlik buitelandse tydskrifte omdat hulle sê ons eie is te swak.

Waarom kan ons blaaie nie meer kleurfotos bevat en op ander maniere ook meer gunstig vergelyk met die goeie buitelandse tydskrifte nie? Omdat dit geld kos en omdat die sirkulasie te klein is. Ons is 'n beperkte aantal vroue wat lees en koop. Daarby kom nog die feit dat 'n blad se lewensbloed sy advertensies is. Die verhouding moet sowat 50% advertensies en 50% leesstof wees. Neem nou 'n goeie Amerikaanse blad soos die „Ladies' Home Journal." Oortuig uself van hoeveel

advertensies die blad nodig vind om te bestaan ten spyte van sy miljoene lesers.

Goeie sake-ondernemings sal nie meer adverteer as wat hulle kan help nie want dit kos baie geld. En as die adverteerder meen dat hy die Afrikanergemeenskap in elk geval bereik deur die Engelse leesstof wat hulle koop, sal hy nie die nodigheid insien van in Afrikaans te adverteer nie. As Afrikaners dan nog daarby nooit hulle taal praat in 'n winkel nie, is die adverteerder nog meer oortuig daarvan dat dit nie nodig is om in Afrikaanse tydskrifte en blaaie te adverteer nie, want daar is dan skynbaar net Engelssprekendes wat by hom koop! En so dien die Afrikaanse vrou haar eie 'n gevoelige slag toe.

Is die vrou dan van soveel belang? Naastenby 75% van die land se geld word deur vroue spandeer. U is die koper Nr. 1 — ook van tydskrifte.

Die swakker en meer onwenslike tydskrif sal gou verdwyn as hulle nie gekoop word nie, maar nou word die beter blad gedwing om met die sensasie-tydskrif tot 'n sekere mate mee te doen om ook aan die lewe te bly. 'n Mens kry vrouens in enige soort half-geklede toestand of in suggestiewe houdings in en buite op tydskrifte, waarin so iets 'n klompie jare gelede net ondenkbaar sou gewees het.

Watter soort *tydskrif* ondersteun U? Lees u bloot vir ontspanning of ook soms om u eie blik te verruim? Welke *boeke* lees u? So baie vroue sê hulle het nie tyd nie. Met al die tyd-besparende hulpmiddels van vandag, moet 'n vrou haar tyd so organiseer dat sy tyd *maak*. Sy behoef nie alles voor die voet te lees nie. Sy kan 'n kenner word. Die vrou moet haar hele lewe lank keur en kies — haar man, haar huis en meubels, haar klere, haar maaltye, haar ontspanning. So kan sy haar leesstof ook leer kies.

Is u bewus van 'n slapbandboek waarvan daar sowat 6,000,000 per jaar die land, meestal van Amerika, inkom, en wat te koop aangebied word in kafees en viswinkels?

Dít is die opinie van die „New York State Joint Legislative Committee to study the publication of comics": „The so-called pocket-size books which originally started out as cheap reprints of standard works, have largely degenerated into media for the dissemination of artful appeals to sensuality, immorality, filth, perversion, and degeneracy. The exaltation of passion above the principle and the identification of lust with love are so prevalent that the casual reader of such literature might conclude that is all marriage stands for — the same concerted action should be taken against moral filth as against material filth."

Daar is 12,000 verkoopspunte wat die 6,000,000 slapbandboeke tot groot voordeel vir die invoerders daarvan verkoop. Dit is ons jeugdiges en nie-blankes wat kan lees wat die leesstof koop en so met 'n verdraaide begrip van die lewe volwassenes word.

Selfs baie van die hardebandboeke het 'n minderwaardige inhoud van stroperige, sentimentele, onegte karakters wat die smaak en die lewenswaardes van die publiek vervals. Dis nie die stof self wat 'n roman ongewens maak nie, maar wel die wyse waarop daardie stof binne 'n bepaalde gemeenskap behandel word.

Die ongewenste ingevoerde slapbandboek het 'n leserspubliek ook onder die Afrikaanssprekendes geskep. Hulle was die voorlopers en wegbereiders. Binnelandse, ongewenste romans het op die voetspoor daarvan gevolg. Afrikaanse romans word ook as slapbandboeke uitgegee met omslag-illustrasies, grof en lelik, net soos die Amerikaanse.

In ander lande is daar ook smeerblaaie, maar daar is 'n keuse van koerante en die minderwaardige hoef nie in die huis rond te lê waar jong kinders dit kan lees nie. In ons koerante sou die sensasieberigte kort kon gesny word en op 'n minder prominente plek geplaas word. Sal iemand daardeur skade ly? Maar nou gebeur dit dat as een blad die berig so plaas, die ander een se sirkulasie daal en daarom is hy feitlik verplig om volgende keer dieselfde te doen.

Deur die buitengewoon groot opskrifte skep ons koerante ook 'n wanindruk in die buiteland as sou hier meer geroof en gemoor word as in enige ander wêreld-deel. Die lees van die verslae maak ons kinders vroeg ryp en rot en omdat hulle nog nie kan oordeel nie, neem hulle mettertyd die ruheid as normaal aan.

Hoe kan ons ons kinders beskerm?

Die ouers se voorbeeld is die magtigste opvoedingsmiddel ter wêreld.

Wat lees die ouers? Watter soort sake bespreek hulle daagliks, waarin stel hulle belang, watter atmosfeer is daar in die huis? Die atmosfeer vorm die grondslag van die kind se waardesin en lewensuitkyk. Dit het ook 'n sterker invloed op wat die kind *lees* as enige doelbewuste pogings wat die ouer in die rigting mag aanwend.

Die opgroeiende kind soek avontuur. Hy moet gehelp word om sy energie op nuttige en vormende tydverdrywe en stokperdjies aan te wend. Ledigheid is 'n broeines vir ongeregtigheid.

Die kind moet goed gewapen die lewe ingaan deur *kennis* en die *begrypende liefde* van sy ouers. Hy sal dan nie so maklik verslaaf raak aan sieklike, sentimentele, oordrewe seks- en moord-en-doodslagromans en verhale nie.

Geslagsopvoeding deur die ouer is noodsaaklik. 'n Groot deel van die ongewenste leesstof is oor geslagsake. Die kind moet die regte gesindheid aankweek. As die ouer nie openlik met sy kinders praat na aanleiding van wat daar daagliks in die blaaie en tydskrifte verskyn nie, sal die kind hoe langer hoe meer verdraaide begrippe kry, prikkeling kry en later soek in sy leesstof.

Dus:

1. Die ouer moet die voorbeelde stel deur *wat* hy lees en hoe dikwels.
2. Hy moet saam met die kind lees, ook sy skoolboeke. Hy moet hom aanmoedig om ander boeke van dieselfde skrywer te lees en dit self doen en bespreek.
3. Gee die kind sy eie boekrak en help hom dit aanvul, met sy verjaardag en met Kersfees.
4. Begin baie jonk en leer die kind 'n boek reg behandel en waardeer.
5. Maak kennis met die biblioteek.
6. Wat moet 'n ouer doen as 'n kind swak lektuur huis toe bring? Lees saam met hom en vra hom uit en help hom onderskei.

Die Ouer het ook Leiding nodig.

Hier is 'n taak vir u vereniging by al sy takke.

1. Kry iemand om u toe te spreek, met voorbeelde, oor ordentlike en minderwaardige boeke. Gebruik u onderwysers in letterkunde in u omgewing.
2. Hou 'n boekpraatjie voor Kersfees met die oog op Kersgeskenke.
3. Lees boekresensies.
4. Hou boekuitstallings en boekfeeste (groot uitstallings plus letterkundige bedrywighede) en bevorder dus positief die goeie boek.

Dit alles is nie net om die leiding wat u u kind kan gee nie. U kind is al miskien uit die huis. Dit is vir u eie verryking van gees en die verruiming van u blik *en* u kan 'n baie wonderlike ouma wees en self jonk van gees bly as u op hoogte is en op hoogte bly met wat daar is vir u kleinkinders om te lees!

D. E. DE LA BAT.

DIE ONDERSTEUNINGSRAAD

Op die Algemene Kerkvergadering van 1934 is „Die Kommissie vir Arme Blankes en diakonale Armversorging" in die lewe geroep. Oor die taak en werksaamhede van hierdie Kommissie wil ek nie nou skryf nie, maar net noem dat hieruit die Ondersteuningsraad voortgevloei het. Dus die geskiedenis van hierdie bekende orgaan van bystand in die Kerk dateer terug vir byna 'n kwart eeu.

Die arbeidsveld van die Ondersteuningsraad word in die Kerkwet omskryf en meer spesifiek word genoem dat dit „ten opsigte van welsynswerk en verwante aangeleenthede die skakel (moet) vorm tussen die Kerk en die Departement van Volkswelsyn". Later het die N.H.S.V.

ook ontstaan en nog later die Diakonale Raad, waarvan die taak omskryf word meer in ooreenstemming met die „Formulier vir die Bevestiging van Ouderlinge en Diakens." Die Diakonale Raad en die Diakonie in die gemeente kan dus bestempel word as 'n suiwer kerklike instelling, wat as sodanig nie geaffilieer *kan* word met 'n staatsdepartement nie, terwyl die Ondersteuningsraad 'n geregistreerde en deur die Staat erkende welsynsorganisasie is. Skaf hierdie Raad af en die Kerk sal óf voorsiening moet maak om 'n erkende en suiwer kerklike liggaam soos die gemeentelike Diakonie onder die jurisdiksie van die Staat te plaas óf heeltemal sonder oorleg met die Staat die diens van barmhartigheid te behartig; óf daartoe moet oorgaan om die Sustersvereniging as skakel te gebruik, of alle gevalle wat ook onder staatsorg moet kom, te oorhandig aan organisasies wat buitekerklik is. Dit is tog seker die aangewese weg om 'n welsynsorganisasie te hê wat in direkte kontak met die

DR. P. W. VENTER

groot organisasies van die Staat is en wat deur affliliasie selfs die moontlikheid bied om geraadpleeg te word deur die staatsorganisasie. Hierdie oorlegpleging is moontlik gemaak en vind plaas selfs op wedersydse basis deurdat die Kerk op welsynsgebied 'n mondstuk na buite het, naamlik die Ondersteuningsraad; waar die woord na buite gerig moet word, geskied dit egter altyd in oorleg met die Algemene Kommissie of die Moderamen.

Stellig sal daar ook stemme opgaan teen hierdie beleid om 'n skakel te hê tussen die georganiseerde welsynswerk in die Kerk en die Staat, maar die argumente wat aangevoer word, is nie so sterk dat die beleid daarom verwerp moet word nie.

Die Ondersteuningsraad het klein begin — net met een amptenaar. Onder die seën van die Here was daar uitbreiding en vandag word die werk al op intensiewe wyse gedoen aan feitlik die hele Rand en in Pretoria. Ook het daar al stemme opgegaan om die gebied wyer te maak en takkantore op te rig in Vereeniging, die Wes-Transvaal en Witbank. Dit is die ideaal om uit te brei en baie wyer te werk as net die genoemde gebied. Ongelukkig is die geldelike vermoë en die gereelde inkomste nog nie toereikend genoeg om die vleuels so wyd uit te slaan nie. Nogtans, as ons sien hoe die vordering was, koester ons goeie verwagtinge.

Die Kerk het 'n uitnemende saak begin toe die Weeshuis opgerig is. Daar egter vind die versorging van die hulpbehoewendes plaas tussen die vier mure van 'n kerklike inrigting en daar word goeie werk gelewer. Maar die inwoners van die Weeshuis bly nie altyd daar nie, hulle verlaat die inrigting en gaan die groot lewe in.

Die groot aantal gesinne wat nou onder toesig van die Ondersteuningsraad verkeer, sluit ook gewese inwoners van die Weeshuis in. Die bewering is nie dat almal wat die Weeshuis verlaat onder sorg van die Ondersteuningsraad kom nie, maar dit sal die ideale toestand wees as die Ondersteuningsraad berig ontvang van elkeen wat die Weeshuis verlaat ten einde die nasorg uit te oefen in al die gevalle soos wat dit nou in sommige gevalle gebeur. In hierdie sin is die Ondersteuningsraad dan die verlengstuk van die Weeshuis, die sorgende hand buite die vier mure van die kerklike inrigting, maar nog onder kerklike toesig.

Dit is vandag nie meer moontlik om alle gevalle onder die Diakonie in te skakel nie. As dit in die geval van elke Kerk en geloofsrigting moontlik was, sou die Staat 'n geringe taak gehad het en weinig koste daarby. Nou is dit anders en die toestand is van so 'n aard dat die Staat 'n hele groot Departement net vir hierdie deel van die volksdiens, dat elke Kerk baie gevalle hanteer en baie fondse bestee, en dat talle buitekerklike organisasies ook nog op hierdie terrein werksaam is. Daar is dus genoeg werk, enitlik meer werk as wat deeglik behartig kan word. Daar is dus vir die Ondersteuningsraad wel deeglik 'n reg van bestaan. Tegelyk is daar op die hele Kerk 'n verpligting om hierdie Raad se taak te vergemaklik deur veral die geldelike sorge weg te neem en te reageer op die oproepe om die hand net effens in die sak te steek in belang van die diens van barmhartigheid in ons Kerk.

Die omstandighede is vandag sodanig dat die diakens alleen nie alle gevalle van sorgbehoewendheid kan behartig nie; dat die predikante se taak so veelsydig en veeleisend geword het, dat hulle ook net kan belangstel en raad gee oor hierdie aangeleenthede. Hoewel daar vandag nie meer so baie gevalle van skreiende armoede is nie, is daar aan die ander kant weer 'n menigte gevalle waar die hulp van spesiaal opgeleide persone nodig is. Net soos wat ander amptenare in belang van die kerklike behoeftes teen besoldiging hulle diens moet lewer, so moet ook op die gebied van die welsynswerk gebruik gemaak word van spesiaal opgeleide persone. Hulle moet die moelike gevalle van sorgbehoewendheid behartig en waar verbetering van omstandighede intree, ook nog die nasorg waarneem. Dit is deel van die diens wat uitgevoer word deur die Ondersteuningsraad en deur die opgeleide personeel in diens van hierdie Raad, dus 'n taak wat verrig word deur spesiaal opgeleide persone van ons Kerk aan lidmate van ons Kerk. Moontlik slaag ons nie daarin om die volwassenes wat afgewyk het, weer reg te kry nie, maar ons Kerk moet in elk geval alles in die werk stel om te verseker dat die kinders nie saam die afgrond intuimel nie. Hierdie langdurige aandag aan besondere gesinne kan nie deur die diakens gegee word nie, en beslis nie deur predikante nie, al wil hulle ook hoe graag dit doen. Vir so 'n diens moet persone spesiaal afgesonder word.

Met reg kan ons dus die bewering maak, dat die Ondersteuningsraad goeie diens lewer, 'n wesenlike behoefte in die kerklike lewe vervul en uitgebrei kan word om 'n sieraad te wees in nie net ons kerklike lewe nie, maar op die hele terrein van die diens van barmhartigheid. Laat ons met dankbaarheid in ons hart daaraan dink wat ons Kerk reeds bereik en bewerkstellig het op die barmhartigheidsdiens, en dat die instrument van die Kerk hiertoe die Ondersteuingsraad was. Maar dan moet ons as lidmate ter wille van die verdere uitbouing van hierdie besondere roeping ook ons bydrae nie versuim nie.

P. W. VENTER
Voorsitter.

Klerksdorp,
Junie 1958.



NICOLAAS STEPHANUS WOLMARANS

(Regs op foto.)

Hy is gebore op die 8ste Maart 1874 in die distrik Standerton waar hy opgegroei en in 1894 getroud is. Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog is hy gevange geneem en na Indië gestuur terwyl sy vrou en twee kinders in die konsentrasiekamp gesterf het. Na die oorlog is hy weer getroud met Petronella Lombard uit welke huwelik vyf kinders gebore is, van wie drie nog lewe.

In 1920 het hy na die omgewing van Potgietersrust verhuis waar hy in 1921 met die inwyding van die kerk aldaar tot diaken verkies is. Later het hy ouderling geword en het die gemeente onafgebroke vir 25 jaar as kerkraadslid gedien. Hy is dikwels afgevaardig na Ringsvergaderings en selfs na die Algemene Kerkvergadering.

In Januarie 1956 het sy eggenote hom ontval en ses maande later het hyself heengegaan. Sy nagedagtenis as kerkman en Godsman word geëer.

D.W.

ONS WEERMAG

Die volkere van die wêreld het nog altyd deur die eeue heen hulle leërs gehad. 'n Leër is nodig om huis en haard, goed en bloed, in een woord alles wat vir die volk dierbaar en kosbaar is, te beskerm en te bewaar. Strome bloed het al gevloei, miljoene lewens opgeoffer vir hierdie doel. Elke volk is en behoort trots te wees op sy Weermag want 'n Weermag bestaan uit manne wat gewillig is om die hoogste offers te bring vir volk en vaderland, vir vryheid en reg, manne wat hulle lewe feil het om die lewe en eiendom van ander te beveilig. Die geskiedenisrolle van alle volke beskryf veral die heldedade van hulle dapperes. As hulle van die slagveld terugkom, word hulle met gesang en musiek, met trommel en fluit, met wapperende vlae en juigende menigtes begroet en welkom toegeroep. 'n Reis deur die verskillende lande van die wêreld toon dat die meeste standbeelde vir oorlogshelde opgerig is en dat die meeste monumente oorlogsfeite en dapper heldedade in graniet probeer verewig. Die volk moet met dankbare harte voortdurend daaraan herinner word, die nageslag moet dit sien en gedenk.

Hoewel oorlog wreed en hard en ongevoelig is, kry dit selfs 'n plek in die Bybel. Baie bladsye word gewy aan oorloë wat gevoer is, aan die helde wat die oorlogswapen hanteer en die roemryke dade verrig het. Die Bybel praat selfs van die oorloë van die Here. Daar is natuurlik baie oorloë wat gevoer is met selfsugtige doeleindes om die eie volk te bevoordeel ten koste van 'n ander volk, om die landpale van 'n ander volk te verruk, die grense te wysig, die land te annekseer of op een of ander wyse die ander volk skatpligtig te maak aan die eie volk. Menige oorlog is verklaar en gevoer onder die skoonste leuse, maar as die motiewe sorgvuldig nagegaan word, is hulle selfsugtig en moet hulle ten sterkste afgekeur en veroordeel word. Hulle is niks anders nie as rooftogte wat dood en verderf versprei het, ellende en armoede veroorsaak het. 'n Oorlog kan egter

ook deur God gebruik word as 'n tugmiddel om 'n volk op sy knieë te bring, in stof en as te verootmoedig en tot Hom terug te lei.

Daar was nog altyd oorloë gewees en daar sal seker altyd oorloë wees. Die metode van oorlogvoering verander steeds, nuwe wapens word gesmee en ontwerp, maar die mens verander nie. Die selfsug en hebsug sal bly, ook die wreedheid en bloeddorstigheid. Dit sal bly omdat die mens 'n bose, sondige hart in hom omdra, omdat die vors van die duisternis nog nie gebind is nie. En omdat oorlog altyd verwag kan word, moet 'n volk 'n leër hê, ook ons volk; en omdat niemand met sekerheid weet wanneer 'n oorlog kan begin nie, daarom moet 'n leër altyd paraat wees, reg vir die stryd.

Dit klink wel vreemd maar dit is tog waar, naamlik dat 'n volk hom moet wapen vir vrede. Daarom word daar soveel miljoene ponde elke jaar aan wapens bestee en maak dit so 'n groot deel van die begroting uit.

Om vir oorlog voorbereid te wees is dit nie genoeg om goed bewapen te wees nie. Dit is van uiters groot belang dat die manskappe en die offisiere goed opgelei sal wees, dat hulle sal weet hoe om oorlog te voer en die wapens te hanteer. Verder is veral nodig dat 'n soldaat gedissiplineerd sal wees. As hy 'n bevel ontvang dan moet hy weet dat dit teen elke prys uitgevoer moet word. Gebrek aan dissipline was al die oorsaak van menige nederlaag. Daarvan kan ook die geskiedenis van Suid-Afrika getuig. Daarom word ook in ons leër so besonder veel aandag daaraan bestee om die jongman wat by die leër aansluit, dissipline te leer. Hy moet sy meerdere gehoorsaam.

Die moderne wyse van oorlogvoering verg veel meer voorbereiding, opleiding en toerusting as eeue gelede. Daar word nie meer net op land en see geveg nie, maar ook in die lug. Die wetenskap stel die mens in staat nie slegs om mekaar op groot afstande te beveg en te vernietig nie, maar ook om dit te doen hoewel hulle mekaar met die blote oog nie kan sien nie.

Die opleiding van ons jongmanne wat by die leër aansluit is goed en deeglik. Dit geld van beide die land-, lug- en seemag. Omdat die wyse van oorlog voer

teenswoordig so ingewikkeld, veelsydig en wetenskaplik is, daarom is die opleiding so verskillend en gespesifiseerd en is dit van groot belang dat die soldaat ontwikkeld is. Verreweg die meeste rekrute het hulle matriekeksamen afgelê en baie van die jong offisiere het grade aan ons Universiteite behaal.

Dit is verblydend dat die drie gimnasia van die leër so populêr word dat elke jaar baie jongmanne wat aansoek doen, helaas, afgewys moet word. Nie net die ouers nie, maar veral ook die handel besef terdeë dat 'n jongman wat 'n jaar lank in 'n gimnasium was, gedissiplineerd is en gevolglik meer staat op gemaak kan word en vir die lewe beter toegerus is en veel groter verantwoordelikheid kan dra as die wat daar nie was nie.

Die algemene publiek verkeer gewoonlik onder die indruk dat weermanne „rof" is, dat hulle hul maklik en dikwels te buite gaan. Dit mag miskien in tyd van oorlog waar wees, omstandighede en die oorlogspsigose mag dit meebring, in vredestyd is dit egter nie waar nie. Juis omdat hulle gedissiplineerde mense is, wat onder strenge beheer staan, begaan hulle nie gou en maklik 'n oortreding nie. Statistieke sal seer seker toon dat wat allerlei soorte van oortredings betref, die weermanne gunstig vergelyk met die res van die bevolking.

Wat die kerk en die godsdiens betref, het die gemeente van ons kerk op Voortrekkerhoogte 'n groot agterstand om in te haal as gevolg van die feit dat hulle geestelik in die verlede nie goed versorg kon word nie. Hiervoor is veral verantwoordelik die lang afstand na die kerkgebou van die gemeentes waaronder hulle geressorteer het. In die begin was dit die gemeente Pretoria en later Pretoria-Wes. 'n Tweede rede is die groot tekort aan arbeidskragte. Net een predikant moes aanvanklik die hele oppervlakte bearbei wat tans deur 17 predikante (as al die standplase beset is) bearbei word. In die dertiger jare het die Hoogeerwaarde Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vertoë tot die Verdedigingsowerheid gerig dat 'n veldprediker aangestel word, egter sonder die gewensde gevolg. Skrywer hiervan was een van die afgevaardigdes. Die ander lede was wyle ds. L. E. Brandt, destyds voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, en verder

die drie oud-Volksraadslede, naamlik kolonel Jakob Wilkens en die here Harm Oost en Gideon Brits. Na die uitbreek van die 2de Wêreldoorlog is gereël dat 'n diens vir die lede van die Hervormde Kerk elke derde Sondag van die maand gehou is in die kerkgebou wat kort voor die uitbreek van die oorlog deur die Staat op Voortrekkerhoogte gebou is vir die gebruik van al die onderskeie kerke, Afrikaanse en Engelse.

Teen die einde van 1954 het die huidige Minister van Verdediging, sy Edele Adv. F. C. Erasmus, goedgunstiglik toegestem om 'n Veldprediker vanweë die Ned. Hervormde Kerk aan te stel om die lede van ons Kerk te bearbei. 'n Militêre gemeente is in Oktober 1954 gestig, deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering is ondergetekende beroep en daarna is hy deur sy Edele die Minister aangestel as Hoofveldprediker met die rang van Kommandant.

Die arbeidsveld wat feitlik heeltemal braak gelê het, was groot en veelomvattend. Alles moes van die grond af opgebou word. 'n Baie groot hindernis wat die vooruitgang van die gemeente betref, is dat die gemeente nie oor 'n eie kerkgebou beskik nie. Van die Hoofveldprediker word verwag dat hy al die Militêre kampe in die land, ten minste eenkeer per jaar moet besoek. Deur die afwesigheid van 'n eie leraar ter plaatse het die Kerk groot skade gely. Baie van sy lede het by ander kerke aangesluit. Sedert November 1954 het deur die gereelde bearbeiding en deur die feit dat daar iemand is wat voltyds aandag aan die belange van die kerk en sy lede kan gee, verandering gekom. In die afgelope paar jaar is deur die optrede van die Hoofveldprediker die volgende deeltydse veldpredikers benoem:

Kommandement Wes-Transvaal: ds. P. J. L. Bierman; Kommandement Sentraal (Bloemfontein): ds. Kramer; Kommandement Kaapse Skiereiland: ds. Brandt; en te Dunnottar: ds. C. J. S. van Niekerk.

Dit sal nie te lank duur voordat 'n tweede Veldprediker benoem moet word nie.

Die jongste geloofsopgawe, wat net saamgestel is, toon hoe vinnig die ledetal toegeneem het. Hieronder volg die lys. By die getalle is ingesluit dié van die vroue en kinders.

Kommandement	*Inwonend*	*Uitwonend*	*Totaal*
Kaap	72	6	78
Oost. Provinsie en Grens	28	5	33
Natal	0	11	11
Sentraal (Bloemfontein)	47	6	53
Wes Tvl. (Potchefstroom)	43	84	127
Noord Tvl. (Voortrekkerhoogte)	420	430	850
W.W. Rand (J'burg)	52	19	71
Nrd. West. Kaap	1	0	1
S.W.A.	0	0	0
Oukwa (Oudtshoorn)	12	0	12
Simonstad	29	42	71
Saldanha en Langebaan	42	11	53
Robbeneiland	30	0	30
Groot totaal	776	614	1,390

T. F. J. DREYER.

Vindhellaweg 47,
Valhalla,
Pretoria.

WAAROM BARMHARTIGHEID BEWYS?

As mens jou gedagtes laat gaan oor die sewe kruiswoorde wat op Golgotha deur onse Heiland Christus uitgespreek is, dan tref dit dat net een daarvan 'n opdrag inhou, naamlik die tweede „Vrou, daar is u seun . . . daar is jou moeder" (Joh. 19 : 26, 27). Wat egter nog meer tref, is dat die opdrag net handel oor een spesifieke taak, wat onder die diens van die barmhartigheid ingedeel kan word. Die ander opdragte in verband met die taak en roeping van die latere apostels word nie op Golgotha gegee nie, — byvoorbeeld die uitsending om die hele wêreld in te gaan en die evangelie te verkondig en dissipels te maak, dit geskied by 'n ander geleentheid. Dus, waar Christus op die punt staan om die doodsvallei te betree, word nie veel deur Hom gepraat nie en net een opdrag word daar gegee.

Is dit omdat Hy miskien van te vore nie die geleentheid gehad het om te reël dat Sy moeder versorg sou word nie? Daar was seker tog geleenthede om dit te doen, want Hy het vroeër al melding gemaak van Sy aanstaande lyde en dood. Die kruisiging op Golgotha was dus nie vir Hom 'n onverwagte saak waarop Hy nie voorbereid was nie. Maar nou aan die kruis spreek Hy. Hy lê nie net 'n band tussen Sy moeder en Johannes nie, Hy toon aan sy moeder dat sy nie behoef te swerf of gebrek te ly nie, want in die huis van Johannes sal vir haar gesorg word. Hy toon aan Johannes, die apostel van die liefde, dat hy nog 'n taak het benewens die verkondiging van die Woord, naamlik die sorg van Maria. Hy laat die reëling van hierdie saak oorstaan tot feitlik op die end, tot naby Sy dood. Die laaste reëling wat Hy dus tref, is 'n opdrag en het te doen met die diens van die barmhartigheid.

Mens beluister hierin ook die byna laaste woorde van menige sterwende wat 'n opdrag gee aan die naasbestaandes ten opsigte van sorgbehoewende agterblywendes. En hoe word dergelike opdragte nie onthou nie! Nog jare na die sterfte word met weemoed melding daarvan gemaak dat die oorledene een of ander taak verlang het of 'n toesig oor iemand aan die spreker toevertrou het.

Kort voor die dood van Jesus Christus, onse Heiland, is dan 'n verband gelê tussen Golgotha en die diens van die barmhartigheid. Ons nader Golgotha met eerbiedige skroom, want dáár is vir ons die skuld betaal. In die

gees staan ons op Golgotha en aanskou met dankbaarheid wat die Seun van God vir ons gedoen en gely het om die weg na die lewe vir ons te ontsluit. Ons buig in stille eerbied, ons aanbid en ons bely voor God dat ons in sonde en ellende verkeer maar ons dank Hom vir die heilsweg in Christus Jesus. Ons voel gelukkig en gaan voort op ons weg om God lief te hê, te dien en gehoorsaam te wees. Ons soek na die lewende geloof wat van krag tot krag voortgaan. Ons sing en bid en beywer ons. Ons betree baie terreine en getuig van die liefde van God in Christus Jesus.

Is ons egter ook so gewillig om 'n Maria by ons in die huis te neem ? Elke jaar betree ons in die gees 'n weg wat na Golgotha gelei het en luister ons na die prediking oor die lyde en dood van Christus elke jaar verneem ons ook dan van die verband tussen Golgotha en die werke van die barmhartigheid, en elke jaar gaan ons voort met ons godsdiens waarin so min van die opdrag aan Johannes gevind word. Dus op Golgotha word tot ons gespreek, maar hierdie tweede kruiswoord hoor ons nie of ons verstaan dit nie. Altans die toepassing op ons persoonlik word nie raakgesien nie.

Godsdiens sonder barmhartigheid dus, of net so min as moontlik daarvan. Dit gaan maar swaar as mens jou hand in die sak steek om iets groots uit te haal vir die sorgbehoewendes. Soms gaan dit nog swaarder om jou hand in die sak te steek of te antwoord as jou diens vereis word. Ons deins terug vir die werk wat daartoe in die gemeentes nodig is, en wat bydraes betref, dit word ook maar versuim. Golgotha sonder die tweede kruiswoord dus.

Daar is baie nood in ons land en onder lidmate van ons Kerk. Almeer word die taak vir ons duidelik. In die meeste gemeentes is die organe van bystand soos georganiseer in die Sustersvereniging en Diakonie besig om sorg en hulp vir die noodgevalle bymekaar te sukkel en af te smeek by die groot getalle wat wel belydenis van die geloof afgelê het; wat 'n verskriklike paradoks, in die gemeenskap van die gelowiges van die Kerk.

As ons nou so deur ou eksemplare van „Die Hervormer" en van „Die Christelike Vrou" blaai en ons lees die oproepe om steun te gee aan ons Kerk se inrigtings vir kinders en oues van dae of aan ons Kerk se organisasies wat die diens van die barmhartigheid behartig, laat ons tog ook aan onsself rekenskap gee van hoe ons

in die verlede reageer het, en 'n ernstige voorneme maak om van nou af met die regte gesindheid vervul te wees. Laat ons ten opsigte van hierdie groot saak ook ons offer met bereidwilligheid bring en toon dat ons die gebooie van God verstaan en onderhou, asook dat ons die wet van Christus ten opsigte van die naasteliefde net so goed verstaan en uitleef. Laat ons ons offer bring, nie net ons woorde nie. Laat ons dit so sien dat gehoorsaamheid aan God nie net 'n saak van lewenshouding en uitleef van wette is nie, maar dat dit ook die verskaffing van ons stoflike gawes is

Laat ons verder glo dat die werk wat gedoen word deur bevoorbeeld die Weeshuis, die Sustersvereniging en die Ondersteuningsraad, goeie werk is. Ons Kerk sal tog nie dergelike organisasies se bestaan sanksioneer as hulle met 'n swak saak aan die gang is nie. Dat hulle onder toesig van die Kerk werk, is tog genoeg waarborg dat hulle reg is en derhalwe ook aanspraak kan maak op die steun van al die lidmate in ons hele Kerk. Of sal ons Kerk 'n organisasie gedoog wat geen reg van bestaan by ons het nie? Maar ook, hulle is besig met die diens van barmhartigheid en dit is die volgende groot rede waarom hulle oproepe om bystand beantwoord moet word deur elke lidmaat, deur elkeen wat in die geloof die opdrag van Jesuus Christus verstaan, soos gegee in die tweede kruiswoord. Dit was nie net aan Johannes nie, dit is ook nog altyd aan ons ten opsigte van elke persoon wat in nood verkeer.

P. W. VENTER.

Klerksdorp, Junie 1958.

DIE VROUE VAN ONS KERK

MEV. A. M. VENTER

Ons kan baie skryf oor die vroue van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Dit is 'n onderwerp wat vanuit verskillende oogpunte benader kan word. Opregte huldiging kan gebring word aan afgestorwe susters in elke gemeente — aan hulle wat die hoogste posisies met waardigheid beklee het en aan hulle wat maar net in stilte getrag het om 'n seën te wees vir huis en kerk en volk.

In alle opregtheid kan ons ook ruikers van waardering bring aan vele susters wat ons nog in ons midde het. Ons kan hulle huldig vir die besielende wyse waarop hul daagliks die Christelike beginsels najaag en uitleef, vir hul onvermoeide ywer in die diens van barmhartigheid, vir hul hoë mate van bekwaamheid en vir hul opregte vriendskap. Hierdie voortreflike vroue vind ons onder die leidsters in die samelewing en ook onder die stille werkers wat maar net in 'n klein kringetjie bekend is.

Ons sou ook 'n vergelykende studie kon maak ten opsigte van die vroue van ander kerke. Die vergelyking sou m.i. 'n gunstige een wees.

Verder sou dit interessant wees om na te gaan hoeveel volksdiens ons kerk se vroue doen en hoe sterk hulle invloed in buitekerklike verenigings is en hoe diep hul spore in die politieke lewe getrap word.

Maar ek wil by geeneen van hierdie aspekte stilstaan nie. Ek wil vir u vra: Waar *is* die vroue van ons kerk?

Volgens die Almanak van 1958 het die Hervormde Kerk 78,156 lidmate. Ons kan met veiligheid aanneem dat minstens die helfte hiervan vrouens is, d.w.s. 39,078. Hierdie vroue is verdeel in 192 gemeentes. Ons sou dan kon reken op 'n paar meer as 200 vrouens gemiddeld per gemeente. U sal begryp dat in die grotere gemeentes daar minstens 500 vroue-lidmate moet wees en in die kleinere gemeentes weer minder as 200.

Uit die rapport van die Sekretaresse en Tesouriere van die N.H.S.V.-Hoofbestuur, wat aan die laaste kongres op Vereeniging voorgelê is, blyk dit dat die ledetal van die enigste vroueorganisasie van ons kerk tans op amper 5,000 staan. Gemiddeld 26 vroue behoort dus in elke gemeente aan die N.H.S.V. Daar is egter nie in elkeen van die 192 gemeentes 'n tak van die Sustersvereniging nie.

En nou vra ek weer vir u: Waar is die vroue van ons kerk? Waarom kom dit in die praktyk daarop neer dat net 'n klein groepie vroue in elke gemeente aan die organisasie behoort wat deur die hoogeerwaarde Algemene Kerkvergadering goedgekeur is en aan wie verantwoording gedoen moet word. Die hoogste liggaam in ons kerk sal tog seker nie 'n organisasie duld wat die kerk tot nadeel of oneer strek nie.

In elke gemeente staan ons verbaas oor die ywer en werkkrag wat die klein groepie vroue van die sustersvereniging aan die dag lê. Dit het al amper tradisie geword dat die susters die orrel betaal en die matte, die nagmaalsbenodigdhede, ens., ens., aan die gemeente skenk. Daar is gelukkig susters buite die organisasie wat ook bydra, maar die harde werk word deur 'n klein groepie

gedoen. Hulle bak ure aanmekaar — meestal saans en ook snags. Die volgende dag moet dieselfde dames dan weer hulle ware van die hand sit by verkopings of by troues en ander funksies. Baie susters het al deur hierdie gedwonge onverstandige optrede hul gesondheid benadeel. En wie dwing hulle? sal u vra. U dwing hulle. U, liewe suster, wat u gawes en talente onnodig terughou of net in eie belang gebruik.

Die predikantsvrou staan gewoonlik aan die hoof van hierdie ywerige kompie susters. Sy is dikwels nog jonk en moet dan in sulke druk tye haar klein kindertjies maar aan die sorg en genade van 'n bediende oorlaat. Dieselfde geld vir ander jong moeders wat uitspring omdat daar gewerk moet word en dames onder veel makliker omstandighede nie hul weg oopsien om te help nie.

Daar word baie gegronde redes aangevoer waarom 'n suster nie aktief kan deelneem aan die kerklike lewe nie. Jong kinders, bediendeloosheid, swak gesondheid en finansiële nood val onder die vernaamste hindernisse. Tog tref dit 'n mens soms dat hierdie besware 'n suster weerhou van kerklike pligte, maar nie van die sosiale of politieke lewe of van die sportvelde nie.

'n Groot groep vroue staan belangeloos teenoor die kerk in die algemeen. Hulle besoek die kerk alleen met spesiale geleenthede. Hulle is uiters traag en dikwels heeltemal onwillig om iets by te dra en is nooit te vinde vir enige aktiewe diens in die kerk nie. Ek sou graag wou hoor hoe iemand uit hierdie groep sal antwoord op die volgende skriftuurplekke: Jak. 3 vers 17: „Net so is ook die geloof as dit geen werke het nie, in sigself dood," en Jak. 3 vers 26: „Want soos die liggaam sonder gees dood is so is ook die geloof sonder die werke dood."

Hoe kan ons nou die ongewenste toestand verander? Hoe kan ons verhoed dat 'n klein groepie vrouens te veel verantwoordelikheid dra? Ons kan dit doen deur al die vroue in ons kerk in een organisasie te betrek — óf as aktiewe lede óf as donateurlede. Hierin kan ons alleen deur elke suster se eie eergevoel gelei word. Sy mag alleen donateurlid wees as sy werklik gegronde redes het om nie aktiewe lid te wees nie.

Hierdie stelsel waaronder elke suster dan haar deel sal bydra in een of ander vorm, sal die algemene fonds

van die susters so opbou dat die klein groepie wat hulle nou moet ooreis, net hul normale deel sal hoef te doen.

Graag wil ek toegee dat daar baie aktiewe vrouelidmate buite die N.H.S.V. staan. Hulle is susters wat op elke kerklike terrein hul plekke volstaan. Hulle behoort nie aan die N.H.S.V. nie om twee hoofredes. Vir sommige is dit prakties onmoontlik en ander het besware teen die N.H.S.V. Die besware is nie ongegrond nie — dit wil ek in baie gevalle toegee. Maar deur buite 'n vereniging te bly, kan ons niks binne die vereniging verander nie. Nee liewe suster, sluit aan en as u reg te werk gaan, sal u help om dinge uit te skakel wat nie alleen vir u hinder nie. En as ons nou nie alles na ons sin kan kry nie, moet ons nou nie die kind saam met die badwater uitgooi nie — Daar is soveel goeds en onbesproke in ons N.H.S.V., dat ons wat kritiek regverdig, maar langsaam kan beveg.

In hierdie artikeltjie het ek my alleen besig gehou met die praktiese insameling van fondse deur die susters in die gemeente. Die breër arbeidsveld van die vrou in die kerklike samelewing sal in 'n aparte artikel behandel moet word.

A. M. VENTER.

Pastorie, Klerksdorp, 1958.

DIE OUDERDOM

Ps. 92 : 15: *In die gryse ouderdom sal hulle nog vrugte dra, hulle sal vet en groen wees.*

Lukas 2 : 37: . . . *en sy (Anna die profetes) was 'n weduwee van omtrent vier-en-tagtig jaar. ...Sy het nie weggebly van die tempel nie, en met vaste en gebede God gedien, nag en dag.*

Die ouderdom kom met gebreke, of liewer: in ons ouderdom word ons gebreke meer beklemtoon as toe ons jonger was. Die gebreke is in die ouderdom nie méér as in ons jeug nie. Al die ouderdomsgebreke was van kindsbeen af by ons. Die moontlikhede dat ons gebreke sal hê in ons ouderdom is inherent in die lewe van elke mens. Hierdie moontlikhede is in die jeug nie merkbaar nie, maar in die ouderdom word hulle werklikhede en versuur die lewensaand. Doofheid of hardhorendheid, slegte oë of blindheid het bv. nie sommer op 'n goeie dag baie grysaards onverhoeds oorval nie; nee, gaandeweg het hierdie gebreke ontwikkel totdat dit in die ouderdom lastige gebreke geword het. So is dit ook met aarverkalking — dwarsdeur die lewe verstewig hierdie siekte gaandeweg sy houvas op die liggaam om in die ouderdom die liggaam te pynig en selfs die gees aan te tas.

Hierdie gebreke, afgesien van baie ander dinge, veroorsaak dat baie ou mense hulle terugtrek uit die kerk en samelewing om eenkant te gaan sit en te vereensaam. Die gevoel ontwikkel dat die lewe hulle nie meer nodig het nie. So ontstaan daar dan in die lewensaand van die meeste ou mense 'n gevoel van ontsettende leegheid en nutteloosheid; van in-die-pad-wees van ander mense. Dit veroorsaak weer hardkoppigheid en hierdie eienskap van die ouderdom is die fondament waarop 'n versuurde, verbitterde, moeilike lewe in die grysheid rus en ontwikkel. Gelukkig is daar loflike uitsonderinge.

Nee, so behoort dit nie te wees nie! Die ouderdom behoort die jare van rype wysheid te wees — jare waarin 'n mens nie net terugkyk nie, maar ook vorentoe kyk; jare van rustige afwagting. Die ouderdom dra sy bekoring vir hulle wat reg geleef het toe hulle jonk was. Vind 'n mens dan nie dikwels 'n heldere gees in 'n afgetakelde, verswakte, oud-geworde liggaam nie? Dit is

dikwels die ondervinding dat die geloof die sterkste daar brand waar die liggaam die swakste is. By baie ou mense kry ons, ondanks hul ouderdomsgebreke, tog 'n lewende, werksame geloof in diens van die Kerk van Jesus Christus. Uit hulle lewe spreek die blye verwagting op die Nuwe Jerusalem. Fier en sterk word 'n verswakte liggaam na die kerk gesleep en wil hulle in diens staan van hul Heer. Ongelukkig is daar ook baie ou mense wat die ouderdom as ekskuus gebruik om die Here nie meer te dien nie, om nie meer saam op te trek na die huis van aanbidding nie. Sulke ou mense word maklik geken: hulle kla altyd, is met niks tevrede nie, soek medelye, wil bedien word en wil self nie meer dien nie.

Ons het in Gods woord ook die verwysing na ou mense. Ps. 92 : 15 skrywe dat die gelowige mens in sy ouderdom nog vrugte dra, geestelik nog vet en groen is. Die skrywer gebruik in hierdie verband die mooi voorbeeld van 'n palmboom. 'n Palmboom is 'n stadige groeier. Hy groei en hou aan met groei onder die moeilikste klimaatstoestande. Stadig maar seker. Hy groei onder druk en dit buig hom nie en maak hom nie krom nie. Hy groei regop. Hoe ouer, hoe mooier en statiger. Droogte en hitte, reën en koue, hael en storms breek sy groeikrag nie. Hy hou aan. Selfs wanneer hy baie oud is, dra hy nog vrugte. Hy hou dus nie op om te werk, te dien, te gee nie! So is ons lewe, ook in ons ouderdom. Dit moet nie ophou om geestelik te groei nie, om die genade van God te soek nie, om te dien en sigself te geen en sigself te verloën nie. Die ervaringe en beproewinge van die jong jare moet nie die toeneem in genade by God verydel en verbreek nie. Alle moeilikhede moet meewerk om die ou lewe regop en fier en statig te maak. Die ervaringe van ons lewe moet verwerk word, sodat dit ryke geestelike besit in ons ouderdom sal wees. Alleen langs hierdie weg groei ons die ewige jeug te gemoet. In die gryse ouderdom moet hulle nog vrugte dra. Daar moet in ons ouderdom nog krag — geloofskrag, en lewe — geloofslewe, wees; nog geloofsgroei en geloofsvrugte!

So was die lewe van Anna, die profetes. Vier-en-tagtig jaar oud. Dis baie oud. Haar lewe was 'n lewe wat sy wel en wee terdeë geken het. 'n Lewe wat die merktekens van die tyd met hom saamgedra het. 'n Lewe wat smart en dood (sy was 'n weduwee) geken het. 'n Lewe waaroor daar dikwels die swaar wolke van

beproewing gehang het. Maar in haar ouderdom het sy nie eenkant gaan sit om haar lot te bekla nie; ook nie om met verbittering wat verby is, weer te deurleef nie — nee, sy het nie nagelaat om die tempel te besoek nie; nie opgehou om in blye verwagting uit te sien, te hoop en te bid om die koms van die Seun van God nie. Sy het gelowig, altyd heilbegerig gelewe. In haar gryse ouderdom het sy nog vrugte gedra, was sy nog vet en groen wat die geloof betref, was sy nog gereed om te verkondig dat die „Here reg is en in Hom is geen onreg nie." In haar ouderdom het sy gesing en gespreek — saam met die gemeente in die tempel — van Hom wat gekom het om sondaars, ook ou en gryse sondaars — tot bekering en tot die lewe te lei! So was haar rype en ryke lewe in haar lewensaand nie nutteloos en vereensaam nie, maar het sy die ewige troos gevind — Jesus Christus, haar God en Here.

G. J. J. ROOS.

Pretoria-Wes. 16/4/1958.

'n Palmboom hoog en rustig,
'n seder sterk en skoon
met breë blarekroon —
Só groei Gods volk, so lustig
Hul groei deur Gods genade;
hul bloei daar hoog en fris,
Waar God se voorhof is,
in skone lofgewade.

FRANS ROELOF PETRUS SCHUTTE

16-11-1865 tot 29-5-1958

Oom Frans en Tant Sannie Schutte

Frans Roelof Petrus Schutte was die jongste seun van Philippus Jacobus Wilhelmus Schutte van die plaas Buffeldoorns distrik Potchefstroom. Dit is seker een van die oudste plase in hierdie distrik. Die vorige eienaar was 'n sekere Breedt wat in 'n klein hartbeeshuisie gewoon het, maar al vroeg het die plaas oorgegaan in die hande van bogenoemde Ph. Schutte.

Hierdie Ph. Schutte, saam met D. Kruger en Ph. Snyman, was een van die 3 wat op die 8ste Algemene Kerkvergadering op Rustenburg op 10 Januarie 1859 teen die sing van gesange in die kerk gestem het. Dit word ook vertel dat in die huis van hierdie Ph. Schutte ds. D. Postma een van die eerste dienste na sy aankoms in Transvaal gehou het.

In hierdie selfde huis op Buffeldoorns het Oom Frans opgegroei en sy hele lewe deur bly woon en is van hieruit ook op 31 Mei 1958 begrawe.

Oom Frans was getroud met Susanna C. Kruger wat hom op 25 April 1950 ontval het.

Uit hierdie huwelik is daar 10 kinders gebore, 6 seuns en 4 dogters, almal nog in die lewe. Net die een

dogter was nie in staat die begrafnis by te woon nie.

Een van die kleinseuns is ds. F. du C. Labuschagne van die gemeente Johannesburg-Suid.

As burger van die Zuid-Afrikaanse Republiek het oom Frans sy plig gedoen en was veldkornet in die tweede Vryheidsoorlog. Geruime tyd was hy lid van Skoolkommissies sowel as van die Skoolraad. Ook was hy jare lank lid van die Landbank.

In die gemeente van Losberg het hy 23 jaar lank as ouderling gedien. Al gou na sy verkiesing het hy in die kerkraadsvergadering begin aandring op die noodsaaklikheid om 'n eie predikant te beroep. Meermale het hy geld aan die gemeente geleen en as dan die rente betaalbaar was, het hy die helfte daarvan kwytgeskeld. Was daar in die gemeente êrens moelikheid, dan was ouderling Schutte gewoonlik een van die wat gekies is om die saak in die reine te bring. Verskillende kere was hy afgevaardigde na Rings- en Algemene Kerkvergaderings en nooit was dit vir hom te veel of te moeilik om iets vir sy kerk te doen nie.

Nou het hy ook, na 'n lang en vrugbare lewe, heengegaan, in die volle versekerdheid van die geloof.

Salig die dode wat in die Here sterwe.

S.V.

DIE RING VAN KAAPSTAD



Vrydag, 18 April was 'n dag van historiese belang, nie alleen vir die gemeentes wat onder hierdie Ring ressorteer nie, maar vir die Ned. Hervormde Kerk in die algemeen. Op hierdie dag kon afgevaardigdes die opening bywoon van die nuwe Ring van Kaapstad in die nuwe kerkgebou van die gemeente van Kaapstad. Hier waar die Hervormde Kerk geplant is, hier kon verteenwoordigers uit verskillende gemeentes van dieselfde kerk weer vergader. Afgesien van sommige standpunte, waar o.a. beweer word dat die naam „Hervormd" nooit gebruik was nie, wil ons graag dit sê: Eerstens, net soos die Hervormde gemeente van Kaapstad in die jare voor 1841

DIE RING VAN KAAPSTAD

uitgesien het na die blye dag dat hulle weer hul eie herstelde kerkgebou kon binnegaan, (dit was immers die Hervormde gemeente volgens ide aanhaling wat ds. J. A. S. Oberholster, argivaris van die Ned. Geref. Kerk, in sy boekie „Die Groot Kerk — 1841-1941", bls. 71, uit „De Honigby" geneem het), so het die lidmate van die Hervormde gemeentes in die Kaap uitgesien na die blye dag dat hierdie gemeentes onder 'n aparte Kaapse Ring kon ressorteer. Tweedens hou hierdie gebeure in dat nie alleen die naam van die Hervormde Kerk weer in ere geplaas word nie, maar ook hou dit in dat die suiwere reformatoriese karakter van ons protestantse erfenis, wat met die Hervormde Kerk, gepaard met geweldige opofferings en deur ontsettende teenslae heen, met die moeisame gekraak van kakebeenwaens saamgedra is en bewaar gebly het van vreemde invloede, weer in die Kaap sy inslag kon vind.

Afgevaardigdes van die volgende gemeentes was teenwoordig: Oos-Londen, Cathcart, Dordrecht, Queenstown, Kaapstad, Swellendam, Port Elizabeth, Valhartz en Kimberley. Hierdie nege gemeentes word deur vier predikante bedien: Ds. A. Brandt van Kaapstad, ds. N. H. Buitenweg van Oos-Londen, ds. A. Alberts van Dordrecht en ds. W. Rhoda van Vaalhartz.

Volgens die veslae van die gemeentes blyk dit dat hierdie nuwe ring 1,394 lidmate het. Hieruit blyk duidelik dat die gemeentes óf hulpbehoewend is óf 'n harde stryd voer om al die verpligtinge na te kom. Wat die bearbeiding van konsulent-gemeentes bemoeilik, is die geweldige afstande wat tussen die verskillende gemeentes lê.

Kaapstad en Oos-Londen is die enigste twee gemeentes wat selfstandig 'n predikantstandplaas onderhou, terwyl eersgenoemde gemeente ook deur die kerk in die algemeen ondersteun was. Die gemeente van Kaapstad het so pas hulle nuwe kerkgebou ingewy en daar is 'n konstante groei te bespeur. Die gemeente van Oos-Londen is die oudste gemeente van die Ring en het gedurende die afgelope jaar sy mondigwording gevier.

Die gemeente Port-Elizabeth hou baie moontlikhede in. Deur die goedgesindheid van die Kerkraad van Oos-Londen word hierdie gemeente elke maand besoek. Dit het noodsaaklik geword met die oog op die uitbreiding van die kerk in daardie groeiende hawestad. Alhoewel afstande en finansiële nood die groei in Port-Elizabeth baie strem, is daar baie moontlikhede. Die klein getal lidmate daar is getrou en standvastig. Die feit dat hulle nog geen gebou besit nie en ook nie 'n eie

pastoriepaar in hulle midde het nie, is egter vir hulle geen hindernis in hulle getrouheid aan hulle kerk nie.

Die gemeentes Dordrecht, Queenstown en Cathcart wat saam kombineer, was vir 'n baie lang tydperk vakant. Tydens hierdie vakantskap is Queenstown en Dordrecht bearbei deur predikante uit die Vrystaat, veral deur ds. P. Jacobs wat eerste konsulent was, en Cathcart deur die predikant van Oos-Londen. Hier het die Here voorsien in die groot behoefte van hierdie gemeentes, want vroeg in die afgelope jaar kon hulle weer hulle eie pastoriepaar verwelkom, nl. ds. en mev. A. Alberts. Queenstown is 'n ontwikkelende nywerheidsentrum, en die predikantstandplaas sal later daarheen verskuif word. Die getrouheid en standvastigheid van hierdie Hervormers moet deur elke lidmaat van ons kerk bewonder word.

In Swellendam het ons 'n aantal lidmate wat vir elkeen eenvoudig 'n besieling is. Hulle stryd en ondervindinge van die laaste jare het hulle leer waardeer wat vele van ons eie lidmate nie meer raaksien nie. Hierdie lidmate het baie oor vir hulle kerk en hulle hande is oop vir die werk van die Here. Dit blyk uit wat hierdie paar families reeds bereik het. Grond is aangekoop en 'n pragtige kerksaal het daar verrys. Ook is 'n pastorie aangekoop. Die moontlikheid bestaan dat hulle binne afsienbare tyd mag beroep. Dit sal natuurlik van die grootste belang wees, aangesien die gebied wat tussen Swellendam en Port-Elizabeth braak lê, dan bearbei kan word. Op die oomblik bedien ds. Brandt hierdie gemeente, asook besoekende predikante van ander gemeentes.

Kimberley self is nog 'n hulpbehoewende gemeente. Omrede hierdie gemeente asook Vaalharts so ver van die res af is, is gevoel dat hulle liewer moet ressorteer onder hulle vorige Ringsverbande en dat alleen gemeentes besuide die Oranjerivier onder die nuwe Ring sal ressorteer.

Die gemeentes, omdat hulle so ver uitmekaar is, asook die predikante, voer 'n eensame stryd, soos dit die geval is in al die grensgemeentes van ons Kerk, maar daarby is elke lidmaat bewus van sy groot verantwoordelikheid. Die lewende lidmate wat in hierdie strydende gemeentes hulle gewig ingooi in die gemeentelike bedrywighede, is strydgenote wat nie eise stel nie, maar wat geleer het dat dit beter en saliger is om te offer en te gee. Ons vra die belangstelling van ons Kerk vir hierdie Ring, en laat ons mekaar gedenk in ons gebede.

Oos-Londen.
29 Mei, 1958. N. H. BUITENWEG.

DIE KERK VAN DIE NASARENER

Sover my kennis strek, het hierdie sekte eers gedurende 1950 pertinent onder die aandag van ons Afrikaanse Kerke, in elk geval onder die aandag van die Ned. Herv. Kerk, gekom, en wel deur allerhande gebeure en aktiwiteite van die sekte in Potchefstroom en omgewing, Oor die algemeen weet ons predikante en lidmate baie min van hierdie sekte af en daarom het ek gedurende 1950 by die „predikante" (hulle noem hulle leraars predikante en spreek hulle aan as „Dominee") van die sekte self ondersoek gaan instel en 'n hele aantal van hulle geskrifte verkry, wat die bron is van wat hieronder staan. Gegewens en syfers wat hier voorkom, is die posisie soos dit in 1950 was.

Ons behandel hierdie sekte eers na wat ons maar die uiterlike sy noem, nl. geskiedenis, organisasie, werkmetodes, ens. en daarna meer spesifiek ten opsigte van hulle leerstellings. Die hoofbron van wat ons hier aanbied is die *Manual of the Church of the Nazarene. History, Constitution, Government, Ritual.* Dit is 'n offisiële publikasie van die sekte. Voorin staan: „Published by authority of the Twelth General Assembly held in St. Louis, Missouri, June 20—27, 1948." Volgens artikel 324 van hulle kerkwet („Constitution") kan alleen hierdie „General Assembly" (algemene kerkvergadering) die *Manual* verander.

1. *Die Geskiedenis van die sekte* gaan terug na 12 Mei 1886 toe 'n klompie manne in Providence, Rhode Island (America), „interested in promoting the Wesleyan doctrine of and experience of entire sanctification," weeklikse samekomste en dienste organiseer het, waaruit die People's Evangelical Church op 21 Julie 1887 gevorm is. Verskillende sendinggemeentes in Amerika is gestig en uiteindelik sluit die organisasies saam in die Central Evangelical Holiness Association. In Januarie 1894 het 'n sakeman in New York, ene Hoople, die Utica Avenue Pentecostal Tabernacle gestig. In die loop van daardie jaar is nog die Bedford Avenue Pentecostal Church en die Emmanuel Pentecostal Tabernacle gevorm. Hierdie drie sluit saam in die Association of Pentecostal Churches of America in 1895. Die eersgenoemde Central Evangelical Holiness Association en die laasgenoemde Association of

Pentecostal Churches of America verenig in 1896 onder die naam van die lg. Association.

In Oktober 1895 het 'n groep mense in Los Angeles die First Church of the Nazarene gestig en hiervandaan deur propaganda 'n klompie gemeentes, versprei oor Amerika, gevestig. Hierdie sekte sluit in 1907 saam met die bogenoemde Association om die Pentecostal Church of the Nazarene te vorm.

Intussen is in 1894 weer deur 'n ander groep persone die New Testament Church of Christ gevorm, wat ook versprei. In 1901 ontstaan in 'n ander deel van Amerika die Independant Holiness Church. Hierdie twee organisasies verenig in 1905 as die Holiness Church of Christ, wat in Oktober 1908 met die Pentecostal Church of the Nazarene verenig.

In 1898 is in Nashville nog 'n nuwe beweging deur 'n groep mense gestig, nl. die Pentecostal Alliance, later verander tot die Pentecostal Mission, wat hulle op sendingwerk toelê. Hulle verenig met die Pentecostal Church of the Nazarene in 1915, waardeur laasgenoemde sy afdeling vir buitelandse sending kry.

In Engeland begin die beweging by Eerw. George Sharpe. „In September 1905 he was accepted as the minister of Parkhead Congregational Church, Glasgow, where, after a strenuous, successful, and glorious ministry of thirteen months, he was evicted for preaching Bible holiness" (Manual, p. 21). Hy stig 'n organisasie wat in 1915 met die Pentecostal Church of the Nazarene verenig.

In 1917 het 'n groep Metodiste lidmate in Amerika die Layman's Holiness Association gestig, wat in 1922 by die Church of the Nazarene aansluit.

In 1919 het die „General Assembly" van die Pentecostal Church of the Nazarene bymekaar gekom en hulle naam verander na The Church of the Nazarene. Voortaan sou dit die sekte se naam wees.

'n Verklaring van die Nasarener-sekte het in *Die Transvaler* van 26 Augustus 1950, herhaal in *Lewe* van van Julie 1950 ('n koerantjie gratis deur die Nasareners in Potchefstroom en omgewing versprei), verskyn. Die opskrif van die verklaring is: „God bou vir Hom 'n Heiligheidskerk binne 50 jaar in sewe-en-twintig lande." Oor die werk in Suid-Afrika sê die verklaring: „Vanaf

die stigting van die kerk is sendingwerk alreeds begin en so bevind die eerste sendeling van die Kerk van die Nasarener hom reeds in Suid-Afrika voor die stigting van die Unie." Die werk het beperk gebly tot die gekleurde deel van ons bevolking veral die Swazis. „Die eerste blanke gemeente in Suidelike Afrika is vroeg in 1949 in Lorenco Marques deur bekeerde Portugese gestig. Daarna is ook blanke werk te Bremersdorp, waar die hoofkwartiere van die Sending is, begin. In Pretoria het 'n verlamde evangeliedienaar, ds. H. J. Senekal, die roepstem van God gehoor en 'n blanke gemeente is daar deur hom en nie baie later nie ook te Parys in die Oranje Vrystaat deur ds. J. J. Scheepers gestig. Die eerste paar maande van 1950 het groot vooruitgang geken. Gedurende Maart is 'n gemeente te Vanderbijlpark met ds. Chris Botha as leraar begin; die daaropvolgende maand is 'n kerk te Potchefstroom en 'n maand later te Vereeniging gestig onder leiding van di. J. Lazarus en S. Finnemore respektiewelik, albei vroeër predikante van die Baptiste Kerk." Kort daarna is ook 'n begin in Blyvooruitzicht en omgewing deur „ds." F. G. J. van der Westhuizen gemaak. Van gemeentes wat later gestig is, is ek nie op hoogte nie.

2. *Die predikante* van hierdie sekte moet ewe onder die soeklik kom. In teenstelling tot die ander sektes in ons land noem hierdie sekte sy predikers „Dominee." Hierdie titel, wat letterlik beteken „heer" of „meneer", is iets spesifieks van die Hollandse Kerke in Suid-Afrika, Amerika en Holland. Dit is van Hollandse oorsprong en het saam met die Nederlandse Hervormde Kerk na Suid-Afrika en Amerika gegaan. Die ander kerke en sektes gebruik ander titels, bv. eerwaarde, vicarius, pastoor, ens. Hier in Suid-Afrika is „Dominee" die titel alleen van iemand wat wettig deur een van die Afrikaanse Kerke (Ned. Herv. Kerk. Ned. Ger. Kerk, Ger. Kerk) tot evangeliedienaar geordeen is. Onder ons Afrikaners verteenwoordig hierdie titel die hele gesag en eerbiedwaardigheid van die kerk en oor die algemeen dra 'n persoon wat homself „ds." kan noem, heelwat gesag en agting weg. Deur hulleself hierdie titel toe te eien het die Nasareners hulle ampsdraers en kerk in die oë van die Afrikaner onmiddellik 'n sekere status en gesag gegee.

In Amerika is daar kolleges waar hierdie sekte sy leraars oplei, nl. die Bethany-Peniel College in Bethany, die Canadian Nazarene College in Alberta, die Northwest Nazarene College in Nampa, die Olivet Nazarene College in Kankakee, die Pasadena College in Pasadena, die Trevecca Nazarene College in Nashville en dan in Skotland die Hurlet Nazarene College, Glasgow. (Hierdie kolleges se grade en diplomas word nie deur die ander universiteite erken nie, in elk geval nie buite Amerika nie en ook nie, so ver my kennis strek, deur die vooraanstaande universiteite van Amerika nie). Aan die kolleges lei hulle ook onderwysers op en aan die Samaritan Hospital, Nashville, ook verpleegsters. (So terloops, dit is twee beroepe deur middel waarvan baie propaganda gemaak kan word). Hier in Suid-Afrika gebruik hulle egter nog persone wat van ander organisasies weggebreek het. So is bv. „di." Lazarus en Finnemore oorspronklik van die Baptiste. hoewel Lazarus eers in Stellenbosch vir die N.G. Kerk as predikant studeer het, maar die studie nie voltooi het nie en dit toe voortgesit het in die sendinginstituut te Wellington, waar hy weer weg is voor sy studie voltooi is. „Di." Scheepers en Van der Westhuizen was, sover ons kon uitvind, vroeër in die De Vos-kerk. Van die ander het ek nie besonderhede nie.

3. *Die organisasie* van die sekte is wêreldwyd. Die sekte is nie landelik, d.w.s. nie in elke land selfstandig teenoor die res van die wêreld nie, georganiseer nie. maar die hele wêreld vorm saam 'n funksionerende geheel. „As each local church is presided over by a pastor elected by the members of said church, so each district is supervised by a district superintendent, who also is annually elected by the members of the district assembly. Each four years the various districts elect delegates to a General Assembly, at which time General Superintendents are elected to supervise the work of the entire denomination" (*The Church of the Nazarene,* p. 7). Die organisasie is dus 'n mengsel van die kongregasionalistiese sisteem, wat die vrye lidmaatskap aan 'n kerk verkondig, en die hiërargie van die episkopaalse stelsel.

'n Interessante feit wat ek net hier wil meedeel, is dat die sekte sy pastore (Engels „pastors") elke jaar deur die gemeente laat verkies. 'n Pastoor mag nie meer as drie agtereenvolgende jare verkies word nie, dan moet hy deur iemand anders vervang word. Hierdie

stelsel is natuurlik 'n aangewese een vir so 'n uiterste metodisme, omdat die pastoor wat nuut op 'n plek kom, meer aandag trek. Die metodisme, wat wesenlik op die belewenisse van die oomblik bou, kan nie op 'n lang termyn bou nie, veral nie ten opsigte van sy predikers nie.

In teenstelling met die meeste ander sektes, wat altyd die kerke beskuldig dat die kerke net geld soek, terwyl hulleself nie geld sou vra nie, spog die Nasareners met die groot hoeveelheid geld wat hulle insamel. So verklaar hulle dat die Nasareners die meeste per kop van alle sektes en kerke in Amerika aan hulle kerk bydra. Negetiendes van wat die gemeente bydra, word gebruik vir die behoeftes van die lokale kerk; die orige een-tiende word in 'n sentrale kas gestort. Lg. is verantwoordelik vir algemene uitgawes van die sekte en vir die stigting van nuwe kerke.

4. *Die werkwyse* is maar dieselfde as waaraan ons in Suid-Afrika by die verskillende metodistiese rigtings gewoond geraak het, met die verskil dat 'n mens by die Nasareners kan sien dat hulle geld het om hulle doeleindes te verwesenlik. Nadat 'n dorp uitgekies is vir die stigting van 'n gemeente word die aanval geloods. 'n Reeks opwekkingsdienste deur verskillende predikers word gehou; dramas met heiligheid, bekering en so meer tot tema word opgevoer; van huis tot huis word geadverteer en so meer. In 1950 het Dr. Hardy C. Powers, voorsitter van die General Assembly, Suid-Arika deurgereis om met die herlewingsveldtogte te help. Die geld ontbreek nie: In 1950 het hulle in Potchefstroom vir verskillende geleenthede die stadsaal gehuur; hulle het maandeliks 'n koerantjie, *Lewe,* gratis versprei; hulle het daar, nog voordat die veldtog geloods is, 'n vaste pastoor („ds." Lazarus) aangestel, wat dadelik begin het met die bou van 'n kerk vir 200—250 mense, netjies ingerig met 'n ingeboude sementbad op die verhoog vir onderdompeling, verwarmers aan die mure sodat jy in die winter nie sal koue vat as jy ondergedompel word nie, ens. Agter aan die kerk is die pastorie, 'n netjiese woonhuis, aangebou. Volgens „ds." Lazarus se verklaring aan my het hulle hierdie dinge met feitlik geen lidmate nie gedoen; toe ek met hom gepraat het, was al hierdie dinge reeds

gedoen, terwyl hulle op die tydstip van ons gesprek maar 80 lidmate bestaande uit 18 huisgesinne gehad het. Die geld vir al hierdie dinge word voorgeskiet uit die sentrale kas. So 'n kerk en al die dinge wat daarby hoort, is feitlik gelyktydig in Potchefstroom, Parys en Blyvooruitzicht begin (dis waarvan ek weet).

Die sekte spits hom veral daarop toe om kinders te lok en doen dit deur kwistig te werk met geskenkies, vermaaklikhede, partytjies en dergelike meer.

Die hoeveelheid geld wat hierdie sekte tot sy beskikking het, blyk ook uit die publikasies wat in Amerika verskyn en versprei word. Ek het eksemplare van: *Preacher's Magazine,* 'n blad spesiaal vir die pastore; *Young Peoples' Journal,* 'n kwartaalblad vir die jeug; *The Advanced Bible School Quarterly* vir gevorderde Bybelstudente; *The Bible School Journal,* nog 'n blad vir Bybelstudie; *The Church School Builder,* 'n blad vir Christelike onderwys; *Conquest. A Magazine for Christian Youth; The other Sheep,* hulle sendingblad. Daar is nog meer tydskrifte, waarvan hulle algemene blad, bedoel vir algemene verspreiding, *The Herald of Holiness,* die belangrikste is. Groter werke in my besit is M. E. Redford, *The Rise of the Church of the Nazarene* (1948), H. Orton Wiley, *Christian Theology,* 3 dele (1949) en H. Orton Wiley and Paul T. Culbertson, *Introduction to Christian Theology* (1949). Daarby het hulle in 1950 oor meer as 270 radiostasies dwarsoor die wêreld uitgesaai, o.a. ook elke Vrydagaand vir 'n kwartier vanuit Lourenco Marques. Hierdie radioprekies word versorg deur ene dr. De Long en word almal gedruk in pamfletvorm onder die titel *A Message of Hope.* Wat al hierdie dinge moet kos vir 'n kerk sonder lidmate, altans sover dit Suid-Afrika betref, gee 'n mens 'n idee hoeveel steun hierdie sekte vanuit die buiteland agter hom het. Die tydskrifte is bv. uitgevoer in deeglike papier en deeglike tegniese versorging en wissel in dikte van 16 tot 66 bladsye.

Hoeveel hulle kan spandeer om invloed te probeer wen, blyk uit die volgende insident: Vooraanstaande mense van Potchefstroom het hulle kind onder besonder tragiese omstandighede verloor. By die begrafnis nader 'n dame die moeder en begin haar te troos. Die wyse waarop die dame dit doen, laat die moeder vra waarvandaan sy kom en aan watter kerk sy behoort. Toe blyk dit dat die dame 'n Nasarener is en eintlik in Bloemfontein

werksaam is, maar dat sy uit Pretoria telefonies opdrag gekry het om die begrafnis by te woon. Sy het van Bloemfontein na Potchefstroom gekom vir die begrafnis van 'n kind van ons lidmate — om propaganda te maak.

Die dienste van die mense is tipies van die metodisme: Geweldige opsweping van die gevoel; sentimentele benadering van dinge; klem op die ervaring en belewenis van bekering, heiligmaking, roeping, ens.; ritmiese sang met populêre wysies; getuienis e.d.m. Tipies is ook die klem op die praktyk: Die eerste nummer van *Lewe* (Julie 1950) bevat 'n hoofartikel onder die titel „Waarheen reis u?" Hierin word 'n alfabetiese lys van 76 sondes aangegee waaruit jy kan kies om te sien waaraan jy ly.

In 1950 het die Nasareners ook 'n huisbou-skema in Potchefstroom geloods. As jy lid van die sekte word, kon jy 'n huis kry sonder deposito en teen £12 per maand. Sake het later bietjie deurmekaar geloop en hoe ver hiermee gevorder is, weet ek nie.

5. Na die *leerstellige kant* wil ons net die belangrikste punte na vore bring.

Die vernaamste punt in hulle leer is die *heiligmaking*, wat volgens hulle in volmaaktheid bereik kan word: m.a.w. die Nasareners aanvaar 'n perfeksionisme. „The Church of the Nazarene is distinguished by its emphasis upon the doctrine of entire sanctification as a second work of grace, subsequent to regeneration, wrought in the hearts of believers by faith in Jesus Christ" (Pamflet: *The Church of the Nazarene*, p. 6.). „Entire sanctification is provided by the blood of Jesus, is wrought instantaneously by faith, preceded by entire consecration; and to this work and state of grace the Holy Spirit bears witness." Die volmaakte heiligheid is dus die werk van die Heilige Gees, bewerk in 'n oomblik, en van hierdie heiligheid kan ons deur die Heilige Gees in ons getuig. Hoewel dit in 'n oomblik geskied, word groei in heiligheid tog nie uitgesluit nie; die stadia in hierdie groei word aangedui as Christelike volmaaktheid, volmaakte liefde, suiwerheid van hart, doop met die Heilige Gees, die volheid van seën en Christelike heiligheid (1948 Manual, art. 13).

Hierdie leer, soos trouens al die rigtinge wat die volmaakte heiligheid verkondig, gaan terug op die teologie van John Wesley (oorl. 1791), wat geleer het

dat daar twee stadia is in die ervaring wat 'n mens van verlossing het: Die eerste stadium bestaan in regverdigmaking, wat 'n verandering in ons verhouding tot God, ons vergifnis en versoening is; en heiligmaking, wat 'n verandering in onsself is, bewerk deur die Heilige Gees. In hierdie eerste stadium word 'n nuwe hart aan ons gegee, sodat ons God nou lief het, maar daar bly nog allerlei sondigheid in ons oor. Die tweede stadium is dié van totale heiligmaking, wat kom as 'n onmiddellike gawe van God en wat ons hart sluit vir die sonde en die sonde met wortel en tak uitroei. Deur hierdie daad van God het die mens God nou met sy hele hart lief en dien Hom met al sy krag. Hy het sy medemens lief soos homself, ja soos Christus ons liefgehad het; die mens se siel is nou net liefde, genade, goedheid, nederigheid, sagmoedigheid, lydsaamheid en sy hele lewe getuig hiervan. „In a word, he doeth the will of God on earth. as it is done in heaven . . ." Hoewel hierdie totale heiligmaking in 'n oomblik gebeur, erken Wesley ook 'n stadia, wat min of meer ooreenkom met die bogenoemde.

Die tekste waarop Wesley hom dikwels beroep is o.a. Mat. 5 : 48; Joh. 17 : 20—23; 1 Thess. 5 : 23; 1 Joh. 4 : 17; 1 : 7; 1 : 9; en op hierdie selfde tekste beroep ook die Nasareners hulle.

Hierdie volmaaktheidsleer is afhanklik van en werk weer in die hand 'n bepaalde beskouing van sonde. Wesley definiëer sonde as 'n „wilful transgression of a known law." Hoewel die Nasareners in art.5 van die *1948 Manual* die erfsonde bely, sien ons tog in art. 6 hierdie beskouing van Wesley deurskemer: Art. 6 handel oor die lyde van Christus as die enigste versoening van sonde, waarna verklaar word: „The atonement is graciously efficacious to the salvation of the irresponsible and to the children in innocency, but is efficacious to the salvation of those who reach the age of responsibility only when they repent and believe." (Vir die leer van Wesley vgl. W. E. Sangster, *The Path to Perfection,* Londen 1943).

Hierteenoor plaas ons kortliks die leer van ons kerk: Ten spyte van die feit dat God ons Sy wet en openbaring geskenk het, kan ons daardie wet nie ten volle onderhou nie, omdat ons weens die sondeval van Adam en Eva van nature geneig is om God en ons naaste te haat (Rom. 3 : 10; 3 : 20, 23; 1 Joh. 1 : 8, 10; Rom. 8 : 7; Ef. 2 : 3; Tit. 3 : 3; Gen. 6 : 5; 8 : 21; Jer. 17 : 9; Rom. 7 : 23). Hierdie verdorwenheid en onbekwaamheid tot enige goed

hou aan, is blywend, tensy ons deur die Gees van God wedergebore word (Gen. 8 : 21; Job 14 : 4; Joh. 3 : 6; 3 : 3, 5; 1 Kor. 12 : 3; 2 Kor. 3 : 5). Sonde is daarom nie 'n saak van bewuste, verantwoordelike doen nie, maar 'n verdorwenheid wat die diepste van ons wese raak, sodat alles wat ons doen — bewus of onbewus, volgens menslike norm goed of sleg — besoedel is met hierdie sonde en voor God verwerplik is. Roeping, regverdiging, versoening, wedergeboorte, bekering, berou, heiligmaking is ook nie 'n kwessie van skielike emosionele opwellings nie; maar dit is ook nie 'n kwessie van gestadige evolusie nie. Ons kan nie stadia van ontwikkeling aangee nie, omdat dit by elke mens verskillend plaasvind en God nie gebonde is om juis op 'n bepaalde wyse te werk nie. As die Heidelbergse Kategismus (Sondag XXXIII) dan sê dat die ware bekering uit twee dele bestaan, nl. die afsterwe van die oue en die opstanding van die nuwe mens, is dit nie stadia wat aangegee word nie, maar twee kante van dieselfde saak; en dit is ook nie iets wat in 'n oomblik gebeur en dan verby is nie; of wat in die begin van die geloofslewe aangetref word en dan agtergelaat word nie, maar dit is 'n gedurige bekering — elke dag moet ons berou hê oor ons sonde. die oue mens doodmaak en die nuwe mens in die innige vreugde in God deur Christus en in die lus om Gods wil te doen laat opstaan. En as ons die ware bekering deur die genade van God deelagtig geword het, sodat ons nou in staat is tot goeie werke, dan is hierdie goeie werke nie goed omdat ons nou goed en sondeloos is nie, maar omdat dit geskied uit 'n ware geloof, volgens die wet van God, alleen tot eer van God (en nie van die mens wat daarvan aan gewillige en onwillige toehoorders getuig nie) en nie omdat dit op ons goeddunke en menslike insettinge gegrond is nie (Heid. Kat. vr. 91; Rom. 14 : 23; Lev. 18 : 4; 1 Sam. 15 : 22; Ef. 2 : 10; 1 Kor. 10 : 31; Eseg. 20 : 18,19; Jes. 29 : 13; Mat. 15 : 7—9).

Die verwarring van die perfeksionisme kom hierby in dat 'n geloofsaak tot 'n gewone, daaglikse saak van ondervinding gemaak word: Ook ons van die Ned. Herv. Kerk glo daaraan dat 'n mens geheel-en-al geheilig word; as God die mens verlos, dan verlos Hy die mens heeltemaal en nie net gedeeltelik nie; dan is die mens ook volkome geheilig (*heilig* beteken *afgesonder vir God*), en nie net in sommig opsigte nie; al jou sonde is vergewe en nie net party nie. Maar hierdie heiliging is 'n geloofsaak — ons *glo* daaraan omdat God dit so in Sy woord aan ons

openbaar. Sover dit die mens se daaglikse werklikheid betref, het selfs die allerheiligste maar 'n klein begin van die gehoorsaamheid solank hulle in hierdie wêreld is (Heid. Kat. vr. 114; 1 Joh. 1 : 8; Rom. 7 : 14, 15; Pred. 7 : 20; 1 Kor. 13 : 9; Rom. 7 : 22; Ps. 1 : 2). Om die perfeksionisme dan te bely, is 'n verwaandheid van die mens, waar die mens hom teen God verhef i.p.v. om in alle nederigheid te lewe, bewus van sy eie swakheid en afhanklik alleen van die genade van God. Daarom is die perfeksionisme in sy wese sonde, die sondige mens in nuwe vorm.

Die volgende punt wat ons wil aanraak, gaan oor die *doop*. Art. 18 van die *1948 Manual* lui soos volg: „We believe that Christian baptism is a sacrament signifying acceptance of the benefits of the atonement of Jesus Christ, to be administered to believers, as declarative of their faith in Jesus Christ as the Saviour and full purpose of obedience in holiness and righteousness." — Hierdie gedeelte van die artikel is die gewone beskouing wat ons by die meeste sektes, wat die grootdoop beoefen, aantref: Die doop is hier 'n geloofsbelydenis en 'n vaste voorneme om deur Gods genade by die belydenis van geloof te bly; m.a.w. die doop is vir hulle presies wat die geloofsbelydenis vir ons is. Vir ons is die doop nie 'n geloofsbelydenis nie, maar altyd die teken en die seël van die verbond van Christus — 'n teken wat aan die mens geplaas word wanneer hy in die verbond ingelyf word; en om in dié verbond ingelyf te word beteken om die vergifnis van sonde en die versoening met God deelagtig te word. Daarom het die doop in die plek van die besnydenis gekom (Kol. 2 : 11, 12) en kan die kindertjies ook gedoop word. As ons volwassenes doop, doop ons hulle na die geloofsbelydenis; dan is die doop nog nie geloofsbelydenis nie, maar waar die persoon nie in die verbond wat van geslag tot geslag (God is die God van Abraham, Isak en Jakob) gaan, staan nie, moet hy eers tot die genaderyk toetree deur sy geloofsbelydenis voordat aan hom die teken van die verbond gegee kan word. Maar ook hier bly die doop die teken van die genadeverbond en is dit geen geloofsbelydenis nie.

Die res van hierdie art. 18 lui egter: „Baptism being the symbol of the New Testament, young children may be baptized, upon request of parents or guardians who shall give assurance for them of necessary Christian training." M.a.w. presies wat die kerk onder die doop verstaan! Hierdie tweede paragraaf van art. 18 is vir my

'n direkte loëning van die eerste paragraaf, sodat ek alleen tot een gevolgtrekking kan kom, nl. dat hierdie sekte probeer om almal tevrede te stel sodat soveel as moontlik aangetrek kan word. Hierdie konklusie word gestaaf deur die laaste paragraaf van die artikel: „Baptism may be administered by sprinkling, pouring or immersion, according to the choice of the applicant."

Die *kerkbegrip* van die Nasareners vind ons uitgedruk in die 23ste artikel van die *1948 Manual*: „The Church of the Nazarene is composed of those persons who have voluntarily associated themselves together according to the doctrines and policy of said church, and who seek holy Christian fellowship, the conversion of sinners, the entire sanctification of believers," ens. ens. M.a.w. die kerk is 'n menslike organisasie waaraan ek kan deelneem volgens my eie goeddunke en om my eie doeleindes te bereik; ek sluit vrywillig by hierdie kerk aan, soos by 'n debatsvereniging, en kan dit net so ook weer verlaat; die band wat die verskillende lede saambind, is die leerstellinge en beleid van die kerk, wat dien as 'n soort akkoord waarmee die verskillende lede saamgaan. Van die kerk as die liggaam van Christus, deur Woord en Gees uit die menslike geslag versamel en van die begin van die wêreld tot die einde toe beskerm, bewaar en onderhou, skiet weinig oor. (Vir verdere uiteensetting sien Sondag XXI van die Heid. Kat. Hier word ook die nodige tekste aangegee).

As laaste punt noem ek nog art. 25 wat die algemene reëls aangee. Hierdie algemene reëls toon duidelik die metodistiese kenmerke, nl. die klem op die werkheiligheid om daarmee jou redding vir alle mense te vertoon; hiervoor word lyste sondes opgestel wat dan vermy moet word: „It is required of all who desire to unite with the Church of the Nazarene, and thus to walk in fellowship with us, that they shall show evidence of salvation from their sins by a godly walk and vital piety . . ." Die lys van sondes sluit in die dinge wat deur die tien gebooie verbied word; die gebruik van alkoholiese drank, tabak, ens.; die bywoning van teater-opvoerings, danse, sirkusse, ens.; ook hoogmoed in kleredrag, ens.

Ten slotte, die gevaar van die Nasareners vir ons kerk is myns insiens gering. Hulle leer en werkwyse is 'n variasie van 'n ou bekende deuntjie in ons land en hou vir ons wesenlik niks nuuts in nie. Hulle krag lê in die feit dat hulle blykbaar in staat is om met hulp

van oorsese kapitaal 'n groter lawaai en vertoon te maak as die meeste ander sektes. Soos dit wesenlik van die metodisme is, bou hulle op die opsweping van die oomblik. Hulle kan 'n groot aanval loods, maar die afgelope sewe jaar het getoon dat as die eerste lawaai verby is, daar nie veel oorbly nie. Hulle is 'n werklike gevaar alleen vir die sektes en die gedeeltes van die Afrikaanse kerke wat reeds metodisties van aard is. Hier kan hulle miskien slaag om mense af te rokkel.

Maar al sien ek geen wesenlike gevaar in die Nasareners nie, moet die kerk tog gewaarsku wees. So is dit die opdrag aan elke ampsdraer (Eseg. 33 : 1—11). Laat die waarskuwing van die Here Jesus in die ore van elke lidmaat klink: „As iemand dan vir julle sê: Kyk, hier is die Christus! of: Daar! — moet dit nie glo nie. Want daar sal valse Christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê. As hulle dan vir julle sê: Kyk, Hy is in die woestyn — moenie uitgaan nie. Kyk, Hy is in die binnekamer — moet dit nie glo nie. Want soos weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook wees die koms van die Seun van die mens. Want orals waar die dooie liggaam lê, daar sal die aasvoëls bymekaarkom." (Mat. 24 : 23—28).

DR. P. S. DREYER.

EERSTE KERKGEBOU VAN DIE GEMEENTE TRICHARDTSFONTEIN



Bostaande portret is van die eerste kerkgebou van die gemeente Trichardtsfontein, gestig in 1879. Op die kerkplein sit 'n swerm Rooi-sprinkane, toe die portret geneem is in 1891. Op 11 Maart 1882 skenk die here Peel en Laing, twee Engelse handelaars op die plaas Trichardtsfontein, een morg grond van hulle plaas Trichardtsfontein (vroeër Vaalbank) aan die gemeente van Trichardtsfontein, waarop hulle 'n kerk kon bou. Op 11 November 1882 word die volgende broeders gekies as boukommissie van die eerste kerkgebou, naamlik: Dirk P. J. van Schalkwyk, Snr.; Gysbert S. J. van Nieuwenhuizen; Jan Engelbrecht; Gert P. Pretorius; Theodorus Meyer; Piet Kruger; Thomas Owen Laing.

Op 9 Maart 1882 was daar 'n 1,712 sieletal aan „deze zyde van de Vaal-rivier." Op 7 Maart 1883 was daar 1,863 siele. So lees die notule, geskrywe deur wyle ds. N. J. van Warmelo. Die bouer van die kerk was Piet van Zyl. Die dak van die kerk het die winkeliers Peel en Laing geskenk aan die gemeente. Op 6 Desember 1884 word die kerk ingewy. Wyle ds. Van Warmelo het die wydingsrede gehou. In die kerkraadsvergadering van 30 November 1883 word al deur ouderling P. P. Roets aan die kerkraad opening gevra om konferensies te hou

tot die bevordering van kerk-vereniging, wat later amper die Hervormde Kerk se ondergang was. In die tweede Vryheidsoorlog in 1901 word die kerkgebou verwoes. Alles wat daarin was, is geplunder en weggevoer, ook die kerkklok is weggeneem en die het so vér gegaan as Bulawayo, in Rhodesië. In 1904 het die koster die klok teruggekry. Na 1902 het die koster van Trichardtsfontein party van die gemeente se kerkbanke in Standerton se konsentrasiekamp gekry en teruggebring. In Maart 1903 word ouderling D. P. J. van Schalkwyk, Snr. en die koster, broeder L. A. J. J. van Nieuwenhuizen, ná hulle van Bermuda af teruggekeer het as krygsgevangenes, deur die kerkraad benoem om 'n beraming te maak van die skade wat Trichardtsfontein-gemeente gely het, 'n skadelys op te stel en dié aan die Engelse owerheid voor te lê en te probeer skadevergoeding kry, die nodige stukke daarvoor te teken en namens die gemeente die skadevergoeding te ontvang. Hulle het onverrigter sake van Pretoria teruggekeer; die Engelse owerheid het botweg geweier om enige skadevergoeding aan die gemeente te betaal. In 1905 het die gemeente weer die verwoeste kerkgebou herbou. Die mure is 20 duim hoër gemaak, die vensters en deure bo rond gebou en die dak is ook hoër gemaak.

In Julie 1906 is die kerk weer ingewy. Die onvergeetlike (wyle) ds. Jac van Belkum het die wydingsrede gehou. Die jaar 1957 begin die gemeente van Trichardtsfontein om 'n nuwe kerkgebou op te rig vir £30,000 pond. Die kerkgebou sal, D.V., in April 1958 ingewy word en bykans klaar betaal wees. Hoe baie sou in die loop van die jare, as hulle aan die gemeente Trichardtsfontein gedink het, met al die leed hom aangedoen, die gesangdigter nagesing het:

Hou Christus self sy Kerk in stand—
vergeefs die hel se woede!
Gesete aan Gods regterhand,
hou Hy haar in sy hoede.
Hy is in alle leed
steeds tot haar hulp gereed;
Hy staaf sy roem alom,
waak vir die Christendom,
al blaak die hel van woede.

(Ges. 153 : 1).

L. A. J. J. VAN NIEUWENHUIZEN.

Trichardt.

VRYBURG-KOMBINASIE

(Vryburg, Stella, Goedehoop en Donegal-Molopo)

Bogenoemde vier gemeentes van ons kerk in die noorde van Kaapland bestaan uit 460 lidmate wat oor 'n geweldige groot area versprei is. Vryburg is in die verlede deur die predikant van Delareyville bedien, terwyl Stella en Goedehoop in kombinasie was met Mafeking totdat laasgenoemde met Coligny gekombineer het. Molopo was 'n konsulentgemeente van Groot Marico.

Die lidmatetal van hierdie gemeentes is betreklik klein, en die lidmate woon vêr van mekaar af sodat gereelde en intensiewe bearbeiding baie moeilik is. Daarbenewens is die paaie ook nie van die beste nie. Dit is bewonderenswaardig dat hierdie mense wat weens die uitgestrektheid van die gebied so baie kerklike voorregte moet ontbeer — sommige het in 'n groot mate kontak met die kerk verloor — nogtans getrou bly aan hulle kerk, en standvastig.

Op 27 Mei 1957 het die Ring van Zeerust, waaronder hierdie gemeentes ressorteer, besluit om 'n nuwe kombinasie te vorm bestaande uit Vryburg, Goedehoop, Stella en Molopo. Die predikant-standplaas is op Vryburg. Die gemeentes kan makliker vanaf Vryburg bedien word, aangesien die paaie beter is en die afstande korter as wat die geval was met Mafeking.

Vryburg wat die handelsentrum is van 'n groot en uitgestrekte gebied, het wat die gemeente aanbetref, ongetwyfeld die beste kanse vir groei en uitbreiding. Die dorp beskik oor 'n aantal groot nywerhede en die bevolking neem vinnig toe. Die gemeente bestaan tans uit ongeveer 170 lidmate waarvan meer as die helfte in die dorp woon.

Hier is, in teenstelling met die meeste plattelandse gemeentes, 'n vinnige aanwas in lidmatetal, en dit sal waarskynlik nog jaarliks toeneem, sodat die toekoms van hierdie gemeente verseker skyn te wees. Die gemeente is stadig maar seker op pad na selfstandigwording.

In Stella en Goedehoop bly die lidmatetal taamlik konstant. Elk beskik oor 'n eie kerkgebou. In November 1957 het Donegal, wat toe nog 'n wyk van Goedehoop gemeente was, saamgesmelt met Molopo, sodat laasgenoemde gemeente nou ook oor 'n kerkplek en saal beskik. Die gemeente bestaan uit vyf wyke wat oor die hele Molopo-gebied versprei is. As 'n mens die feit in

ag neem dat hierdie gebied ongeveer 3,000 vierkante myl beslaan, kan 'n begrip gevorm word van die moeilikhede en probleme waarmee hierdie mense te kampe het. Die syfer wat ons tussen hakies skryf, is die mylafstand vanaf die kerkplek op Donegal: Koraanbult (50), Vorstershoop (70), Sukses (100), Pomfret (55). Die sandpaaie in hierdie gebied laat veel te wense oor.

Die lang afstande maak bearbeiding en kerkbesoek moeilik, sodat daar in die gemeente Donegal-Molopo op drie verskillende plekke diens en Nagmaal gehou word.

Ofskoon hierdie probleem van lang afstande altyd sal bly, hoop en vertrou ons dat die gemeentes van hierdie kombinasie, met die samewerking en voorbidding van almal van krag tot krag sal gaan.

v. R.

STAD- EN PLATTELANDSE GEMEENTES

Ons hoor dikwels dat daar gesê word dat die stede so geweldig groei en dat die platteland so stadigaan ontvolk word. Maar ek twyfel of die werklike omvang van hierdie groei en ontvolking reg besef word.

By wyse van vergelykende kerklike statistieke wil ek dit aantoon, en daarvoor twee tiperende voorbeelde stel, nl. twee gemeentes, stad en dorp, wat in 1926 min of meer dieselfde getal lidmate gehad het, om aan die einde van 30 jaar die groei en agteruitgang te laat sien, nl. die gemeentes Losberg en die Oos-Rand, die latere Germiston.

In 1926 was die getalle as volg:

Losberg: 444 lidmate en 767 sieletal.
Oos-Rand: 489 lidmate en 836 sieletal.

In 1936:

Losberg: 595 lidmate en 985 sieletal.
Germiston met al twee dogtergemeentes, Brakpan en Boksburg: 1,663 lidmate en 3,377 sieletal.

In 1946:

Losberg: 672 lidmate en 1,400 sieletal.
Germiston met dogtergemeentes: Brakpan, Boksburg, Springs, Benoni en Primrose: 5,542 lidmate en 9,827 sieletal.

In 1956:

Losberg: 490 lidmate en 747 sieletal.
Germiston met dogtergemeentes: Brakpan, Boksburg, Springs, Benoni, Primrose, Alberton, Edenvale en Elsburg: 7,711 lidmate en 13,912 sieletal.

Behalwe die gemeente van Zuurfontein het die gemeente Oos-Rand vanaf 1926 tot 1956 gegroei tot die RING van Germiston, en sedertdien is daar nog 'n gemeente, nl. Primrose-Oos, afgestig — en ja, wat sal dit oor nog 'n paar jaar verder wees?

En die plattelandse gemeentes? Wat eers sterke, bloeiende, belowende gemeentes was, daar gaan dit al meer en meer agteruit. Weliswaar, ook van die gemeente van Losberg is daar in 1946 'n gemeente afgestig, die gemeente van Wonderfontein, met 250 lidmate, van wie egter heelparty van Krugersdorpse gemeente was, en Wonderfontein met sy twee myndorpe, Carletonville en Blyvooruitsig, het ook al 'n stadsgemeente geword. In 1956 was daar 850 lidmate en 1,565 sieletal, wat in 1958 vermeerder het tot 1,030 lidmate en 1,935 sieletal.

En Losberg? Losberg wat sy mense, veral sy jongmense, na die stede sien vertrek, sy getal lidmate het in die laaste drie jaar van 490 verminder tot 427. En terwyl die stadsgemeente met sy talle jongmense nog steeds groei, bly die plattelandse gemeente net met sy ou mense sit.

Losberg is hiervan misken die sterkste bewys. Van die 427 lidmate is nie minder nie as 172 bo die 60 jaar, terwyl daar maar 35 lidmate onder die 25 jaar in die gemeente is. Dat hier geen jongmense meer is nie, blyk die duidelikste uit die huweliksregister. In 1926, toe die gemeente nog 'n konsulentsgemeente was, is 2 huwelike bevestig; in 1936, 17; in 1946, 11; en in 1956, 4, terwyl in 1958, tot dusver, Junie, nog maar net 1 huwelik bevestig is.

Maar waar die jongmense al meer en meer na die stede gaan, daar dreig die gevaar dat die erfenisse van die vaders vir die kinders al meer en meer verlore gaan. En dit is die jammerste van alles.

S.V.


Noord
Voorhof (100 el x 50 el)
Die Allerheiligste
Die Heilige
Tafel van die Toonbrode
Ark van die Verbond
Reukoffer-altaar
Goue Kandelaar
Koperwaskom
Brandoffer-altaar
Wes
Oos
Suid

Vir die Jeug:

DIE TABERNAKEL

Ex. 25—27

In die derde maand na die uittog uit Egipte het Israel Sinai bereik en laer opgeslaan. Hier het hulle die Wet van die Tien Gebooie ontvang (Ex. 20), asook 'n hele aantal ander wette vir die samelewing (Ex. 21—23). Wanneer ons die boek Exodus lees, moet ons hierdie hoofstukke nie oorslaan nie : hulle is vir die kennis van die Israelitiese volkslewe belangrik, maar het ook vir ons en ons tyd betekenis.

Aan die voet van Sinai vertoef Israel 'n geruime tyd. Dit was vir hulle 'n periode van groot belang, want hulle samelewing is toe georden: hulle het die wette en bepalinge wat hulle godsdienstige en burgerlike lewe moes reël, ontvang en word nou 'n georganiseerde volk.

Ek wil nou net 'n bietjie oor die tabernakel praat wat in hierdie tyd opgerig is. My eintlike bedoeling met hierdie praatjie is om die (jong) leser tot nader ondersoek van die onderwerp aan die hand van die Skrifgegewens te prikkel; veral vir die katkisant kan dit as leidraad dien. Ek gee eers 'n saaklike beskrywing van die tabernakel, daarna hoe dit tot stand gekom het en vertel dan ten slotte kortliks wat die lotgevalle daarvan was.

Die tabernakel was die middelpunt van die Godsverering in Israel, die plek waar die Here met Sy volk saamgekom het om daar met hulle te spreek (Ex. 29 : 42—45). Dit het dan ook in die middel van die laer gestaan as sinnebeeld dat God onder Sy volk woon. Hier, as die enigste wettige plek van die erediens, moes die volk hulle voorgeskrewe offers bring.

Hoe het die tabernakel gelyk ? Dit was 'n onbeskryflike mooi tent, 30 el lank, 10 el breed en 10 el hoog en in twee vertrekke verdeel, waartussen die kosbare gordyn, die „voorhangsel", gehang het. Die voorste vertrek is die „Heilige" genoem en was 20 el lank, 10 el hoog en 10 el breed. Die agterste vertrek was die „Allerheiligste" en het 'n vierkant gevorm : 10 el hoog, breed en lank.

In die „Heilige", die voorste vertrek, het drie voorwerpe gestaan : die tafel van die toonbrode, die goue kandelaar en die dankofferaltaar.

In die „Allerheiligste", die agterste vertrek, het, agter die voorhangsel, net die ark gestaan. Binne in hierdie ark

was die kliptafels (die Wet van die Tien Gebooie), die staf van Aäron (Num. 17) en 'n kruik met manna (Hebr. 9 : 4).

Voor die tabernakel — hierdie ingeslote ruimte rondom die tabernakel word die „voorhof" genoem — was daar twee voorwerpe : die brandofferaltaar en die koperwaskom. (Die vuur op die brandofferaltaar moes altyd aan die brand gehou word).

Die voorhof was 'n langwerpige ruimte rondom die tabernakel, 50 el breed en 100 el lank; dit was rondom afgesluit deur sierlike gordyne van fyn dubbeldraad-linne.

Die voorhof en tabernakel is altyd so opgerig dat die voorkant, die ingang, na die ooste gewys het.

Rondom die tabernakel met die voorhof het Israel sy laer opgeslaan, maar nie na willekeur nie, want aan elke stam afsonderlik is sy bepaalde plek sorgvuldig aangewys (Num. 2).

Die afbreek en vervoer van die tabernakel met sy toebehore is aan die Leviete opgedra, so ook die versorging daarvan (Num. 3 : 25, 26, 31, 36, 37).

Al die werk aan die tabernakel was van die beste en kosbaarste. Die materiaal is verwerk deur twee bekwame kunstenaars wat op besondere wyse deur God vir hierdie taak toegerus was, naamlik Besáleël en Ohòliab (Ex. 35 : 30—35).

Die tabernakel met sy gereedskap is uit die vrywillige bydraes van die volk saamgestel. So mild het die offergawes van die volk vir hierdie werk ingestroom, dat die boumeesters oplaas vir Moses gesê het : „Die volk bring meer as wat nodig is vir die uitvoering van die werk wat die Here beveel het om te maak" (Ex. 35 : 6). Terloops wil ek net meld dat iemand êrens opmerk, dat die tabernakel met alles wat daarby behoort het, 'n waarde van £300,000 verteenwoordig. (Die Israeliete het nie juis arm en berooid uit Egipte vertrek nie, Ex. 12 : 35,36.)

Moses het vooraf 'n beroep op die volk gedoen om die materiaal wat nodig was, byeen te bring (Ex. 35 : 4v. v.). En hoe offervaardig die volk was, word ons in Ex. 35 : 20—29 meegedeel. Almal het graag, vrywillig en blymoedig bygedra. Ek stel my voor dat die behoeftiges wat nie kosbare dinge besit het nie, uitgegaan het in die veld om akasiahout bymekaar te maak wat vir die werk nodig was. Elkeen wou meehelp. Almal was geesdriftig. Moses moes oplaas 'n oproep deur die laer laat gaan: „Dis genoeg! Moenie meer bring nie!" (Ex. 35 : 6,7). Moses het hom ongetwyfeld oor die geesdriftige offervaardigheid van die

volk verheug, maar ook die Here het daarin 'n welbehae gehad, want Hy het 'n blymoedige gewer lief. Natuurlik het Hy ons gawes nie nodig nie, want alles is Syne — wat ons aan Hom gee, gee ons aan Hom uit Sy hand. (Die Kroniekskrywer deel ons nog 'n baie treffende voorbeeld van groot offervaardigheid mee, 1 Kron. 29).

Na 'n half jaar was hulle met die bou van die tabernakel klaar. By die in gebruik neming het daar iets opmerkliks gebeur : die wolk het op die voltooide tabernakel neergedaal (Num. 9 : 15) en van toe af aan het dit ook die teken vir die opmars gegee. Daardie wolk was die sinnebeeld dat God onder Sy volk woon (Num. 9 : 15—23), en hierdie sinnebeeld van die teenwoordigheid van God het aan die volk 'n heerlike gevoel van veiligheid en gerustheid gegee (Ex. 40 : 34—38).

As die tabernakel die woonplek van God onder volk genoem word, moet ons die woorde van Salomo in sy gebed by die in gebruik neming van die tempel onthou : „Sou God werklik by die mense op die aarde woon? Die hemel, ja, die hoogste hemel kan U nie bevat nie, hoeveel minder hierdie huis wat ek gebou het !" (2 Kron. 6 : 18; vgl. ook Jes. 6 : 1—4). Die tabernakel was die „tent van samekoms", naamlik van die Here met Moses as die middelaar tussen Hom en Sy volk. Moses kon dan ook in die tent ingaan om God te ontmoet, maar die volk self was nie toegelaat om daar in te gaan nie — hulle mog nie verder as die voorhof kom nie. Die priesters kon in die tabernakel ingaan en moes dit ook doen om hulle dienswerk te vervul, maar in die Allerheiligste mog ook húlle nie kom nie; hier mog alleen die hoëpriester, en dan ook slegs eenmaal in die jaar, naamlik op die groot versoendag, ingaan. Die plegtige handelinge op dié groot dag word breedvoerig in Lev. 16 beskrywe.

Na die verowering van die beloofde land, waarheen Israel op reis was, is die tabernakel in Silo opgerig (Jos. 18 : 1). Hier het dit gebly tot die Filistyne Israel verslaan en die ark weggevoer het (1 Sam. 4; kyk ook Ps. 78 : 60—64, Jer. 7 : 12, 26 : 6—9). Later vind ons die tabernakel in Nob (1 Sam. 21) en in Gibeon (1 Kron. 16 : 31). Eindelik is dit deur die tempel van Salomo vervang.

In Egipte het die volk van Israel die almag van God waargeneem; in die woestyn op hulle trek het hulle die sorgende genade van God ondervind; by Sinai was hulle getuie van die ontsaglike heiligheid van God; nou, met die tabernakel in hulle midde, sou hulle leer dat God onder hulle woon— nie 'n God van ver nie, maar van naby.

D.F.E.

Vir die Kleinspan:

DAWIE SE AVONTUUR

Dawie sug en trek sy vingers deur sy hare. Ai tog, hy wens darem hy het ook 'n fiets gehad soos baie van sy maats wat so lekker rondry. Hy moet maar oral waar hy wil gaan, altyd loop.

Toe besluit Dawie dat hy die hele week gaan soet en gehoorsaam wees, en baie vriendelik en hulpvaardig. Miskien sal sy ma hom dan 'n fiets present gee!

Dawie was altyd maar 'n soet en gehoorsame seuntjie, en daarom was dit glad nie vir hom moelik om soet en gehoorsaam te wees nie. Sy ma het ook glad nie opgemerk dat hy anders was as voorheen nie.

Toe die week verby is, gaan hy na sy ma en vra: „Mammie, het ek nie 'n fiets verdien nie?"

Sy mammie vra ewe verbaas: „Maar hoekom, Dawie?"

„Was ek dan nie die hele week baie soet en gehoorsaam gewees nie?"

„Wel, ek weet nie, Dawie."

„Ja, regtig, Mammie," sê Dawie, en sy gesig word eintlik rooi, „ek sien glad nie waarom ek dan moet soet en gehoorsaam wees as Mammie dit nie eens raaksien nie. Eendag het Mammie gesê ek kan 'n fiets kry as ek baie soet is. Maar dit help my glad nie om soet te wees nie."

Vinnig draai hy om en stap weg. Sy ma kyk hom agterna, maar sê niks nie. Sy wonder wat gaan aan, want sy ken hom nie so nie.

Dawie besluit toe om 'n ent te gaan stap en om niemand te groet en met niemand te praat en vriendelik te wees nie. „Miskien sal die mense dit nou opmerk," dink hy. Dawie stap met die straat af dorp toe en net 'n entjie van sy huis af sien hy 'n klompie van sy maats speel. Dawie stap maar aan of hy hulle nie sien nie. Hy maak ook of hy hulle nie hoor nie, toe hulle hom groet en nooi om saam te kom speel.

„Liewe land, wat makeer Dawie vandag?" sê hulle verbaas.

Voor die polisiekantoor staan Dawie meteens stil. Daar is 'n groot kennisgewing teen die muur opgeplak. Dawie lees dit en sy ogies blink weer. Nou het hy 'n plan! Hy gaan nou sommer begin soek na die sak met die silwergoed wat uit die ryk man se huis gesteel is, want dan kan hy dalk die beloning kry wat die man aan-

bied. Dawie draai net daar om en draf met die straat af na die veld se kant toe. Al met die voetpaadjie langs loop hy, by die veldwagter se huisie verby, na die kliprandjie toe.

„Dawie, Dawie!" hoor hy iemand roep, „Kom help my tog." Dawie kyk na waar die stem vandaan kom en daar sien hy klein Sannie staan. Gou-gou loop hy na haar toe.

„Ag, Dawie, sal jy nie asseblief tog vir my kom help om my pop daar uit die gat te kry nie? Ek het amper ook ingeval toe ek daarin wou kyk," vertel Sannie, terwyl die trane oor haar wange rol.

„Nee, vandag help ek niemand nie," sê Dawie toe dit hom skielik byval dat hy nie vriendelik wil wees nie. Maar Sannie huil so erg dat hy haar weer jammer kry en sê: „Nou toe kom, ek sal gaan kyk."

Die gat is diep en groot. Daar groei bosse langs die kante. Daar ver onder sien hy die pop se blou rokkie uitsteek. Versigtig klim hy in die gat af. Skielik gly sy voet en hy rol teen die kant van die gat af. Onder sal hy op skerp klippe beland en baie seer kry.

Maar hy val nie op skerp klippe nie, maar op 'n sak vol harde goed. 'n Sak vol harde goed! Dawie vergeet sommer hoe hard hy geval het. Gou maak hy die sak oop.

Silwergoed! Hy kan sy oë skaars glo. Die diewe het dit hier kom wegsteek!

„Sannie! Sannie!" skree hy so hard as wat hy kan. „Gaan roep die polisie! Gou!" Vinnig hardloop sy weg en Dawie wag in die gat. Wat sal gebeur as die diewe nou die goed kom haal?

Naderhand hoor hy mense praat. „Dawie!" roep iemand.

„Ja!" skree hy en kruip uit. "Hier is ek!"

Gou kom die polisie ook in die gat af. Dit is werklik die gesteelde goed wat in die sak is. Hulle is baie bly dat Dawie dit gekry het.

Dawie tel Sannie se pop op en kruip weer saam met die polisie teen die wal uit.

„Hier is jou pop, Sannie," sê Dawie.

„Baie, baie dankie, Dawie," sê sy, en haar gesiggie lag sommer weer.

„En vir jou is daar 'n beloning van £20, ou seun!" sê die konstabel.

„Twintig pond!" Het hy reg gehoor?

„O ja, hierdie silwergoed is honderde ponde werd."

„Maar dan," roep Dawie bly uit en spring in die lug, „kan ek mos vir my 'n fiets koop en nog 'n present vir Mammie!"

D. J. VAN NIEKERK.

Hierdie foto is geneem tydens die 15-jarige ampsjubileum van ds. C. W. du Toit as predikant van Potchefstroom. (1883—1908).

Voorste ry van l. na r.: J. A. Malherbe, N. M. S. Prinsloo, ds. M. J. Goddefroy, ds. J. van Belkum, prof. dr. P. J. Muller, ds. C. W. du Toit, ds. P. W. Ennis, ds. L. E. Brandt, J. S. Perold (orrelis), D. Crafford, C. J. du Preez, J. Broodryk, J. Nortje.

Tweede ry: S. J. Prinsloo, J. J. Swart, G. J. M. Wolmarans, J. Dreyer, A. J. G. Oosthuizen, J. B. Retief, Z. J. Lombard, P. Pienaar, T. F. Dreyer, H. Terblanche, M. Ballot, A. W. van Wyk (koster), P. A. Lourens.

Derde ry: W. G. Klerck, T. F. J. Steyn, P. Botha, Henning Visser, A. Espach, T. F. J. Dreyer, E. A. J. Grimbeek, Bart Venter, P. J. van Vuuren, Z. Pienaar, P. E. Heyneke, G. C. Lindeque, J. F. van der Merwe, L. Freislich.

Vierde ry: J. Geldenhuis, H. Muller, J. Prinsloo, P. van der Westhuizen, B. Lindeque, M. J. Wolmarans, I. M. van Rooyen, P. Malan, M. van Deventer, P. J. van Baalen, N. M. S. Prinsloo, S. Marx, T. Badenhorst, G. Dreyer, P. P. van den Berg, H. Visser.



P. E. BRITS

M. M. C. BRITS

P. E. en M. C. C. BRITS

Van die bekende kerklike families in die distrik van Heidelberg is daar o.a. die families BRITS en SMIT. Dit is van daardie families wat die Ned. Herv. Gemeente van Heidelberg vir baie jare help bou en instand gehou het.

Bygaande is 'n portrert van PIETER ERNS BRITS, gebore 10 Sept. 1884, oorlede 20 Maart 1956, en van sy eggenote, MARIA MAGDALENA CATHARINA, gebore SMIT, wat die lewenslig op die 22ste Augustus 1884 aanskou het.

Uit die huwelik wat op 19 Januarie 1904 voltrek is, is daar 12 kinders gebore waarvan 10 nog lewe.

Oom Pietie Brits was vanaf 1927 tot 1954 kerkraadslid. As ouderling van die wyk Sandfontein, was hy 'n steunpilaar vir sy Kerk en die Gemeente. Dit is verblydend dat sy seuns in hierdie opsig die nagelate voorbeeld van hulle vader volg.

J. C. du P.

OUJAARSMYMERINGE

„Weer 'n jaar verby!" Wat 'n welbekende gesegde wat ons elke end van die jaar hoor, maar hoe swaarbelaai is die gedagtes wat daaromheen geweef lê! Daarin lê ervaringe, geleenthede, suksesse, teleurstellinge, lief en leed saamgedring en opgehoop wat tyd en onderskeiding neem om te ontrafel en in die regte perspektief te sien.

Hoe vlieg die tyd tog om! Dis soos gister toe ons 'n nuwe jaar met al sy vooruitsigte en voornemens begin het. Waarlik, die tyd marsjeer ononderbroke in sy tempo, nie stadiger en ook nie vinniger nie, maar gewis en seker soos al die eeue deur sedert die geskiedenis van die mens.

En tog, hoe ongemerk ook al, aan die end van die jaar is daar 'n stukkie van die menseleeftyd onherroeplik verby. Met waters wat verby is, kan nie meer gemaal word nie. En aan die end van die jaar moet mens besef dat ons leeftyd „verby vlieg". Dit gaan dus tog gouer as wat ons besef in die storm en drang van die alledaagse lewe.

Die jaar wat verby is, kan nie weer oorgeleef word nie. Mens kan die wysers van 'n uurwerk terugdraai, maar nie die uurwerk van die tyd nie. Sy wysers wat in terme van dae vasgestel is, ken net een rigting: vorentoe!

„Ziel, zo is uw streven: met of zonder lust :
God slechts kan u geven ware avondrust.
Slechts de beek blijft vlieten, loopt van jaar tot jaar,
Kan geen rust genieten : immer voorwaarts maar."

Oujaarsaand dink ons daaraan dat die gereëlde tempo van die „wentelende jare" waarvan weer een verby is, nie los en toegevallig is nie, maar deel is van 'n vasgestelde ordinansie. Daarin is net so vasgelê dat aan die mens, wat tot die sedelike wêreldorde behoort, juis in die bestek wat in 'n enkele jaar afgemeet is, onafwysbare geleenthede en verantwoordelikheid opgelê is. Die jaar is nie as 'n speelbal vergun nie. Hy kan nie as bykomstig of waardeloos losgemaak word uit die totale lewensduur nie. Hy is soos die steen in 'n gebou wat welsaamgevoeg is. Deur een enkele swak steen kan die hele

gebou sy stewigheid verloor. Deur een enkele verspeelde jaar kan 'n hele leeftyd verongeluk word. Die steen wat nie goed gevorm en gebrand en ingevoeg is nie, dwing tot latere lapwerk, maar dit laat 'n duidelik sigbare, ontsierende teken na.

Die jaar staan as regter met 'n suiwere weegskaal op die afgelegde stuk lewenspad. „Wat ek geskryf het, staan geskrewe", met eie hand en lewensdaad. Herstel- of lapwerk verkort weer die kosbare tyd van die volgende lewensjaar.

GELEENTHEDE

Die tyd wat in die jaar beleef is, mag nie beskou word as 'n natuurlike beskikkingsreg of eiemagtige besit nie. Dis „geleen" om iets mee te doen, daarom bied dit „geleenthede". (Afgelei van „gelegenhede", dus iets wat op die weg geplaas is.) As iets geleen is, moet daarvan rekenskap gegee word. 'n Lening moet rente as konstruktiewe, verantwoordelike aksie openbaar. Daar was geleenthede in verhoudinge tot die medemens, in woorde, in dade. Dit het miskien bestaan in enkele momente, soos die tyd saamgestel is in momente, oomblikke. Daar is 'n arabiese spreekwoord : „Daar is net vier werklike dinge: Allah, die groot see, die angswekkende woestyn en . . . hierdie moment. En daar is drie dinge wat nie terugkeer nie : die gesproke woord, die pyl wat afgeskiet is en die jaar wat verby is". Die stukkie lewenspad wat 'n mens deur die jaar bewandel het, lê virgoed agter hom. G'n trane of gebede of geweld kan sy voet weer daarop plaas nie, net so min as wat mens presies sy voet weer in dieselfde gedrukte spoor kan neersit, of eenmaal geskrewe letters kan oorskrywe.

'n Terugblik oor die afgelope jaar laat elkeen sug : ag, as ek dit of dat weer kon doen, of weer dié of daardie kans kon kry! Maar die steen is gelê en met die nuwe jaar kom 'n ander steen daar bowe op.

Daar was so baie om te doen. Die lewe is nie „bestaan" nie, dis uit sy aard „aksie". Die lewe ken nie „rus" nie, want dit „roes". „Het leven is geen vrede alhier, geen wapenstilstand vragen : Het is de krygsbanier tot in Gods handen dragen".

Daar is vrugte op arbeid, oes op saaiwerk . . . goed of kwaad. Elke dag is 'n sekure rekenmasjien wat die syfers volgens hulle gedruk word, getrou weergee in sy totaal die end van die jaar. Watter totaal staar ons aan oujaarsdagaand ?

Daar was die verantwoordelikheid van 'n eerbare broodwinning, van 'n huis om te versorg, van voorsorg vir afhanklikes of vir die oudag. Vir baie lê sulke geleenthede soos Simsonshaarlokke verlore.

Daar was die geleenthede om te leer, want elke jaar is 'n getroue leermeester wat elke mens tot lewenslesse roep. En as die dae van die jaar reg getel word, reg benut word, bekom mens 'n wyse hart.

Deur een enkele les nie te leer nie, kan die skolier druip by die eindeksamen. Die verwaarloosde lesse van 'n jaar kan in die lig van die ewigheid 'n „wee" voorspel. Laat die grootste les wees: selfkennis, waarin onvolmaaktheid duidelik voor oë gestel en aanvaar word.

Dan alleen het die jaar sy nut om 'n mens die genade van sy Skepper te laat besef, want die jaar was 'n „genadetermyn". Want in die jaar het mens in die allereerste plek met God te doen gehad. God wat uit vrye guns na die mens toe beweeg het deur Sy Woord en Gees. God wat uit loutere gunsbetoon nog weer aan die onwaardige mens dinge toevertrou het: sy lewe, sy kragte, sy talente, sy brood, die dak oor sy hoof, die sonlig, Sy waarheid en beloftes.

Die Vlaamse digter het die klein waterbesie in oneindige kringe sien rondswem en allerhande figure op die watervlak sien skryf, en toe vir die waterskrywertjie gevra: Wat skryf jy? Die antwoord was: die Naam van God! Oor ons kronkelende voetspore, oor ons slingerende lewensdade, oor ons vermenigvuldigende gedagtes, troon daar 'n Vaderlike Albestier, en nie 'n blinde noodlot nie.

Daar was duidelike roepstemme, nie alleen deur die verkondigde Woord nie, maar ook deur lewenservaringe van watter aard ook al, wat herinner het aan vergankliheid, aan feilbaarheid, aan gebondenheid, maar ook aan bemoeienisse met die mens.

Deur alles heen word daar 'n hand geopenbaar wat die stuur hou. Die wêreld noem dit „omstandigheid;" die geloof noem dit „Voorsienigheid." En die wonder daarvan is, dat die indiwiduele mens, soos 'n korreltjie in die woestynsand, sy bepaalde plek het en dat met hom

rekening gehou word. So sien elke mens hom by die lig van die jaar-les as deel van 'n groot geheel en nie losstaande nie.

En hy beweeg in 'n bepaalde rigting. Waarheen? Na die ouderdom en eindelik na die graf? Nee, na die ewigheid, omdat die mens die ewigheid in hom dra. Soos al die golwe van die see eindelik op die strand verdwyn, so het die jaar-golf ons nader aan die ewigheid gebring, en daarmee nader aan ons eindbestemming.

Die end van die jaar — 'n onherroeplike end nader aan die groot Wit Troon en die opening van die Boeke wat oor die jare geskryf is. En as die gedagtes oor die afgelope jaar gaan, dan is die hele lengte maar soos 'n handbreed, soos 'n enkele tree, wat gouer afgelê is as wat met die baie dae besef was. Sal ek roem? Sal ek klae? Nee, ek sal sing:

„Dis die beeld, vol soet behae, van die ongebore dae.
Maar nou? . . . Hoe 't ek ingestort! Hoe's my lewenstyd verkort!

Toe sê ek, by soveel plae: Heer, verkort tog nie my dae!

Ag, hoe kort is reeds my uur! Maar u jare—'t eewge duur."

Die jaar was ook 'n „toetstermyn." In die natuur en in die sedelike wêreldorde moet alles sy bestaan regverdig. Dis die groot skeppingsdoel. En die toets kan soms in 'n klein aangeleentheid of moment bestaan en nie altyd in groot werk of geweldige aksie nie. Die toets van die Skepper se sorg en liefde word geopenbaar in die mier, die lelies, die gras van die veld, die blomme, die bome en vee op duisend berge, en wat die mens betref, in die telling van die hoofhare, sterkte volgens die dag, steun in die ouderdom, lewensgroenheid op gevorderde leeftyd, kroon op of loon na sy werk in die Evangelie en hoop op die saligheid. Daarom kon die man van God „die hemel en die aarde tot getuie roep."

Die gelykenis van Lasarus en die ryk man dra groot sentrale gedagtes : dat in die ewige wêreld en in die Ryk van die genade die verhoudinge anders en omgekeerd is as wat die eindige mens volgens die inspraak van sy hart bepaal en . . . dat een enkele mens die toets is om die

inhoud en gewig van 'n ander mens te openbaar!

In die loop van die jaar het ons baie ander mense ontmoet, met hulle te doen gekry op die lewenspad se jaarbestek wat nie weer oorgeleef kan word nie, want ons het die stukkie net een maal en vir die laaste maal bewandel en belewe.

Wie en wat was my toets, waarin die ewigheidsbepaling weerspieël word ? 'n Bedelaar aan my poort, 'n onverskillige wat ek miskien met 'n enkele liefdeswoord tot ander insigte kon gebring het, 'n groot geleentheid tot stigting van die medemens of uitbreiding van die Koninkryk van God, 'n hulpelose ouer, 'n soekende heiden, selfinkeer, gebed in die binnekamer, noodsaaklike alledaagse of kerklike werk . . . . siedaar, 'n handvol uit die skatkamer van die lewe, almal op hulleself toetstene!

Die jaar was 'n „handskrif teen die muur!"

Die dae is „af"-getel en die telling is voleindig.

Die regte gewig geestelik, materiëel en maatskaplik is vasgestel.

Die koninkryk van elke mens wat 'n koning is op sy staanplek of terrein van sy lewe, is gemerk om behoue of verwoes te word.

Oujaarsdag is 'n sprake Gods. Dit spreek van kom en gaan. Niks bly vir ewig nie, behalwe die ewigheid self en die God van die eeue.

Hierdie werklikheid lê die bede in die hart: Laat u werk vir u knegte sigbaar word . . . en bevestig U die werk van ons hande oor ons.

P. J. J. VENTER.

FINALE JAAR TEOLOGIESE STUDENTE, 1958

Van links na regs: E. C. B. Kotze, D. J. Dreyer, D. J. Booysen, G. C. van Staden.

ZEERUST VIER FEES



'N DEEL VAN DIE SKARE

PREDIKANTE BY DIE NAGMAALSVIERING TYDENS DIE FEESVIERING

Agter v.l.n.r.: Di. B. J. van Staden, J. L. van Staden, Prof. dr. H. P. Wolmarans, di. D. F. Erasmus, P. J. J. Venter, S. Vermooten, J. J. Engelbrecht en J. H. van Staden.

Voor v.l.n.r.: Di. S. J. Prins, C. S. v. H. Steenekamp, S. S. Young, J. B. J. van Rensburg, G. J. van Jaarsveld, en S. P. Viljoen.

AANNEMELINGE

Agter: Katkisasie-ouderlinge: W. J. Herbst, C. G. Scheffer en P. C. Grobler.



Ds. en mev. S. E. Young en Elma. Hier bevestig 11 Jan. 1947.

Viering van die Afbetaling van die Kerkgebou van die Gemeente Zeerust op 3 Mei 1958

Op aanbeveling van die Kerkraad, besluit die gemeentevergadering op 12 April 1947 om fondse in te samel vir die bou van 'n nuwe Kerk. Op 30 Steptember 1950 word besluit om mnr. Hendrik Vermooten te vra om as argitek op te tree. Op 22 September 1951 word die kontrak met N.H.W.-Bouers geteken. Op 10 Mei 1952 word die hoeksteen gelê, en op 8 November 1952 word hierdie nuwe Kerk in gebruik geneem.

Die opregte dank van die gemeente is verskuldig aan die N.H.W.-Bouers vir hulle goeie en deeglike werk en organisasie. Hier noem ons graag die name van mnre. Herbst, Van Delft, Fanie Vorster en in besonder ons voorman by die bouery mnr. Douglas Foster en al die ander werkers. 'n Spesiale woord van dank ook aan ons Argitek, mnr. Hendrik Vermooten, en aan ds. Young vir sy onbaatsugtige ywer en opoffering. Ds. Young se leiding was waarlik voortreflik en besielend. So vlot het die bouery verloop, dat hierdie ruime Kerkgebou, wat oor 660 munisipale sitplekke beskik, vir £16,900 opgerig is, en tesame met orrel en ameublement en ander toebehore £26,600 gekos het.

Hierdie bedrag is reeds voor die Mei 1958-Nagmaalsviering afbetaal en is daar besluit om die gebeurtenis van die afbetaling van die Kerkskuld feestelik te vier op die Kerkplein.

Ons dink dan met dankbaarheid aan al ons lidmate wat so getrou bygedra het tot die Boufonds van ons Kerk alhier en ons wil hartlike dank betuig aan een en almal.

Die Kerkraadslede wat soms onder baie moeilike omstandighede groot afstande moes aflê en selfs groot koste moes aangaan om die bydraes in te samel wil ons ook graag bedank, asook die scribas br. P. H. Viljoen en J. G. Swanepoel vir hulle getroue diens.

Die susters word spesiaal bedank. Hulle het benewens al hulle menigvuldige verpligtinge die pragtige orrel van plus minus £2,800 aan die gemeente geskenk en boonop nog bykans £2,000 in die Boufonds gestort. In verband met hierdie pragtige prestasie wil ons graag 'n woord van besondere dank rig aan mev. Young wat so baie werk verrig het in hierdie verband en ook vir die doeltreffende en bekwame leiding wat sy gegee het.

Ons besondere dank word uitgespreek teenoor ds. S. E. Young vir sy onvermoeide arbeid, toewyding, besieling en positiewe doelgerigte leiding. Hy was waarlik die spil om wie alles gedraai het en, naas God, dan die grootste dank en eer aan hom.

Ons nederige en opregte dank vir die bereiking van so'n mylpaal in die geskiedenis van ons Kerk op ZEERUST kom die Allerhoogste toe. Hy het ons geseën.

„As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou" (Ps. 127).

Die feestelikhede is ingelei met 'n groot gemeentebasaar wat Vrydagmiddag om 1 uur reeds 'n aanvang geneem het en geopen is deur ons plaaslike leraar ds. S. E. Young.

Die aand is 52 Katkisante aangeneem. Saterdagmore word hierdie feestelikhede voortgesit en val saam met die Ringsitting wat om 10 uur geopen word in die Kerk. Ds. D. F. Erasmus van Ventersdorp tree op as Voorsitter en ds. S. E. Young as scriba. Al die Ringspredikante, nl. di. D. F. Erasmus, J. J. Engelbrecht, S. E. Young, J. B. J. van Rensburg, C. J. van Schalkwyk, G. J. van Jaarsveld, J. L. van Staden en J. H. van Staden was teenwoordig.

Die voorbereidingsdiens word die namiddag waargeneem deur ds. P. J. J. Venter wat in hierdie gemeente gedien het van 1927 tot 1929. Na die voorbereidingsdiens het die feestelikhede op die Kerkplein begin. Ongeveer 'n duisend mense was hier vergader en 'n besonder aangename gees het geheers, terwyl sosaties, boerewors, koffie, koeldranke en ander heerlike geregte gratis geniet is. Hier het ou kennisse weer heerlik kon gesels oor 'n koppie koffie en kon oud en jonk terdeë geniet.

Die reëlingskomitee wens om 'n spesiale woord van dank te rig aan almal wat bydraes gelewer het soos eetware, skape, beeste en so meer, asook 'n spesiale woord van dank aan die Susters wat hulle plek so mooi volgestaan het om van die verrigtinge so'n sukses te maak.

Ses uur die aand is 52 nuwe lidmate voorgestel, waarna ds. D. F. Erasmus die feesrede gehou het. Kort na 7 uur nm. het ons aandprogram 'n aanvang geneem. By hierdie geleentheid het ouderling P. J. Basson die verwelkoming gedoen en ons het die voorreg gehad om

'n strokiesvertoning in verband met kerklike aangeleenthede te geniet soos vertoon deur ds. S. P. Viljoen van Lydenburg, wat in hierdie gemeente gedien het van 1939 tot 1944.

Vervolgens het elkeen van ons oud-predikante 'n paar woorde tot ons gerig en onder andere staaltjies uit hulle ervarings alhier, tydens hulle bediening, aan die gemeente meegedeel.

Die verrigtinge is opgeluister met orrelmusiek deur mev. R. Greyling, ons orreliste.

Ons was besonder bevoorreg om al ons oud-predikante teenwoordig te hê en het dan ook 'n klein geskenkie ter herinnering aan die geleentheid aan elkeen oorhandig deur ouderling W. L. v.d. Merwe.

Lank voor tien uur Sondagoggend was ons Kerk reeds stampvol. Die Nagmaalsdiens is waargeneem deur ds. S. Vermooten wat hierdie gemeente gedien het van 1915 tot 1919. Hierna is Nagmaal bedien waarby ons predikant al die oud-predikante, asook die Ringspredikante en een van ons gemeente-seuns, ds. B. v. Staden, om die beurt by die tafels laat optree het.

Die namiddagdiens is weergeneem deur prof. dr. H. P. Wolmarans wat die gemeente gedien het van 1922 tot 1927. By hierdie geleentheid het ds. S. J. Prins, een van die gemeente-seuns, die Doopplegtigheid waargeneem.

Die aanddiens is gelei deur ds. C. S. v. H. Steenekamp wat hierdie gemeente gedien het van 1936 tot 1938.

Die Ringsitting het Maandag 5 Mei, om 6 uur nm. afgesluit.

Hierdie mylpaal is bereik. Laat ons dan nie selfvergenoegd agteroor sit nie. Laat ons die werk van die Groot Meester met nog meer volharding en deursetting aandurf. Mag Hy ons die genade daartoe ryklik skenk en ons nietige werke seën.

Ps. 119 vers 105 : „U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad.".

Oud. P. C. GROBLER,
Sekretaris. Reëlingskomitee.

ZEERUST VIER FEES

By die tafels.



By die braaivleisvure.



ONS OU KERK 1869—1952

Gebou in 1869 — Tans Munisipale Biblioteek.

NUWE KERK, ZEERUST

Gebou deur die N.H.W.-bouers.

DIE HUIDIGE STAND VAN ONS EVANGELISASIE-WERK ONDER DIE BANTOE

Wie belangstel in landsake . . . . en wie van ons stel nie belang nie ? . . . . sal weet dat die dringendste, grootste en mees beklemmende vraagstuk waarmee ons te doen het, die kleurvraagstuk is. Watter deel van die kleurvraagstuk die belangrikste is, is moeilik om te sê, maar waarskynlik is dit die naturellevraagstuk, omdat die naturelle so oorweldigend in hulle getalle-oorwig is en hulle nog in so'n groot mate onbeskaaf is. Hierdie probleme oorheers vandag en vir die afgelope jare ons politieke en staatkundige toneel; en so sal dit nog vir baie jare wees.

Die kerk kan nie anders as om van die probleme van die volk, waarvan hy 'n groot deel is, notisie te neem nie. As die kerk hierdie probleme by hom sou laat verbygaan, hang hy in die lug, is hy vreemd aan die werklikheid en kom nie sy taak in hierdie wêreld na nie.

Wanneer ons kerk en Skrif in verband bring met hierdie probleme, is daar 'n tweërlei moontlikheid :

1. Die kerk kan op 'n afstand staan en kritiseer, oordeel en raadgee. . . . Die kerk as gewete van die staat het sekerlik so'n taak. Die kerk het 'n sekere distansie waarvandaan die kerk 'n perspektief kan kry, omdat die kerk 'n ander fondament as enige wêreldse instelling het en ook deur ander beginsels gelei word. As die kerk egter hierby sou volstaan, sou die kerk op verre na nog nie aan sy roeping voldoen het nie en sou hy hom blootstel aan die kritiek van die „beste stuurlui staan aan wal." Daarom is die volgende punt die belangrikste.

2. Wanneer die kerk die probleme van die volk raaksien, is dit ook sy plig om — sover dit in sy vermoë lê en in soverre dit binne sy roeping as kerk val — deel te neem aan die oplossing van daardie probleme. Maar hierdie arbeid van die kerk sal nie net daarin lê om hom in te meng in die politieke aktiwiteite van die volk en regering nie. Hoewel die kerk hier ook wel 'n taak het, is dit juis hierdie soort werk wat nog die meeste skade in ons land veroorsaak het. Ek dink hier aan die werk van mense soos Van der Kemp, Read, Phillips, Michael Scott, Huddleston, Reeves en De Blank. Die eintlike werk van die kerk is van heeltemal 'n ander aard. Die positiewe taak staan altyd baie hoër as die negatiewe.

Nou wat is die taak van die kerk ten opsigte van die naturelle-probleem ? Heeltemal in die algemeen kan

ons sê : Wesenlik is die roeping van die kerk altyd om op elke moontlike manier en geleentheid die Evangelie te verkondig. As dit nie die roeping is wat ons erken en bely en aanvaar nie, is ons geen kerk meer nie, maar 'n wêreldse vereniging wat spesialiseer in vroom, skynheilige praatjies en 'n bietjie sosiale werk. Maar in die besonder het ons hier 'n direkte opdrag :

„Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het" (Mat. 28 : 19)..

Gehoorsaam aan hierdie opdrag van Christus, het ons kerk die taak van die evangelisering van die heiden in ons land aanvaar. In die uitvoering van hierdie taak bou ons 'n selfstandige Bantoekerk naas en afsonderlik van die blanke kerk, maar onder toesig, beheer en leiding van ons kerk (Art. III van ons Kerkorde). Hierdie werk het al taamlik gevorder en onder die seënende hand van God vorder dit redelik vinnig. In hierdie werk is die kerk gehoorsaam aan die bevel van die Here; en hierdie gehoorsaamheid is altyd die eerste taak en roeping van die kerk. Maar in daardie gehoorsaamheid dra ons op eg kerklike en Christelike wyse by tot die oplossing van die grootste probleem van ons land. Want die grootste en moeilikste taak ten opsigte van die naturelle-probleem is nie om behuising of grond of gesondheidsdienste of wat ook al te verskaf nie; al hierdie soorte dinge kan ons met tyd en met geld wel regkry. Die grootste taak en verweg die moeilikste is die geestelike. En in die geestelike is die allerbelangrikste en mees fundamentele die godsdienstige. Wanneer sake in hierdie opsig reg verloop en die rigting waarin die naturel ontwikkel gesond is, geld die woord van Christus ook hier : „Soek eers die koninkryk van die hemele en al die ander dinge sal jou toegewerp word."

Om 'n indruk te gee van die stand van die arbeid op hierdie tydstip, wil ek 'n paar samevattende punte aanvoer :

1. *Natal*: Die arbeid in Natal onder die Zulu is die oudste. Die kerk het reeds in 1928 hierdie werk begin. Aanvanklik was dit egter nie die werk van die kerk as

sodanig nie, maar van 'n liggaam wat homself die „Nederduitsch Hervormde Sendinggenootskap" genoem het. Sedert 1948 het die kerk self egter die werk oorgeneem. Die Sendinggenootskap is ontbind en alles is aan die kerk oorgedra. Sedertdien het die werk ook baie vinnig vooruitgegaan.

Sedert 1928 was die werk hoofsaaklik gekonsentreer in die distrik Ixopo, maar hiervandaan het dit ook verder gesprei. In die jongste tyd is 'n ooreenkoms met die ander Afrikaanse kerke bereik insake gebiedsverdeling, sodat die situasie nou so daar uitsien :

Die distrikte Ixopo, Pholela en Umzinto (met 'n bevolking van nagenoeg kwartmiljoen naturelle) is geheel en al aan ons kerk toevertrou. So ook gedeeltes van distrikte Alfred en Umzinkulu, waar ons reeds gevestig was. In Pietermaritzburg het ons lankal 'n gemeente en hierdie werk gaan ook voort. By Weenen het ons 'n gemeente, waarmee ons voorlopig voortgaan, maar wat ons aan die N.G. Sendingkerk sal oordra sodra die tyd daarvoor ryp is.

In hierdie gebied het ons ongeveer 'n duisend belydende lidmate, van wie die meerderheid in die afgelope paar jaar bygekom het. Die oudste leraar hier is Umfundisi Mpanza. Naas hom is daar nog vier geordende leraars en tweemaal soveel evangeliste. Naas die reeds bestaande kerkgeboue moet daar binnekort op Pietermaritzburg, Sizanenjana en Umzinto geboue opgerig word.

2. *Transvaal en Vrystaat*: In hierdie provinsies het ons pas twee jaar gelede begin. Die werk het hier geweldig vinnig uitgebrei, veral as gevolg van sukses wat ons met separatistiese groepe behaal het.

(a) Deur ons eie werk het ons evangelisasie-poste (almal is nog nie as gemeentes georganiseer nie) op Potchefstroom (10), Carletonville (40), Fochville (35), Magaliesburg-omgewing (60), Boons-omgewing (100), Vereeniging (100), Pretoria (80). In Orlando-lokasie (Johannesburg) het ons 'n evangelis, wat pas begin het en waarvan ek nog nie gegewens het nie. In Pietersburg het ons deur die besoeke van een van die evangeliste 25 belydende lidmate. Voorlopig is die plan om nie verder as die genoemde gebiede uit te brei nie. (Getalle tussen hakies dui die aantal lidmate aan).

(b) Deur die oorkom van separatiste (sektes) het ons gekry Bloemfontein (1,000) Dewetsdorp (200),

Thabanchu (200), Vereeniging (300), Parys — Sasolburg — Welkom (50). Hierdie gemeentes is reeds deur ons werkers besoek en word deur hulle bearbei en daarom is die posisie hier duidelik en betreklik rigtingvas. Op die Rand (Alberton, Springs, Germiston veral) is daar groepe wat altesaam nagenoeg 1,000 tel, asook Heidelberg (400), Christiana (300) en verskillende minder belangrike plekke. Die posisie hier is egter nog baie onduidelik en onseker, veral omdat ons gewoonweg geen arbeiders het om daarheen te stuur nie.

Die posisie in die gemeentes en groepe wat uit die sektes oorgekom het, is vanselfsprekend baie minder seker en gesond as in die gemeentes wat deur ons eie werkers opgebou is. 'n Mens kan van hierdie separatiste ook baie makliker weer verloor. Met die loop van tyd, veral met steeds beter bearbeiding, word die posisie egter steeds meer gekonsolideer en daarmee ook meer geestelik gesond.

In Transvaal en Vrystaat het ons twee geordende morutis en vier evangeliste wat deur ons opgelei en in diens geneem is. Die twee baruti is Lukas Tsoai en Moses Moremane. Saam met die sektariese groepe het agt leraars oorgekom, wat by ons die status van evangeliste het, behalwe een wat as leraar erken is.

3. Wat die *opleiding* betref, is dit tot nog toe behartig deur die teologiese professore van ons kerk en ondergetekende (alles in vrye tyd). Op die oomblik word oorweeg om die opleiding — hetsy op ons eie, hetsy in samewerking met die ander Afrikaanse kerke — aan een van die Bantoe-universiteite, wat die Staat besig is om op te rig, te vestig. Hieroor kan op hierdie stadium egter nog niks definitiefs gesê word nie.

4. *Die nood op die huidige tyd*:

(i) Uit bostaande uiters kort samevatting is dit baie duidelik dat ons nog behoefte aan baie leraars en evangeliste het. Met die mense wat ons het, kan die werk nie naby gedoen word soos dit behoort nie. Ons kan die werkers vind. Ons kerk se beleid trek steeds meer bekwame naturelle na ons toe. *Die geld ontbreek egter om die mense in diens te neem.*

(ii) Daar is 'n uiterste behoefte aan 'n hele aantal

kerkgeboue. Die oorgrote meerderheid gemeentes beskik oor geen eie plek vir godsdiensoefening nie. *Die geld ontbreek egter om die nodige geboue op te rig.*

(iii) Soos die opleiding tot nog toe gedoen is, het goeie resultate opgelewer. Dit kan egter nie so voortgaan nie. 'n Vaster en meer geordende opleiding moet ingerig word. Daarvoor het ons geboue en personeel nodig. Albei kan verkry word, *die geld ontbreek egter om dit te doen.*

(iv) Tot nog toe is die organisasiewerk gedoen deur die voorsitter en lede van die Raad vir die Arbeid onder nie-Christelike Volke. Die werk het egter nou so uitgebrei, beide wat gemeentes en wat verspreidheid oor ons land betref, dat dit nie meer so gedoen kan word nie. Die werk ly daardeur skade. 'n Voltydse Superintendent van evangelisasiewerk moet beroep word. Die persoon is wel te vinde, *die geld ontbreek egter om hom te beroep.*

(v) Een van die magtigste wapens in die evangelisering van die heiden is *die verspreiding van 'n blad.* Dit is nie net belangrik vir die wen van nuwe mense nie, maar ook vir die koördinering van die reeds bestaande groepe en om rigting te gee veral aan die separatistiese groepe. *Die geld ontbreek,* hoewel ons die medewerkers met die nodige kennis van Bantoetale kan kry.

Daar is nog baie ander onmiddellike behoeftes; ons volstaan egter met hierdie paar van die belangrikstes.

Ons het elke keer die behoeftes aan fondse genoem. Dit is gewoonweg die waarheid. Die Here het vir ons deure geopen soos ons nog nooit vantevore gehad het nie. Ons word egter verlam deur die gebrek aan fondse. Baie mense sê altyd : Waarom kan die naturelle nie self betaal nie ? Ek kan u verseker dat hulle dit grootliks doen. Daar is reeds kerkgeboue wat hulle self op hulle koste opgerig het en 'n hele aantal van die leraars en evangeliste word deur hulle heeltemal of gedeeltelik betaal. Dit is ook ons beleid om hulle finansiëel selfstandig te maak. Maar evangelisasie van die heiden beteken tog vanself dat daar juis gewerk moet word waar **geen** gemeentes is wat kan betaal nie — anders is dit tog nie werk onder die **heidene** nie. Uiteindelik sal die naturelle

ook hulle deel bydra vir hierdie werk. Maar intussen moet ons die werk onderhou. As ons dit nie wil doen nie, met die ekskuus dat die naturelle self moet betaal, is dit blote moedswilligheid van ons kant — moedswilligheid omdat ons nie die aard van evangelisasiewerk wil insien nie. Buitendien : As ons nie 'n pennie vir die evangelisering van die heiden te spaar het nie, kan ons nie sê ons doen iets aan die verkondiging van die evangelie aan die heiden nie.

Daar is nog baie mense wat argumenteer oor die vraag : Moet ons evangelisasiewerk onder die naturelle doen ? Hierdie mense is minstens tien jaar te laat. In 1948 het die Algemene Kerkvergadering reeds besluit dat die kerk die werk aanvaar. Dit is aanvaar en die werk word gedoen. Die vraag wat elke gemeentelid persoonlik, elke kerkraad en elke gemeente, ja elke persoon en elke liggaam in die kerk, moet beantwoord, is nie of die werk gedoen moet word nie, maar : Wat is my, wat is ons deel aan hierdie werk ? Wat doen ons om die rigting van daardie werk te bepaal en die werk met ons steun moontlik te maak ?

Wat egter 'n baie belangriker vraag is om te beantwoord, is die volgende : Is ek met die houding wat ek inneem gehoorsaam aan die bevel van Christus ? Want die bevele van Christus in hierdie opsig is baie duidelik; ons kan daaraan nie twyfel nie. Al wat ons kan doen, is een van die volgende :

(i) Ons kan soos die sektes die tekste in die Bybel doodtrek.

(ii) Ons kan baie praat oor die saak en niks doen nie.

(iii) Ons kan willens en wetens aan Christus ongehoorsaam wees.

(iv) Ons kan aan ons Here gehoorsaam wees, nie net in woorde nie, maar in dade.

Ek glo 'n gelowige het net een keuse.

Dr. P. S. DREYER.

STUDENTE-AANGELEENTHEDE

Meer as eenkeer word die gedagte uitgespreek, ten regte of ten onregte, dat die teologiese studente hulle afsonder van die ander studente en van die aktiwiteite van die Universiteit. In sekere opsigte is dit miskien waar : Enige student, wanneer hy by die Universiteit aanland, kom in 'n vreemde wêreld, 'n wêreld waar hy hom van nuuts af moet aanpas. In die skool is alles met lepels aan hom gevoer en nou ewe skielik staan hy op eie bene en moet hy sy eie pad vind. Dit is dan ook geen wonder dat so baie studente 'n mislukking van hul universiteitsloopbaan maak nie. Veral as 'n mens nog in aanmerking neem dat ontgroening nou geheel en al afgeskaf is. Deur ontgroening is die nuwe student darem nog ingelyf in die verskillende aangeleenthede van die Universiteit, maar nou moet elkeen maar self uitvind wat aangaan — dit gebeur dan ook meer as een keer dat die ouere studente nie eens die name van die nuwelinge ken nie en die nuwelinge ook nie die ouere studente ken nie.

Die teologiese student pas hom natuurlik nog 'n bietjie moeiliker aan: As jong seun kom hy op die Universiteit met pragtige ideale om predikant te word. Hy begin klasloop en hy studeer alles behalwe wat hy reken 'n predikant of dan 'n toekomstige predikant behoort te studeer. Elke dag moet hy donkiewerk doen om die tale onder die knie te kry en sy toekomsideaal is glad nie in sig nie. Dan kom hy ook nog met ander studente in aanraking en hy hoor allerhande ander idees en ideologieë en meer as een keer begin hy selfs aan die Bybel twyfel. Dit is dan die tyd dat hy sommer sy studie laat vaar, en ongelukkig is dit wat gebeur met 'n baie groot aantal studente in hul eerste jaar. So het daar byvoorbeeld verlede jaar omtrent die helfte van die eerstejaars tou opgegooi voordat hulle die einde van die jaar eksamen gedoen het.

Al ses jaar is harde studie en dit is slegs die man wat van die begin af hand aan die ploeg slaan wat die einde bereik. Slegs die man wat die geloof behou en sy krag en leiding van God afsmeek, maak 'n sukses.

Maar die studentelewe het ook sy ligtere sy : Wanneer die student sy voete gevind het begin hy ook na buite ontplooi. Dan besef hy dat hy teologiese student kan wees, maar ook student in die ware sin van die woord. Hy kan studeer en hy kan *droogmaak*. Wan-

neer hy studeer, studeer hy werklik en wanneer hy *droogmaak,* maak hy sommer lekker droog. Wanneer die nuwe student dit kan regkry, is sy studie vir hom 'n plesier en maak hy ook 'n sukses daarvan.

So het ons ons jaarlikse piekniek by die tradisionele plek Hennopsrivier gehad; maar dan het ons ook teologiese kongresse op Potchefstroom gehad, saam met teologiese studente van ander Kerke.

Op sportgebied blink ons teologiese studente ook uit: so het ons 'n hele paar wat in die eerste en tweede spanne van die Universiteit speel. Van ons studente is lid van die Verteenwoordigende Studente-raad en ook op die besture van ander verenigings van die Universiteit. Ons bly dus nie net in ons geslote kring van die Van der Hoff Teologiese Vereniging nie, maar ons staan ook ons plek vol op ander terreine van die sosiale lewe van die Universiteit.

Ook as geslote vereniging leef ons ons uit: Ons het saam met Deo Gloria, die teologiese vereniging van die N.G. Teologiese studente, vergaderings gehou en daar sake oor die sending bespreek. Dan het ons ook 'n koor op die been gebring en ons hoop om, al is dit dan ook maar eers volgende jaar. toere te onderneem.

Aan die Universiteit is daar dus genoeg geleentheid vir alle studente om hulle ten volle uit te leef, om aan die sosiale aangeleenthede van die Universiteit deel te neem, maar om ook nie hul studie te verwaarloos nie. Dit is ook die plig van elke teologiese student om nie net te studeer nie, maar om ook deel te hê aan die buiteaktiwiteite van die Universiteit, want hoe anders sal ons, as toekomstige predikante, weet wat om ons aangaan?

Vanjaar hoop vier studente om hul studie te voltooi. Die foto is elders in die Almanak.

D. J. DREYER (Praeses V. d. Hoff 1958)

JACOB MATTHEÜS CHRISTIAAN NORTJE

Jacob Mattheüs Christiaan Nortjé is gebore op Wonderfontein op die 26ste April 1861, is oorlede op die 17de Julie 1955 en is begrawe op die plaas Rooipoort die ou familieplaas.

Hy het lidmaat geword op Potchefstroom in die jaar 1875, deur ds. V. d. Hoff; later word hy as diaken gekies in die gemeente Potchefstroom, vanaf 1903 tot 1907, dan trek oom Japie (soos alom bekend) na Krugersdorp. Hierdie gemeente dien hy vanaf 1907 tot 1914 as ouderling; in 1914 trek hy na Delareyville en dien as ouderling tot 1919. Daarna het oom Japie hom in Schweizer-Reneke kom vestig, waar hy gewoon het tot op 17 Julie 1955 met sy dood.

In 1919 het hy tydelik by die Ned. Geref. Kerk aangesluit, maar het aan die predikant gesê dat hy nie op die kerkraad sal dien nie daar hy net tydelik lid van dié Kerk sou wees. Die jare het voortgegaan en oom Japie het die Hervormde lidmate besoek en aangespoor om getrou te bly aan hulle kerk. Toe daar van 50 tot 100 lidmate was wat in die loop van jare ingetrek het, is in die jaar 1925 die Hervormde gemeente op Schweizer-Reneke gestig. Dit was 'n groot dag vir oom Japie. Sy lewenswens het in vervulling gekom. Hy kon ook nooit

ophou om daarvan te praat nie.

Vanaf 1925 was hy ouderling van die gemeente Schweizer-Reneke en het die Kerk getrou gedien as ouderling tot 1952, toe het hy gesê dat hy nie verder kon dien nie daar sy geheue swak word, maar die Kerkraad het nie kans gesien daarvoor nie en hy is tot oud-ouderling gekies; in dié amp het hy nog getrou die vergaderings bygewoon tot 1955.

Wyle oom Japie was alom bekend en bemind onder die lidmate van beide Kerke. In sy lang en bewoë lewe het hy geveg in twee oorloë, nl. die eerste en tweede Vryheidsoorlog. Oor dié dae kon oom Japie nog baie staaltjies vertel.

Met sy afsterwe was hy getroud met sy derde vrou. Uit die eerste huwelik is daar 7 kinders gebore van wie toe nog 5 gelewe het. Op die 26ste April 1955 was oom Japie 94 jaar oud. Hy was nog so sterk dat hy die eerste sooi van die nuwe kerkgebou gesteek het, maar daarna het sy gesondheid vinnig afgeneem. Sy wens was om die nuwe kerk te sien ingewy word, maar dié voorreg het God hom nie gegee nie; hy is 3 maande voor die inwyding dood. Ons wil God dank vir sulke getroue dienaars aan die Kerk.

J.A.B.

ONS JEUG EN DIE KUNS- EN ONTSPANNINGS-LEKTUUR

Ds. L. M. le Roux.

Vermaaklikheid en sport van allerlei soort neem ons jeug so in beslag dat daar seker niks van lees kom nie. Tog is dit nie die geval nie. Ons jeug lees baie. Natuurlik, daar is nie baie wat die werke van die groot meesters in die kuns lees nie. Hulle leeslus is anders gerig. Daar is groot belangstelling vir boeke en artikels wat handel oor tegniese prestasies, vliegtogte, Suidpool- en Oerwoudreise, ens.

Die boekemark is ook van winste afhanklik. Die gevolg is dat die vraag na wat waardevol is, plek moet maak vir die vraag wat die publiek graag wil hê.

Die dagbladpers en wat die publiek daar verwag, gee ons 'n goeie insae. Sensasionele leesstof is die aantreklikste. Daar was tye toe elke dagblad leiding wou gee. Vanaf 1890 egter het daar op die voetspoor van Amerika en Engeland dagblaaie gekom wat hoofsaaklik op winsbejag uit was. Toe is daar nie meer gevra wat is goed en opbouend vir die lesers nie. Die enigste bekommernis was of hulle dit sal koop. Die waarheid van 'n berig het nie soveel gewig as die sensasie nie. So word 'n koerant 'n slaaf i.p.v. 'n dienares. Dieselfde verskynsel vind ons in die boekeproduksie.

Gelukkig is dit vandag nie die geval met alle dagblaaie nie. Daar is baie wat hul karakter nie sal prysgee terwille van die wins nie. So is dit ook met boekuitgewerye. Wat ons aan sulke dagblaaie en uitgewerye te danke het met die oog op die jeug, kan nooit onderskat word nie.

Ongelukkig is daar 'n stoet „boekmakers" wat nog meer hulle oë op die mark gerig hou as 'n sigaretfabrikant. Hulle gebruik dan ook al die moderne reklame middels. Die gekleurde los omslae skreeu ons toe van

elke boekuitstalling. In die goeie tydskrif sal 'n mens van die soort boeke nooit 'n resensie of aanbeveling vind nie. Tog vul die massaproduksie duisende jong hande. Hulle beïnvloed die hart van die jeug baie meer as die goeie lektuur wat deur die kerkleiers en opvoedkundiges aanbeveel word. Die oppervlakkige sensasionele leesstof vind baie kanale na die huiskamer en treinkompartement, en dit word net soos die film en die radio 'n mag in die volkslewe. 'n Heeltemal ander geslag groei as gevolg van die gevaarlike voeding op.

Uit die lektuur wat baie byval vind, leer ons die gees van die tyd ken. Maar die leesstof vorm en handhaaf ook die gees. Die swak leesstof sê aan ons hoe ver ons en ons jeug al gesink het en tegelyk laat dit 'n voortdurende invloed geld om ons so te hou en nog verder in die rigting te vorm. Daar is twee soorte leesstof waarmee ons jeug hoofsaaklik in aanraking kom in ons tyd. Dit is dié van 'n goeie kunsgehalte en die ontspanningslektuur. Daaroor wil ons dan graag in hierdie artikel handel.

A. KUNSLEKTUUR.

In die literatuur ontroer die digter of skrywer ons deur sy beligting van die algemeen menslike agtergrond van ons lewe. Daar is 'n kleiner kern van jongmense wat hulself hartstogtelik verdiep in wat kunstenaars so skeppend tot uitdrukking gebring het. Wat ons hier vind, gryp egter nie die verbeelding van die jeugmassa nie. Alle mense het ook nie 'n ewe sterk gevoel vir die skoonheid, die estetiese nie. By diegene met wie dit wel die geval is, gebeur dit tog dat die skoonheidsverlange deur allerlei faktore met verloop van tyd verswak. Soms kan daar later nie 'n spoor daarvan meer gevind word nie. Die dwepende jongman word dikwels 'n koue sakeman. Die jongmeisie wat dikwels tot laat in die nag digbundels gelees het, word 'n slofende huismoeder. Die harde wet van die bestaan dwing hulle en laat geen plek vir geestelike weelde nie. As daar nog gelees word, is dit nie meer die literatuur van 'n kunsgehalte wat aan die orde kom nie.

Ons geestesspanning word so volstrek deur die moeisame arbeid in beslag geneem, dat in die vrye tyd na die ontspanning gegryp word, nie na ander spanning nie. Die resultaat kan dan innerlike verdorring wees, waar al die aandag op die welvaart en stoflike gewin gerig is.

Ons wil hier egter opmerk dat dit tog goed is as die lewe kontrole, beperking en tugtiging oor die skoonheidsverlange bring. As ons net op skoonheidsontroering uit

is, word ons geestelike lewe skeefgetrek. Dan gebeur dit dat 'n boek of 'n artikel vir ons net waardevol gaan wees as dit ons skoonheidsverlange bevredig. Dit is dan van minder belang wat die onderwerp is waaroor dit gaan. As die kuns doel in homself word, is dit 'n afgod.

Die skone moet daar wees, en ons moet nie ons hunkering daarheen afstomp nie, maar dit moet middel bly, in diens van die hoogste nl. God. In die regte leesstof mag nie een van die skone, die goeie en die ware ontbreek nie.

Indien 'n skrywer onverskillig staan teenoor die skone, die estetiese, dan sal hy daardie deel van ons jeug wat letterkundig aangelê is, vervreemd ook van die goeie en die ware. Onverskilligheid teenoor die skone, is 'n ruwe hand wat een van die grootste skatte van die lewe aanraak en vermorsel. Wee ons as ons hierdie verryking vir ons jeug bederf. Hulle sal ons daarvoor aanspreeklik hou dat ons só hulle bestaan ontluister het en hulle gevoelslewe vermink het.

Die jeuglektuur moet die skoonheidsverlange wat so sterk is in die lewe van die jongmense, ernstig neem. Juis in die innerlike verwarring van die jeugjare kan die vreugde oor die skoonheid hulle teen baie gevare, bv. die erotiese, beveilig.

Tog moet ons in die jeuglektuur die jongmense help om die oordeel en belangstelling vir die sedelike en die ware te ontwikkel.

Ons moet aan hulle verduidelik dat gesondlewe vereis dat ons al die funksies tot hul reg moet laat kom. As ons die een oorvoed en die ander ondervoed, word ons geestelike lewe skeefgetrek.

Shaw het tereg die rypere jeug die tyd van die morele hartstog genoem. Die verlange na eerlikheid, geregtigheid, trou en selfverloëning is in geen ander tydperk so sterk nie.

Tog skuil daar ook gevare in die lektuur wat al die aspekte van die skone, die goeie en die ware tot hul reg laat kom. Die gevaar is nl. die oergevaar van die eiegeregtigheid. Dit gebeur as dit net by die mens bly en in die mens bly. Die redding uit die nood is geleë in die Evangelie. In die Evangelie word Gods gedagte oor ons en Gods handeling met ons openbaar. In die Evangelie trek alles sig saam op die werklikheid van die vergewing van die sonde. Die geloof daaraan, dws. die innerlike aanvaarding daarvan, maak dat ons ons lewe gaan sien as 'n voortdurende verset teen God, 'n voort-

durende ontkenning met ons dade dat Hy reg op ons het. Ons oë gaan oop vir die feit dat ons nie alleen ons verlange i.s. die stoflike teenoor Hom vrye spel laat neem nie, maar dat ons ook ons geestelike moontlikhede gebruik om ons aan Sy gesag te onttrek.

In verband met die goeie jeuglektuur waar al die aspekte aanwesig is, kan dit sonder hierdie Evangeliediepte so wees dat die strewe en verlange na die goeie, na die ware 'n poging kan wees om self ons heil te bou. Selfs as ons God daarby haal, kan dit altyd nog wees 'n vroomheid waar ons 'n brug van ons af na God toe wil bou. Die Evangelie-diepte is hierin geleë dat ons tot die omgekeerde, die ommekeer geroep word, nl. om onsself los te laat en in vertroue op die goddelike belofte van ontferming ons oor te gee in die hand van die Vader. Dan sal ons besef dat ons nie die brug na Hom, maar dat Hy die brug na ons toe moet bou. Dit beteken dat dit vir ons alleen maar daarop aankom dat ons Hom Sy heilige gang moet laat gaan.

Die jeuglektuur van die regte, egte gehalte is die waar die swaartepunt van die lewe nie gesien word as 'n oorwinning van die laere deur die hoëre wat in die mens is nie. Dit is slegs die vrug. Die swaartepunt en wortel van die lewe is die aanvaarding van die goddelike heerskappy oor ons ganse bestaan en wese. Onder die lig van die eis van die gehoorsaamheid kry die vraag na goed of kwaad die diepe erns van die: „Wat wil u hê moet ek doen." Sonder hierdie Evangelie-diepte word ook die jaag na skoonheid in die lektuur 'n greep na die volstrekte te midde van die betreklikheid. M.a.w. sonder die Evangelie-diepte is die kuns afgodies en in sy diepste wese vals.

God wil gedien word met al die moontlikhede van gemoed, verstand en hart en niks mag sig aan Sy koningskap onttrek nie. Dit moet ons begryp en uitspreek in ons lektuur as ons die skoonheidsgevoelige jongmense in hul stryd (onbewuste) om vervulling van hul verlangens wil tegemoet kom. Dit bring die wydheid van uitsig as hul hunkering na die goeie en die ware aan die orde kom. Die skoonheidsverlange sowel as die verlange na die goeie en die ware moet alles onder die koepel van die goddelike Majesteit gestel word.

Indien ons ons jeug voed met 'n ander lektuur as wat ons hierbo probeer omskrywe het beskadig ons hulle siele en word ons herinner aan die waarskuwing van

Jesus Christus: „Maar elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is vir hom beter dat 'n meulsteen aan sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see."

B. ONTSPANNINGSLEKTUUR.

Ontspanningslektuur is die massavoedsel wat in ons tyd so oorvloedig aangebied word. Die woord ontspanning het as gevolg van die menigte rommel wat op dié terrein verskyn, 'n slegte klank by die ontwikkelde leser gekry.

Ons moet egter nie 'n bevooroordeelde uitspraak oor ontspanningslektuur vel nie. Die kolossale aanbod wys op 'n behoefte wat tot 'n sekere mate kunsmatig gevoed word. Maar die behoefte kom tog duidelik aan die lig.

Die normale lewe is die heeldag deur soos 'n boog gespan. Ons span ons vir ons daelikse brood tot die uiterste in. Die liggaam kan die spanning alleen volhou deur gereelde onderbreking in die slaap. Maar die gees het ook so 'n ontspanning nodig. Alle gesonde lewe eis die ritmiese opeenvolging van spanning en ontspanning. Die arbeid is belangrik maar ons moet nooit vergeet nie dat die ontspanning net so 'n groot betekenis het.

Die ontspanning moet rekening hou met die aard van die spanning. Iemand wie se daelikse werk weinig verstandsinspanning meebring, sal in sy vryetyd 'n ontspanning geniet waar die skerpsinnigheid aan die orde kom. Wat die literatuur betref, sal dit die kruiswoordraaisel en die speurverhaal wees.

As ons daelikse arbeid eentonig is, sonder kleur en afwisseling, soek ons in ons vryetyd na prikkels wat die gevoel van die lewe sal terugbring. Wat die leesstof betref, kies ons dan die sensasie-lektuur.

'n Groot hoeveelheid sensasie- en speurverhale word weekliks aangebied. Hulle is betreklik goedkoop. Vir die liggaamlike vermoeide kan die ontspanning van die spiere maklik hiermee gepaard gaan. Die inspanning van verstand en verbeelding is ook nie so groot dat dit 'n nuwe geestesarbeid word nie.

Maar u sal sê dat dit in die verhale tog juis altyd om moord draai en dit moet 'n verruwende invloed op die leser hê. Tog is die moord in so 'n speurverhaal nie 'n stuk menslike tragiek nie, nie 'n stuk gruwelike lewensleed vir die agterblywendes nie en die misdadiger is geen mens wat die goddelike orde verbreek nie.

In die regte speurverhaal is die moord niks anders

nie as gegewens in 'n denkspel. Dit is eintlik 'n skaakspel met meer velde en bewegings. Dit boei die fantasie sonder om die hart te raak. Skrywer en leser speel met mekaar soos 'n kat en 'n muis. Die skrywer probeer verberg; die leser probeer opspoor.

Vir die emosionele natuur wat sulke gegewens sonder meer aanneem, is sulke lektuur vergiftigend. Dit krenk hulle dat daar so gespeel word met die groot dinge van die lewe.

Maar die groot massa lesers beskou dit nie in so 'n ernstige lig nie. Vir hulle is dit spel. Dis vir hulle ontspanning om hulle so te stort in 'n wêreld wat hulle verstandelike behoefte bevredig maar hulle sedelike oordeel en waardering 'n oomblik rus gun.

In die arbeids- en ander spannings moet dus literêre ontspanning kom wat die sielskragte 'n oomblik rus gun. Die speurverhaal help hier baie, veral vir die jeug wie se gevoeligheid teenoor spanning en wêreldellende groter is.

Maar ek wil dadelik waarsku dat hierdie soort lektuur nie sonder gevare is nie. Natuurlik lê die gevaar nie so grootliks by die mes en die koeël wat ons daar aantref nie, maar ek wil 'n paar groter gevare noem:

1. Die jeug word so deur die lektuur in beslag geneem dat hulle nie meer sin het vir lektuur van 'n goeie kunsgehalte nie.

2. Die sedelike waardering wat ook aan die woord moet kom om te ontwikkel en ons jeug te beïnvloed, bly dan slapende.

3. Die jeug is idealisties en geneig om te vereer. Hulle vereer nou 'n minderwaardige figuur in die verhaal. Dis nou nie net suiwer spel meer nie maar 'n vermenging van spel en lewe. As ons hulle kritiese vermoë nie opwek nie, kan sulke leesstof vergiftigend werk. Ons help hulle egter nie deur maar net hierdie boek-tipe te verwerp nie. Ons gaan nie hooghartig bokant hulle staan nie, maar in menslike belangstelling en meegenieting gaan ons langs die entoesiaste staan, maar met 'n kritiese uitkyk. Die jeug moet duidelik besef dat al deel ons hierdie wyse van ontspanning van hulle, tog ondergaan ons nie alles lydelik soos 'n slaaf nie. Ontwikkel die kritiese vermoë van die jongmens; gee hom norme-geestelike maatstawwe waaraan hy ook sy ontspanning kan toets.

4. Ons moet die bewonderaars dus leer om die beperkte betekenis van die lektuur in te sien. Hulle moet

weet dat die fatsoenlike speurverhaal nie bedoel om die lewe uit te beeld nie. Ons vind werklik die verknoeiing van die lewe meer in die swak gehalte roman met die onwerklike liefdesgeskiedenisse en die verfoeilike gelukkige einde. Dit vervals ons fantasie. Maar ons moet tog ons jeug duidelik onder die indruk bring dat as ons net sulke verhale lees wat verstandelike oplossings vra, die ryk gebied van ons gemoedslewe braak sal lê. Ons lewe sal verskriklik verskraal word as dit net met die soort lektuur kennis maak.

5. As ons jeug net sulke leesstof kry, sal hulle die mense rondom hulle nie hoog ag nie. Die mense word dan maar net pionne van die skaakbord. Moord of dood gaan ons nie meer ter harte nie.

By die goeie boek of 'n digbundel is dit anders. Die skrywer of digter bring ons by die plekke waar die bronne van die lewe ontspring as hy die sluier waaragter ons ons lewensgeheim verberg, wegskuif. Hy stel ons teenoor die verantwoordelikheid, die skuld, die vreugde van ons bestaan. As ons jeug hiervan iets begryp, sal hulle nooit slaaf word van die speurverhaal nie.

6. Daar is egter 'n ander gevaar — minder duidelik maar miskien die ergste. Daar is in die speurverhale 'n sedelike beoordeling wat geskei is van die diens van God. In baie is daar 'n soort moraal en ridderlikheid wat afstam van die hoë stand van Engeland. Hierdie stand is 'n klein bolaag van die Britse volk op hul geerfde of gekoopte landgoed. Dit gaan daar volgens 'n sekere wetboek wat 'n heer mag doen. Sekere onbybelse dinge word as vanselfsprekend gestel en dit in boeke waarin allerlei regterlike vergissings in voorkom. Onbybelse maatstawwe geld waardeur diegenes wat optree, hulle teenoor mekaar gebonde voel. Daar is 'n stereotiepe ridderlikheid ten opsigte van dames wat skuldig of onskuldig teenoor die polisie beskerm moet word.

'n Afkeer vir rugbaarheid is 'n volkome aanvaarbare motief vir verswyging teenoor die justisie.

'n Sekere meinedigheid is in sulke gevalle ook geoorloof. Hierdie dinge wat in stryd is met die gehoorsaamheid aan God, werk stil deur op ons jeug.

Die gevaar is groot, omdat die soort sedelikheid 'n besondere bekoring het vir ons regskape jeug.

Die sedelikheid mag nooit ontluister word tot die

volg van 'n wetboek van sedelike etikette nie. Burgerlike fatsoen mag nooit deurgaan vir godsdiens nie. Al kan die moraal ook beveiliging bring om persone binne perke te hou en 'n maatskappy netjies georden en gesofistikeerd —tog mag geen sedelike resepte, geen kaste-ideaal, geen wetboek van morele etikette, geen burgerlike fatsoen, ons belemmer in ons verantwoordelikheid in ons gehoorsaamheid aan ons Heer en Meester nie.

En waar hierdie boeke altyd draai om die vraagstukke van goed en kwaad, van skuld en leed, tref dit ons sedelike besef in die hart. Die beswaar hierteen is so groot dat ek dit byna sou wou verwerp.

En tog mag ek nie:

1. Die lektuur het sy tallose entoesiaste onder ons jeug en hulle sal my besware nie so goed verstaan nie. Ons moet dus help sonder om weg te stoot.

2. Daar is ongetwyfeld 'n groot behoefte aan die soort ontspanningslektuur van verstandelike aard.

Ek wil dus aanbeveel dat ons in die versoekings en gevare vir ons jongmense digby hulle gaan staan — so digby hulle dat hulle in ons houding die geloof kan merk dat Christus vir elke geslag, ook vir ons huidige jong geslag, Sy lewe op die altaar gelê het. Deur ons lewenswandel moet ons hul liefde wek vir die Groot Boek wat alle waarhede bevat en ons vertel van die Een wat ons van alle innerlike spannings kan bevry. Ons moet by hulle die kritiese vermoë om wat swak is, self te verwerp en 'n sin vir die skone en mooie by hul aankweek, ook vir die mooi en goeie boek ontwikkel. Hierin het die skool seker die eerste en groot taak, maar daarna ook ons Jeugverenigings.

L. M. LE ROUX

Pretoria-Oos.

DIE BYBEL OOR DRANKMISBRUIK

1. *Die ganse Skrif veronderstel die gebruik van wyn en selfs sterke drank as normaal en gangbaar,* en nêrens word die beheerste, gesonde gebruik daarvan direk of by implikasie veroordeel nie. Vrugbare wingerde en oorvloed van wyn word dan ook vir Israel gereken onder die seëninge van God, as deel van die weldade wat God hulle in hierdie lewe bewys. Dat in die Land Kanaän wingerde gegroei het wat trosse gedra het vir twee man om aan te dra, was een van die bewyse dat dit 'n goeie land was wat die Here aan sy volk sou gee. Daarteenoor word dit as een van die vloeke van Deut. 28 aan Israel voorgehou, dat as hulle nie luister na die gebooie van God nie, hulle „wingerde sal plant en bewerk, maar geen wyn drink nie'. As Moses die weldade opnoem wat Hy aan Israel bewys het (Lied van Moses : Deut. 32 : 14), dan sê hy o.m. : „Druiwebloed het jy gedrink, skuimende wyn". Amos beskryf die messiaanse heilstyd (9 : 13) o.m. met die volgende taal : „Kyk die dae kom . . . dat die berge van mos sal drup en al die heuwels daarvan sal oorvloei. En Ek sal die lot van my volk Israel verander, en hulle sal die verwoeste stede herbou en bewoon, ook sal hulle wingerde plant en die wyn daarvan drink". As die eerste gedeelte beeldspraak is, dan seker nie die laaste uitdrukking nie. Volop wyn is deel van die seëninge van die messiaanse heilstaat. Maar ook waar dit as beeldspraak gebruik word, is dit juis opnuut 'n aanduiding daarvan dat wyn as 'n edele drank, as 'n Godsgawe beskou was deur Moses en al die profete. Dink maar aan Jes. 55 : „Kom koop, sonder prys en sonder geld, wyn en melk!" Jesaja weer verkondig dat God op die berg Sion aan die einde van die dae 'n feesmaal sal aanrig vir al die volke, en dit sal wees 'n „maaltyd van vet spyse, van gesuiwerde ou wyn". Daarom kan die Prediker die een wat verstandig wil wees, aanraai : „Drink jou wyn met 'n vrolike hart . . .", en lees ons in Spreuke 31 : 4 : „Gee sterke drank aan hom wat wil ondergaan en wyn aan die wat bedroef is. Laat hom drink en sy armoede vergeet en aan sy moeite nie meer dink nie". In Deut. 14 : 22 kry ons dit as 'n gebod van die Here aan Israel, dat hulle jaarliks na die heiligdom moet gaan om daar van hulle tiendes wat hulle daarheen bring, te eet. En as die pad te lank is om dit te vervoer, moet hulle dit verkoop

en met die geld dan weer gaan koop wat nodig is vir die feestelikheid :- „Dan moet jy die geld gee vir alles wat jou siel begeer, vir beeste en kleinvee en wyn **en sterke drank*** en vir alles wat jou siel begeer, en jy moet daar eet voor die aangesig van die HERE en VROLIK WEES, jy en jou huis".

Wat die Nuwe Test. aangaan, kan ons volstaan deur slegs daarop te wys dat Jesus, anders as Sy asketiese voorganger Johannes die Doper, volgens sy eie getuienis „gekom het en geëet en gedrink het" (Mat. II), dat Hy op gepaste wyse wyn gemaak het by die bruilof in Kana, toe die voorraad opgeraak het, en dat Hy nêrens 'n afkeurende woord uitgespreek het oor die gebruik van wyn of enige drank nie; verder, dat Hy juis wyn gekies het as die drank wat simbolies Sy lewegewende bloed moet voorstel by die Nagmaal. Opvallend is, dat Hy dit ook nog letterlik in die vooruitsig stel dat Hy ná Sy wederkoms weer saam met sy dissipels „van die vrug van die wynstok" sal drink! Ook in die apostoliese briewe kry ons nêrens 'n woord van afkeuring oor die gebruik van alkoholiese drank nie.

II. *VERBODE was die gebruik van wyn of sterke drank alleen met die oog op besondere omstandighede en vir besondere persone*: Bv. vir Aäron as hoëpriester kom dit as 'n bevel : „Moenie wyn drink of sterke drank nie, jy of jou seuns saam met jou as julle in die tent van samekoms ingaan, dat julle nie sterwe nie . . . julle moet 'n onderskeid maak tussen wat heilig en wat onheilig is . ." (Lev. 10 : 9) So was die gebruik van alle drank vir die Nasireërs verbode, solank hulle aan die nasireërsgelofte gebonde was. Nadat die termyn verstreke was, kon hulle egter weer drink. In die Nuwe Testament is die enigste uitspraak teen die gebruik die van Paulus in Rom. 14 :21 :- „Dit is goed om geen vleis te eet of wyn te drink of iets te doen waardeur jou broeder aanstoot neem of struikel of swak is nie". Hier is dus ook geen indikasie dat daar op homself iets verkeerd is met die drink van wyn nie. Dis slegs 'n sekondêre kwaad, 'n oortreding van die gebod van die liefde tot die naaste, wanneer iemand enig-

* „Sterke drank" beteken in die Bybel nie dieselfde as die aan ons bekende moderne spiritualieë nie, maar 'n kragtige wynsoort.

iets doen wat hy net so goed kan nalaat, terwyl sy broeder in Christus daardeur geestelik skade kan ly.

Hiermee kan ons volstaan wat die gesonde, positiewe houding van die Skrif aangaan teenoor alkoholiese drank as deel van die goeie geskape dinge wat God as gawe, vir gebruik met danksegging, aan die mens gegee het. Laat ons hierdie enigste gesonde houding ook as kerk bly handhaaf, teen alle veroordeling en verdagmakery in. Laat ons oppas vir die suurdeeg van die Fariseërs; laat ons die sonde nie gaan veruiterlik nie, en veral nie probeer om God te vereer met gebooie van mense nie! Vromer as Jesus moet ons tog nie wil word nie !

III. *WAT DIE MISBRUIK BETREF* laat ook die ganse Skrif geen onheldere geluid hoor nie. Naas so 'n uitspraak as die van Spr. 31 : 4 : „Die konings, o Lemeul die konings moet nie wyn drink nie, en die vorste moet nie sterke drank begeer nie. Anders drink hulle en vergeet die insettinge en verdraai die reg van die ellendiges", waarby soberheid as lewenseis vir die verantwoordelikes voorgehou word, kry ons sulke sterk uitsprake as Jes. 5 : 22 : „Wee hulle wat helde is om wyn te drink en wakker manne om sterk drank te meng", en Pred. 10 :7 : Gelukkig is jy, o land, as jou koning 'n edele is en as jou vorste op die regte tyd maaltyd hou **soos manne** en nie soos drinkers nie", en Jes. 5 :11 : „Wee hulle wat vroeg in die môre klaarmaak om sterk drank na te jaag, wat in die nag laat opbly terwyl die wyn hulle verhit!" Spr. 20 :1 waarsku dat „die wyn 'n spotter is en sterk drank 'n lawaaimaker; en elkeen wat daardeur verhit raak, is nie wys nie", terwyl die ellende wat volg op drankmisbruik en die verwronge lewenshouding van die dronkaard realisties geteken word in Spr. 23 : 29 v.v. : ‚By wie is „ag", by wie is „wee my", en by wie is getwis ? By wie is geklaag ? By wie is wonde sonder oorsaak ? By wie is dofheid van oë ? By die wat laat opbly by die wyn, by die wat ingaan om gemengde drank te proe". Ná die waarskuwing teen hierdie misbruik, volg 'n tekening van die bedwelmde toestand van die beskonkene, wat naderhand vra : „Wanneer sal ek wakker word ? DAN SAL EK DIT WEER OPNUUT SOEK!"

Dit bring ons dan by die mens met die verwronge lewenshouding, wat sy genot soek in die misbruik van be-

dwelmende drank, die slaaf van die alkohol, wat Paulus noem die „oinoodedouloomenos"* (Titus 2 : 3), waar hy sê dat die ou vroue as heiliges moet lewe en daarom nie „dedouloomenoi" mag wees nie. Dis 'n gebod van die Nuwe Testament: Alle drankmisbruik, oordaad en dronkenskap is hier streng verbode en sluit die mens uit die Koninkryk van God uit. Die Christen moet dienskneg van Christus, kind van God wees, en as sodanig mag hy aan niks anders as aan die wil en welgevalle van God gebonde wees nie. Die dronkaard is 'n slaaf van waar hy deur oorwin is, en dit maak dit vir hom fisies, psigies en logies onmoontlik om as burger van die geestelike ryk van Christus te handel.

'n Drinker word ook (I Tim. 3 : 3) as 'n PAROINOS aangedui : een wat aan wyn oorgegee is. So een mag bv. nie 'n kerklike amp beklee nie. Die praktyke van drankmisbruikers word aangedui met verskillende ander woorde : KOOMOS is 'n uitgelate drinkparty of brassery. Jesus waarsku sy gelowiges (Luk. 21 : 34) : „Pas op vir julleself dat julle harte nie miskien beswaard word deur swelgery (KOOMOI) en dronkenskap (METHAI) nie". Dit word in een asem genoem met ooretery: Die sonde lê o.m. in die oordaad, die onmatigheid, die oorgawe aan dié dinge, waarin geestelike perwersiteit geleë is. In dieselfde gees waarsku Paulus : „Moenie dronk word van wyn nie, waarin losbandigheid is . . ." In Rom 13 : 13 skryf Paulus verder : „Laat ons welvoeglik wandel soos in die dag, nie in brassery (KOOMOIS) en dronkenskap (METHAIS) nie", en in Gal. 5 : 21 word onder die vrugte van die vlees genoem METHAI EN KOOMOI met die byvoeging dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie. „Want" sê Petrus (I Pet. 4 : 3) ‚dit is genoeg dat ons in die afgelope lewenstyd die wil van die heidene volbring het deur te wandel in ongebondenheid, begeerlikheid, dronkenskap en brasserye en drinkpartye." Hier vind ons nog twee woorde om die drankmisbruik aan te dui: OINOPHLUGIAIS: 'n *voorliefde om te drink en tot besopenheid*: lief wees vir die bottel, en POOTOIS, van POOTOS :- 'n rondtetjie met drank. Die euwel lê dan blykbaar in die geestesgesteld-

* Een wat aan wyn verslaaf is.

heid by die mens, dat hy sy vreugde en plesier vind in die samekomste waar drankies vryelik vloei en die glasies die rondte doen, wat natuurlik 'n mindere of meerdere mate van beskonkenheid as gevolg het. Weer *oordaad, bedwelming, ligsinnigheid.* Petrus wys daarop dat die heidene die christene nou bespot, wat opgehou het met hierdie praktyke. Die heidene vind daar blykbaar 'n onnatuurlike lewenshouding in, 'n verarming van die lewe. Maar hulle sal rekenskap gee, sê hy, aan Hom wat gereed staan om die lewende en die dode te oordeel.

In een woord: Die boodskap van die ganse Nuwe Testament in hierdie saak is, dat *die dronkaards nie ingaan in die koninkryk nie;* dat dronkenskap en alle onmatigheid in die gebruik van alkoholiese drank onversoenbaar is met 'n christelike lewe. Laat ons ook hier streng vashou aan die enigste gesonde houding: die wat *die* woord van God ons voorhou. Dit nie alleen *wat* ons eie gedrag aangaan nie, maar ook in ons houding teenoor drankmisbruik, by wie ook al. Die Bybel veronderstel verantwoordelikheid en aanspreeklikheid by hulle wat dit doen en ons moet dit handhaaf en so verkondig. Aan alle dronkaards moet verkondig word: Sonde, geregtigheid en oordeel, ja hoe *groot* hulle ellende is; hulle moet geroep word in die eerste plek tot bekering, omdat hulle anders nie in die koninkryk van Christus kan ingaan nie; maar veral moet dan ook aan hulle verkondig word: Genade, barmhartigheid en vrede en, wat hulle betref, ook genesing, bevryding van slawerny, vir elkeen wat na Christus toe gaan.

By ons toenemende kennis van die sielkundige en fisiologiese faktore wat so 'n groot rol speel by die ontstaan van alkoholisme, sal ons dankbaar van daardie kennis gebruik moet maak om die swakkes in hulle stryd simpatiek by te staan, maar nooit slap word in ons simpatie, om sodoende die versonkenes onder die valse indruk bring dat hulle vanweë hulle swakheid of beproewings van die lewe maar in die sonde kan bly lê nie. Liefdevolle gestrengheid in prediking en tug sal kenmerkend van die optrede van die kerk moet wees, beslis baie meer as wat tans die geval is.

J. J. ENGELBRECHT, Snr.

GELOFTEDAG

— „een dankdag, zoo als een Sabbatdag tot Zijn eer" —

1. *Die Benaming*: *Geloftedag*:

In die loop van die jare is daar verskillende name gebruik vir die dank- en feesdag van die 16de Desember. Daarvan is die benaming „Dingaansdag" seker die bekendste.

Dit is egter goed dat die benaming *Geloftedag* vandag offisiëel en algemeen gebruik word om hierdie dankdag aan te dui.

Dit is goed, omdat dit op hierdie dag *nie* gaan oor Dingaan wat oorwin is nie; ook *nie* oor die heldedade en oorwinning van die Voortrekkers *nie*. Dit gaan naamlik op hierdie dag oor God — oor Sy groot dade en oor die feit dat op hierdie dag voor die „heilige God van hemel en aarde" 'n gelofte afgelê is.

Die benaming Geloftedag is daarom bo die ander benaminge te verkies :

Eerstens omdat dit 'n woord is wat heenwys na God aan wie die gelofte gedoen is en ons laat sien dat dit gaan oor , de eere van Zijn Naam".

Tweedens omdat dit 'n naam is wat ons wys op ons gelofteplig teenoor God nl. ons dankbaarheid, ons ootmoed en ons verantwoordelikheid teenoor Hom aan Wie toekom „die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid" (Matt. 6 vers 13).

II. *Wat beteken 'n Gelofte voor God?*

Die Bybel maak aan ons duidelik dat die aflegging van 'n gelofte voor die aangesig van God 'n baie ernstige saak is. Op verskillende plekke skerp die Bybel hierdie erns by ons in en word ons vermaan om baie versigtig te wees by die aflegging van 'n gelofte voor God. So sê bv. Prediker 5 vers 1 :

> „Wees nie haastig met jou mond nie, en laat jou hart nie gou 'n woord uitbring voor die aangesig van God nie; want God is in die hemel, en jy op die aarde. Daarom moet jou woorde min wees."

Vir die Bybel is die aflegging van 'n gelofte selfs

só ernstig, dat Prediker 5 vers 4 aan ons sê:

„Dit is beter dat jy nie belowe nie,
as dat jy belowe en nie betaal nie."

Van 'n gelofte voor die aangesig van God, is dit nie moontlik om later te sê :

„Dit was 'n vergissing nie" (Pred. 5 vers 5).

Hierdie saak is so ernstig omdat die aflegging van 'n gelofte die volgende beteken :

Eerstens is dit so dat ons by die aflegging van 'n gelofte voor Gods aangesig, God as die getroue Getuie inroep en onder aanroeping van Sy Naam 'n eed voor Hom as Getuie sweer (vergelyk bv. Gen. 31 vers 50, 1 Sam. 12 vers 5, Jer. 42 vers 5, Miga 1 vers 2 Maleági 2 vers 14, Rom. 1 vers 9, 2 Kor. 1 vers 23, 1 Thess. 2 vers 5 en 10 en Op. 1 vers 5).

As ons dan so'n gelofte sou breek, dan breek ons 'n heilige eed in Sy Naam en dan het ons van Hom 'n Getuie van 'n leuen gemaak en dan het ons Sy Heilige Naam ontheilig en Dit oneer aangedoen.

Tweedens beteken die aflegging van 'n gelofte voor die aangesig van God, dat ons *teenoor Hom* skuldig is om dit te betaal, al het ons ook belowe dat ons iets vir mense sou doen. Nie teenoor mense nie, maar teenoor God is ons verantwoordelik om te betaal; Hy was immers die Getuie. Daarom sê Psalm 76 vers 12 dan ook :

„Doen geloftes en betaal dié aan die Here julle God."

Daarom sê Prediker 5 vers 3 ook aan ons :

„As jy 'n gelofte aan God gedoen het, stel nie uit om dit te betaal nie . . . Betaal wat jy belowe."

III. *'n Gelofte aan God*:

Die Bybel maak aan ons duidelik dat ons sekere geloftes kan aflê *voor* God as Getuie en dat ons dan kan belowe om bv. sekere dinge *vir mense* te doen.

Die erns van so'n gelofte word as't ware dubbel verskerp indien ons nie net *voor* God 'n gelofte aflê nie, maar ook *aan* God. Dan gaan dit nie net oor die eer van die heilige God as Getuie en oor die heiligheid en eer van Sy Naam nie; dan gaan dit nie net daaroor dat ons ons belofte *voor* Hom sal betaal nie, maar dat ons ons belofte *aan* Hom, die Here van hemel en aarde, sal betaal.

Soos ons later sal aantoon was die gelofte van die

16de Desember nie net 'n gelofte *voor* Gods aangesig nie, maar ook *aan* God.

IV. *Het die Voortrekkers hierdie dubbele erns en verantwoordelikheid van hulle gelofte voor God en aan God besef?*

Ek glo dat ons uit die geskrifte van die Voortrekkers baie duidelik kan sien dat hulle op die 16de Desember wel hierdie dubbele erns en verantwoordelikheid van hulle gelofte besef het, en duidelik daarmee rekening gehou het.

Uit die *„Joernaal"* van Sarel Cilliers, wat hy op sy sterfbed geskryf het, word die volgende in hierdie verband duidelik :

(a) *Sarel Cilliers* sê aan ons dat hy en *Andries Pretorius* „onze gekozene Generaal op deze Commando" baie ernstig met mekaar gepraat het oor wat die Bybel oor die aflegging van 'n gelofte voor en aan God, sê. Hulle het bv. gepraat oor al die geloftes wat die persone van die Bybel (bv. Dawid, Paulus ens.) afgelê het, terwyl *Sarel Cilliers* baie duidelik na Psalm 76 vers 12 verwys het en na Prediker 5 vers 3 nl.

> „Doen geloftes en betaal dié aan die Here, julle God" (Ps. 76) ; en
> „Het is beter dat wij niet beloof als dat wij beloof en niet betaal" (Pred. 5).

(b) Verder verhaal *Cilliers* ook aan ons dat nie net hy en *Pretorius* oor die bybelse erns en verantwoordelikheid van 'n gelofte gepraat het nie, maar dat hulle eers gewag het tot al die mense teenwoordig was voordat hulle dit gedoen het, en dat hulle uitvoerig ook eers met die veldkornette daaroor oorleg gepleeg het.

> „daar was nog een deel menschen, ook een Commandant, die niet bij ons was. Ik zeide aan hem (=*Pretorius*) dat het uitstel moeten hebben totdat Cobus Wijs tegenwoordig was . . . en wij sprak toen met hem, en het was toen ook zijne begeerte, dat het (=die gelofte) gedaan moet worden; ook de Veldcornetten. Toen kwamen wij tot de besluit, dat wij de Heere, onze God een belofte pligtig zoude doen".

(c) Toe hulle uiteindelik die belofte gemaak het, het

hulle ook duidelik gestel (nieteenstaande die handjievol krygsmanne waarvan elkeen, menslik-gesproke, broodnodig was), dat as iemand hom onder die gelofte beswaard sou voel, „dat die dan van deze plaats weg moeten gaan", omdat die „eere van Zijn Naam" hier in die gedrang was.

(d) Ten slotte blyk die besef van die dubbele erns en verantwoordelikheid i.v.m. die gelofte by die Voortrekkers uit die gelofte self. Duidelik stel hulle dit, dat hulle nie voor mense staan nie, maar :

„hier staan wij thans, op eene Ogenblik

voor een Heilige God van Hemel en aarde".

Uit dit alles blyk dit dat die Voortrekkers die gelofte woord vir woord in die lig van Gods Woord afgeweeg het.

Hieruit word dit duidelik dat ons, wanneer ons wil nagaan wat die ware inhoud van ons Geloftedagvierings moet wees, ons oor die presiese inhoud, betekenis en verpligting van hierdie goed-oorwoë gelofte sal moet nadink.

V. Vir wie geld hierdie Gelofte van die 16de Desember 1838?

Nadat ons nou vasgestel het wat die Bybelse betekenis van 'n gelofte aan en voor God is; en nadat ons verder vasgestel het dat die gelofte van die 16de Desember afgelê is onder die volle besef van die Bybelse inhoud, betekenis, erns en draagkrag van 'n sodanige gelofte, kom die vraag nou na vore of hierdie gelofte vandag nog vir ons geld?

Uit die Bybel blyk dit dat 'n gelofte voor en aan God eerstens *persoonlik* kan wees en dus net die betrokke persoon bind, bv. die gelofte van Jakob by Betel (Gen. 28 vers 20—22), die gelofte van Jefta (Rigters 11 vers 30 en 31) en die gelofte van Paulus (Hand. 18 vers 18) ens.

So 'n gelofte kan ook *tydelik* begrens wees en verval bygevolg wanneer dit vervul is bv. die gelofte van die nasireërskap (Númeri 6, veral vers 5: *„totdat die dae om is* dat hy hom aan die Here toewy . . .") en die gelofte van Paulus se samesweerders (Hand. 23 verse 13-14.)

Maar so 'n gelofte kan ook ander mense insluit, soos bv. die gelofte van Hanna 'n verpligting gelê het op die nog-ongebore Samuel vir sy hele lewe (Vgl. I Samuel 1 vers 11: „dan sal ek hom aan die Here gee *al die dae van sy lewe*"). So bind ook die doopsbelofte ons kinders wat die gelofte nog nie verstaan wanneer dit afgelê word nie.

Op die selfde wyse kry ons ten slotte geloftes wat

nie net één geslag bind nie, maar wat alle geslagte bind, en almal wat aan 'n bepaalde volk behoort insluit. Dit geld veral verbonde of geloftes wat inhou dat almal van daardie volk tot in die verste nageslag onderneem om die Here te dien en al die eer aan Hom te gee. Uit die Bybel is dit duidelik dat dié Een wat eintlik hierdie ewige verbond sluit, die Here is. Maar alhoewel Hy die Een is by wie hierdie verbond begin, bind die aanvaarding van die beloftes van Sy verbond tog alle geslagte. Van die sluiting van 'n sodanige verbond deur Israel, lees ons in Jeremia 34 vers 15.

Niemand van daardie volk mag dan later hom aan daardie binding deur die gelofte van sy voorvaders onttrek nie — nie sonder straf deur die Here voor Wie en aan Wie hierdie gelofte gedoen is nie (Vgl. Jer. 34 vers 18). Dit beklemtoon weer eens die groot erns, verantwoordelikheid en versigtigheid wat daar aan die dag gelê moet word wanneer ons 'n sodanige gelofte wil doen wat almal bind tot in die verste nageslag.

Die vraag is nou: Hoedanig was die gelofte van die 16de Desember 1838? Was dit alleen vir die direkte afstammelinge van daardie kommando en was dit tydelik begrens, óf was dit 'n gelofte aan en voor God wat almal wat tot die volk van Suid-Afrika behoort, bind tot in die laaste nageslag.

Ek glo dat dit uit die gelofte self duidelik is dat dit almal insluit en bind wat burgerreg in Suid-Afrika het en dus tot die volk van Suid-Afrika behoort. Die gelofte sê self:

> „dat wij het aan onzen kinderen zal zeggen, dat zij met ons erin moeten deelen, tot gedachtenis, ook voor ons opkomende geslagten."

Ek glo dat dit hieruit duidelik is, dat elkeen wat burgerreg in Suid-Afrika wil verkry en die binding en draagkrag van hierdie belofte nie wil aanvaar nie, goed doen om liewer nie tot hierdie stap oor te gaan nie. Verder dink ek dat die owerheid die plig het om i.v.m. hierdie baie belangrike en ernstige saak van die gelofte voorligting te gee i.v.m. toekomstige burgerskap.

Diegene wat alreeds burger is, en hierdie binding en verantwoordelikheid van die gelofte nie wil aanvaar nie, sal dan ook volgens die gelofte „van deze plaats weg

moeten gaan" d.w.s. sal dan ook hierdie burgerskap prys moet gee, aangesien hierdie verantwoordelikheid seker dié belangrikste element van die Suid-Afrikaanse burgerskap is.

VI. *Die Wyse van Feesviering — „zooals een Sabbathdag"*

Dit is merkwaardig dat *Sarel Cilliers* drie maal in sy *„Joernaal"* daarop nadruk lê „dat wij de dag in elk jaar de Heer zoude „heiligen", en zoo doorbrengen *als een Sabbathdag."*

Ek dink dat dit hieruit baie duidelik is hoedanig hierdie feesdag deurgebring moet word, nl. wat ons op die Sondag in die Kerk en daarbuite nie toelaat nie ook nie op Geloftedag toegelaat moet word nie.

Daarom volstaan ek met drie opmerkings:

(i) „Heilig" beteken volgens die Bybel „afsonder vir die diens en eer van God." Indien ons daarom die Sabbat volgens die Bybel heilig, dan beteken dit dat ons die dag tot Sy diens en eer afsonder en ons arbeid op daardie dag links laat lê. Indien die Voortrekkers van die gelofte dan ook duidelik stel dat hulle hierdie dag wil heilig en dat dit as 'n Sabbatdag deurgebring moet word, dan sal ons hierdie heilige gelofte breek indien ons dit vir iets anders sal gebruik as vir Sy diens en eer.

(ii) I.v.m. die Sabbat lees ons ook in die Bybel dat hierdie dag nie net deur die huisbaas afgesonder moet word nie. Daarby is betrokke — „jy en jou seun en jou dogter en jou dienskneg en jou diensmaagd en jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is."

Hieruit spruit verskillende verantwoordelikhede:

Eerstens: Seun en dogter. Dit is nie genoeg dat net die vader en moeder geloftedag vier en die kinders dikwels tuis moet bly en selfs ook moet werk nie. Indien geloftedag werklik as 'n Sabbatdag deurgebring moet word, dan moet ook ons kinders saam met ons hierdie gelofte betaal. Indien ons nie ons kinders daarby betrek nie, dan kan ons ook nie verwag dat hulle later self dit sal nakom nie. Ons het 'n dure plig voor God om „het ook aan onzen kinderen te zeggen, dat zij met ons erin moeten deelen."

Tweedens: Dienskneg en diensmaagd. Dit gebeur so dikwels dat ons dink dat ons bediendes nie by hierdie gelofte betrokke is nie; dikwels gaan *net ons* fees toe en laat die werk op die plaas en elders gewoonweg maar voortgaan. Maar dan vergeet ons dat hierdie dag deurgebring moet word „zo als *een Sabbathdag.*" Sal ons ons bediendes op 'n Sondag ook so laat ploeg, plant, draadspan ens. Ek glo dat ons in hierdie opsig heel dikwels die gelofte breek.

(iii) Verder dink ek ook dat, net soos die owerheid 'n plig het i.v.m. Sondagsheiliging, die owerheid hier dieselfde plig het. Daarom kan ons alleen maar bly wees dat Geloftedag nou 'n openbare vakansiedag is, sodat ook vee en vreemdeling daarby betrokke is, al is dit dan ook heel indirek. Indien hierdie feesdag nie 'n openbare vakansiedag sou wees nie, sou die owerheid sy plig i.v.m. die gelofte versuim het.

VII. *Die Inhoud van Geloftedagfees.*

> *„— een dankdag . . . want de eere van Zijn Naam daardoor zal verheerlikt worden, dat de roem en eer van overwinning aan Hem zal worden gegeven—"*

Wanneer 'n mens die *„Joernaal"* van *Sarel Cilliers* lees, dan klink dit weer-en-weer daarin: „Alle eer moet *aan God* gegee word;" „hierdie dag moet 'n dag van dankbaarheid wees *teenoor God."*

Daarom kan ons nooit op geloftedag van ons mooi en skoon geskiedenis praat sonder om eers en altyddeur in dankbaarheid en lofprysing teenoor God te praat nie. Ons mag daarom op geloftedag nooit van die heldedade van ons en ons voorgeslag praat, sonder om eers en altyddeur in dankbaarheid te praat oor God en Sy groot dade nie. Nooit mag ons ons geskiedenis losmaak van God en Sy groot dade nie. Ook in verband met ons bouwerk in ons volkslewe geld dieselfde reël as in verband met die Kerk: „Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus" (1 Kor. 3 vers 11). Indien ons dit sou doen, sal ons ons volkshuis op sand bou. Maar indien ons Jesus Christus sien as die fondament ook van ons bouwerk in ons volkslewe dan sal ons nooit anders kan as om in ootmoed en dankbaarheid alle eer aan God alleen te gee nie, want dan weet ons dat die skone, ware en goeie in ons volkslewe *nie ons* prestasie of verdienste is *nie,* maar alleen die genade en goedheid van God. Ook hier geld die Bybelwoord:

> „Laat niemand dan op mense roem nie" (1 Kor. 3:21), „maar wie roem, moet in die Here roem" (2 Kor. 10: 17).

Sodra ons die dankbaarheid teenoor God en Sy eer vergeet, dan verval ons in die roem van mense en dan maak ons van ons geskiedenis 'n afgod. Alleen wanneer ons hierdie grens van dankbaarheid teenoor God en die feit dat *alle eer* aan Hom toekom aanvaar, sal ons geskiedenis waarde en betreklike duursaamheid verkry.

En nou kom die kritiese vraag uit Gods Woord tot ons in hierdie verband: Hoeveel keer gaan dit by ons Geloftefeeste in die eerste plek oor *ons,* oor *ons* eer, roem en prestasies en dan eers oor God as 'n soort noodsaaklike byvoegsel? Kortom: Hoeveel keer roem ons op mense, op *ons* geskiedenis en *ons* volk i.p.v. om in dankbaarheid alle eer en roem aan die Here te laat toekom. Indien ons dit sou doen, d.w.s. op mense roem, sal ons wel fees vier, maar in elk geval geen geloftefees nie, want geloftefees beteken, volgens die gelofte self: In dankbaarheid vir die mooi en skoon verlede van ons volksgeskiedenis, *alle* roem en eer aan Hom te gee.

Dit dan is die eerste inhoud van ons geloftedagfeesvierings. Hierby sluit nog 'n tweede aan nl. die verootmoediging voor God, want dankbaarheid en verootmoediging hoort bymekaar. Ons kan dit soos volg verduidelik:

In die geskiedenis, ook die geskiedenis van ons volk, is dit nou eenmaal so dat goed én kwaad in een patroon daarin saamgeweef is. Die goeie daarin, kom uit Gods hand en daarom pas alleen die dankbaarheid hier — die feit dat ons Hom alleen sal roem en eer. Die slegte kom egter deur ons sonde en die sonde van ons vaders: Daarom pas hier alleen die skuldbelydenis vanweë ons swakheid en sonde. So hoort dankbaarheid teenoor God en verootmoediging voor God onlosmaaklik byeen.

„En omdat die geskiedenis altyd hierdie dubbele karakter van genade én sonde insluit, mag ons nooit ewige waarhede en beginsels uit *ons* geskiedenis aflei nie. Die wil en voorsienigheid van God is nooit direk uit ons volksgeskiedenis af te lees nie. Ons mag nooit ons volksgeskiedenis met die heilsgeskiedenis van die Bybel gelykstel nie. Die Bybel moet altyd maatstaf van ons volksgeskiedenis bly, omdat ons geskiedenis altyd die dubbele dwaalweg van sonde en menslike feilbaarheid inhou. Tereg sê Art. 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis dat „geen geskrifte van mense, hoe heilig hulle ook al gewees het" met die Bybel gelykgestel mag word

nie, en ook nie die gewoonte of opvolging van tye of persone met die waarheid van God nie. Dit geld ook net-so, woord-vir-woord, vir die verhouding van heilsgeskiedenis en ons Geskiedenis." (B. J. Engelbrecht, *Geloftedag,* No. 5, bls. 4).

Ons kan hierdie laaste gedagte soos volg verduidelik: Ons kan nooit sekere gebeurtenisse in ons volksgeskiedenis, (bv. Uniedag) sonder meer gelykstel met die wil van God omdat God eenkeer nl. op die 16de Desember 1838 op daardie gelofte „ja" gesê het nie. As voorbeeld kan ons noem: Die feit dat God Israel uit Egipteland gelei en in die beloofde land ingebring het, was nog geen waarborg dat hulle nie later in ballingskap weggevoer sou word nie.

Uitgesonderd nog die feit dat ons volksgeskiedenis nie sonder meer met die geskiedenis van Israel gelykgestel mag word nie, mag ons dus nie die verhoring van die gebed op die 16de Desember 1838 as waarborg vir 'n verder-onfeilbare volksgeskiedenis van die Afrikaner gesien word nie. Ook hier hang alles af van Gods wil en ons gehoorsaamheid daaraan en van die feit dat ons gedurigdeur ons sonde en feilbaarheid bely en om vergewing sal bid. Dit het die Voortrekkers baie duidelik besef. *Sarel Cilliers* vertel dan ook aan ons dat hy alles in sy vermoë gedoen het om aan die burgers duidelik te stel „hoe wij als Bidders moeten worden om het van de Heere af te smeken" dat Hy moet vergeef en in die toekoms moet lei. „Ik stelde het hun voor: als de Heere niet met ons was, dan gewis sal wij het verloren".

Die vraag is nou : Hoe min van hierdie dankbaarheid, ootmoed, verootmoediging en gebed kom daar nie ter sprake in toesprake by die geloftedagfeesvierings van vandag nie ? Ons moet vandag werklik weereens leer dat ons volksgeskiedenis krities begrens word deur Gods eer, wil en Woord; ons moet weer eens leer bid: „*U* wil geskied" en dan ook werklik *Sy* wil bedoel en, nie soos so dikwels, eintlik *ons* eer, krag, roem en wil nie. Ook in geestelike sin mag ons nooit selfgenoegsame kapitaliste word nie. Nooit mag ons soos die ryk dwaas i.v.m ons

volksgeskiedenis vir ons siel sê, wanneer ons na die volksverlede kyk : „Siel, jy het baie goed wat vir baie jare weggesit is" (Luk. 12 vers 19). Altyd weer, elke dag opnuut, moet ons ook i.v.m ons volkslewe bid : „Gee ons *vandag* ons *daaglikse* brood."

Eers wanneer ons met betrekking tot die verlede die woord verstaan dat ons as Afrikaners ook „onverdienstelike diensknegte" is (Luk. 17 : 10) en eers as ons daaruit die dankbaarheid teenoor God en die verootmoediging voor Hom geleer het; en eers wanneer ons met betrekking tot die toekoms weer eens leer bid het, *elke dag* om die *daaglikse* brood van ons volk — eers dan sal ons werklik geloftedag kan vier soos dit deur die Voortrekkers bedoel was, soos ons dit ook moet vier.

Prof. dr. B. J. Engelbrecht

Ingebruikneming van die Kerkgebou te Kaapstad

Op 23 Desember, twee dae voor Kersfees van 1956, het die Gemeente Kaapstad in 'n gees van diepe dankbaarheid die nuwe Kerkgebou offisiëel in gebruik geneem. Hiervoor het die gemeente gedroom, gehoop en later definitief geplan. Vir vyftien jaar het die mense geduldig of ongeduldig gewag. Nou, eindelik, byna ongelooflik, het die dag aangebreek.

Dit was 'n stralende somersdag. Die gemeentelede het vroeg reeds van hulle huise vertrek om seker te maak dat hulle plek sou kry want die offisiële kapasiteit was maar 320 sitplekke, en daar sou seker meer as dit opdaag. Daar was spanning op die gesig van die Dominee leesbaar toe hy sy huis verlaat, nou vir die eerste keer werklik op pad „Kerk toe", terwyl hy konsentreer op al die reëlings en die program vir die inwyding. Lang tevore reeds het hy Ds. T. F. J. Dreyer gevra om die wydingsrede te hou, veral omdat hy so standhoudend die Kaapse Gemeente gehelp het in sy stryd tot selfstandigwording. Ds. Dreyer het egter siek geword, en alhoewel dit vir hom 'n skerp teleurstelling was, moes hy op die laaste oomblik terugtrek. Na gejaagde navrae en dringende telefoonoproepe het Ds. Brandt uiteindelik Prof. Dr. A. van Selms opgespoor, wat met vakansie in Kaapstad verkeer het, en hy het op onselfsugtige wyse onderneem om die leemte te vul.

Om halftien was die Kerk reeds halfvol. Meeste van die mense het die gebou stap vir stap sien groei maar sommige het dit nou vir die eerste keer gesien — 'n moderne gebou met iets van die oue daarin geweef, wat dit warmte en daardie magiese eienskap wat ons „atmosfeer' noem, gegee het. Elke duim daarvan was „Kerk", 'n plek om God in te dien. Sydeure het gelei na die konsistorie en Sondagskoolkamers, en 'n trap het gelei na die kosterswoning bo. Vir die dankbare gemeente was dit 'n wonderwerk van goeie smaak en werklike waarde vir hulle hard-verdiende geld. Links van die preekstoel was daar groot vensters wat op 'n stil klein binnehof uitgekyk het, waar die blomme nog geplant moes word, maar waar hortensias in vaatjies vir die inwydingsplegtigheid gepryk het.



Ned. Herv. Kerk — Kaapstad



Die kerk van binne

Aan alle kante is die mense aan die vrygewigheid van indiwiduele persone wat hierdie of daardie artikel vir die Kerk gegee het, herinner. Hulle het ook aan die gemeentes en persone in Transvaal gedink, wat so heelhartiglik gehelp het om die gebou in Kaapstad 'n werklikheid te maak.

Maar die Kerk het vinnig volgeloop. Teen die tyd dat die diens moes begin, was daar tweekeer soveel mense as waar die gebou voor bedoel was. Sommige van dié wat teenwoordig was, het van Transvaal gekom om te deel in die vreugde van hierdie groot dag. Wat 'n warme broederskap !

Die orrel (waarvoor soveel koek gebak is) het begin speel. Die Dominees en die Kerkraad het ingekom, terwyl die gemeente opgestaan het om met hartroerende volheid te sing :

„Juig al wat leef, juig voor die Heer!"
Dit was goed om te sien. Die harte het geswel van dankbaarheid en 'n versekerheid van die nabyheid van God.

Met bewoë erns het die geliefde oudste ouderling, A. A. Schouten, die Bybel op die kansel geplaas. Ouderling F. J. Cronje, 'n ou vriend van Kaapstad, het van Vereeniging gekom, en na 'n kort toespraak het hy 'n Psalm- en Gesangboek op die kansel geplaas, 'n geskenk van die Sondagskool van Vereeniging. Met 'n knop in sy keel het Br. J. Bout 'n silwer doopvont teer op sy voetstuk geplaas. Diaken A. v. d. Horst, die kassier uit die vroegste dae van die gemeente se oorsprong, het die nagmaalservies ingebring, bygestaan deur Br. A. T. Lith.

Uit volle bors het die gemeente gesing : „Prys die Heer met blye galme", en die diens het sy goed-geordende loop gevolg. „Hoe lieflik is U wonings, Heer!" Wie sou dit ooit kon sing in hierdie mooi klein Kerk, behalwe met opregtheid in sy hart ?

„My hart en vlees, o God, roep luid
tot U wat leef, verlangend uit !"

Hierdie gedagtes was beliggaam in die wydingsrede van Prof. Van Selms. Die lampe, ontwerp en uitgevoer in die vorm van 'n kruis, het ook 'n plek gevind in sy gedagtes, terwyl hy gepraat het van die Kruis en die lig wat dit in menseharte gebring het. Die gemeente het met gespanne aandag geluister sonder om die somer-

hitte te voel. Sommige wat in die voorportaal gestaan het omdat hulle geen plek selfs in die paadjies kon vind nie, moes goed luister om die woorde op te vang.

Daarna die gelukwense van verskillende liggame en Kerke, ook van die Nederlandse Hervormde Kerk, en toe bedankings deur Ds. Brandt wat gevoel het dat sy pogings vanselfsprekend ontoereikend was. Daar was soveel mense om te bedank en woorde het onvoldoende geskyn om die dankbaarheid uit te druk wat sy gedagtes en dié van die gemeente vir baie dae sou vul.

En so het die diens geëindig. Stadig het die gemeente uitgegaan, deur die portaal, oor die leiklip-paadjie, en die Kerk het stil en rustig geword. Die koster het die mooi hout-deure toegemaak, en sy seuntjie het nog deur een van die bovensters geloer om die laaste groepie voetgangers, die laaste motorkar, te sien vertrek. Bo op die dak het 'n slanke toring sy goue kroon en haan hemelwaarts verhef in die blou lug en na Tafelberg toe. Die ontwakende Kaapse Suidooster het die weerhaan sag geroer. Die eerste dag was verby. Mag God gee dat die laaste dag van hierdie Kerk in die verre toekoms van die tyd lê, en dat vele mense deur die deure van hierdie Kerk hulle weg na die Koninkryk van die Hemele mag vind.

— B. —

Die kerkraad van Kaapstad

Oujaarsaandpreek

(Waar ons in 'n voorafgaande stuk die persoon en werk van ds. C. W. du Toit in herinnering gebring het, wil ons hom laat spreek nog nadat hy dood is, deur hierdie preek wat ons vry in Afrikaans oorgeset het).

DIE EINDE

Die einde van alle dinge is naby — en wat sal die einde wees? 1 Petrus 4 : 7 en 17.

Ons teks spreek van die einde van alle dinge en daaroor wil ons nou by die einde van die jaar dink. Die skitterende son wat so lank geskyn het, sal eenmaal swart word soos 'n harige sak. Die see wat dag en nag die lof van die Here verkondig het, sal in die groot wêreldbrand uitdamp en die profesie sal vervul word, dat die see daar nie meer sal wees nie.

Die tyd wat alles oud laat word, maar self nie oud word nie, omdat hy hom gedurig verjong in dae en maande en jare, sal hom eindelik in die oseaan van die ewigheid ontlas. En dan sal die woord van die engel wat met die een voet op die see staan en met die ander een op die land, vervul word, as hy sweer by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, dat daar geen tyd meer sal wees nie.

En net soos daar 'n einde sal wees van die son en die see en die tyd, so sal daar ook 'n einde wees van alle dinge van *hierdie* wêreld, en die vraag is van groot gewig: *Wat sal die einde wees?*

I

WAT SAL DIE EINDE VAN HIERDIE JAAR WEES?

Dit was 'n jaar van groot gewig vir ons. Wat het daar nie al in baie huise en harte in die laaste twaalf maande gebeur nie! Watter kastydinge en beproewinge was daar nie op ons nie! In hoeveel huisgesinne word aan die einde van hierdie jaar 'n onmisbare vader, 'n dierbare moeder of 'n liewe kind beween! Ja, in baie huise sal daar 'n plek leeg wees wat nooit weer opgevul kan word nie. Baie het met ons die jaar begin, maar kan dit nie met ons eindig nie.

Ons staan nou soos by die sterfbed van hierdie jaar. Welhaas sal sy laaste twaalftal slaan en die ou jaar sal sy regterhand uitstrek om die nuwe jaar te groet en dan weg te sink in die ewigheid.

Die Here het weer hard aan ons in hierdie jaar gearbei en 365 dae lank het Hy weer Sy deure vir ons

oopgehou. Toehoorders, staan dan nou stil! Trek u oog af van alles wat u omring en vra uself af: Hoe staan ek voor God en wat is die einde van hierdie jaar vir my?

Hoe jammer dat daar so baie mense is wat dink dat die einde van die jaar 'n tyd van vrolikheid moet wees. Hulle dartel die ou jaar uit en die nuwe jaar in! Dit is vir baie 'n tyd van danspartye en dronkenskap, en so gaan hulle in ydelheid en sonde die groot mylpale van die lewe verby — sonder om ernstig na te dink — sonder berou en trane en sonder skuldbelydenis.

Medereisigers na die ewigheid, moet tog nie by hierdie mylpaal van die lewe, by die einde van die jaar, verbygaan sonder om terug te sien en na te dink oor u sonde nie en sonder om vooruit te sien en na te dink oor die ewigheid nie. Kyk na die groot mylpale, sodat u kan besef dat u nie stil staan nie maar op reis is na die ewigheid — en vra uself dan af: Waar reis ek heen en waar sal ek die ewigheid deurbring?

Gaan tog hierdie mylpaal verby op u knieë en dink tog daaraan dat dit miskien u laaste jaar kan wees. Laat die vraag swaar op u hart weeg: Waar sal ek wees as die einde van die volgende jaar aanbreek? Die meeste van ons mag dan nog hier wees, maar sommige sal dan reeds diep in die ewigheid wees.

II

WAT SAL DIE EINDE VAN U LEWE WEES?

Hierdie vraag, wat sal die einde wees? bring die apostel in verband met die Godsdiens. Daarom vra hy: Wat sal die einde wees van die wat aan die Evangelie van God ongehoorsaam is? Hy vra nie: Wat sal die einde wees van diewe en moordenaars, of van dronkaards en owerspelers nie? Ons weet almal dat hulle einde die verderf sal wees; maar hy vra: wat sal die einde wees van hulle wat aan die Evangelie ongehoorsaam is. Hy spreek dus nie van roekelose en onverskillige mense wat nie die Woord van God lees en wat nie in die kerk kom nie, maar van hulle wat die Evangelie lees en hoor, maar daaraan nie gehoorsaam is nie. Hy spreek van mense wat wellig met aandag en belangstelling daarna luister, maar nie daarvolgens lewe nie.

Die apostel gee op die vraag geen antwoord nie, maar

geen antwoord is ook 'n antwoord. En in hierdie geval is die antwoord dit, dat die ewigheid alleen dit sal verklaar.

Geliefdes, wat sal die einde van u lewe wees? Die apostel gee hierop geen antwoord nie, maar dit maak die saak slegs net des te ernstiger. Was u tot nog toe aan die Evangelie ongehoorsaam en het u in onbekeerlikheid voortgelewe? Laat my u dan tog daarop wys dat as u u nie bekeer nie, u einde die ewige verderf sal wees.

Hoe vreeslik sal dit wees om as 'n christen verlore te gaan. Die heiden sal kan sê: Ek het die weg nie geken en U roepstem nie gehoor nie, maar wat sal die christen wat aan die Evangelie ongehoorsaam is, kan sê?

Wat sal die einde van u lewe wees? Ons sê gewoonlik: die einde is die dood. Ja, maar die dood is nie die einde van die lewe nie, want die dood is slegs 'n tweede geboorte vir die ewigheid. Die sterwe is maar net die kort voorportaal van die lang ewigheid.

Wat sal die einde van u lewe wees? Die einde sal wees die hemel of die hel!

Daar is êrens in Europa 'n kerk met 'n hoë toring; daar is 365 trappe om tot bo in die toring te klim. Die boumeester van daardie toring het waarskynlik aan die 365 dae van die jaar gedink en hoe elke dag ons 'n trap hoër moet bring, totdat ons die hemel bereik. Maar dit is te vrees dat die trap vir baie mense nie na boontoe gaan nie maar na onder, en dat elke dag van die jaar 'n trap laer is na die rampsaligheid.

Laat ons nou aan die trappe van daardie toring dink. Die boumeester gee ons 'n predikasie in steen wat duidelik is, en hy leer ons dat ons elke dag van die jaar hoër tot God moet opklim.

III

WAT SAL DIE EINDE VAN DIE WÊRELD WEES?

Die einde van die wêreld sal verbranding en oordeel wees. Ja, maar wie is daar wat hom 'n begrip kan vorm van die grootheid, die majesteit en die vreeslikheid van daardie gebeurtenisse. Wat sal dit tog wees om die ganse aarde in brand te sien staan. Die lug en die wolke aan die brand; die berge en die dale aan die brand; die seë en die strome aan die brand; 'n oseaan van vuur en 'n wêreld van vuur!

Die einde sal die oordeel wees. Die oordeel waarvan die Woord van God so dikwels spreek; waarvan ons soveel gehoor het; waarvoor ons as kinders so erg gevrees het. Hoe ontsettend sal die gebeurtenis wees!

Die Bybel spreek van 'n tyd waarin die harte van die mense van vrees sal beswyk; van 'n tyd waarin baie tot die berge sal roep: „Val op ons!" en tot die heuwels: „Bedek ons!" U dink miskien dat u al vrees gesien het, maar u het dit nog nie gesien nie. U sal eers *vrees* sien as daardie groot dag aanbreek.

U meen dat u al vuur gesien het, maar u het dit nog nie gesien nie. Wag tot die groot wêreldbrand! U meen dat u al hoor bid en ween het, maar op daardie dag sal u eers weet wat bid en ween is!

Daar bestaan 'n skildery van die beroemde kunstenaar Hougarth, wat in die 18de eeu geleef het, wat *„Die einde van alle dinge"* voorstel.

Op daardie skildery sien ons die laaste bottel van die dronkaard, maar die bottel is leeg en gebreek, sodat dit nooit weer gevul sal word nie! Daarnaas sien ons die besem van die huisvrou, maar dit is heeltemal afgeslyt en kan nie meer gebruik word nie! Daar sien ons die geweer van die jagter, maar dit is middeldeur gebreek; daar sien ons die beurs van die gierigaard, maar dit is leeg en verskeur, daar sien ons die kroon van die koning, maar dit het te morsel op die aarde geval. Daar sien ons die torings van die stad, almal in puin en ruïnes. Daar sien ons 'n hotel met 'n uithangbord waarop geskrywe staan: *Die einde van die wêreld,* maar die hotel is verwoes en verlate. Daar sien ons 'n wêreldkaart, maar dit staan en brand en word deur die vlamme verteer. En daar bo in die skildery sien ons die son, afgebeeld as 'n wa met perde, maar die perde lê dood in die wolke, die sonwa staan stil — en dit word donker.

Eindelik sien ons op die skildery nog die tyd afgeteken as 'n gevleuelde engel, met 'n uurglas in die hand; maar die engel van die tyd het aan die einde van sy reis gekom, en hy lê dood op die aarde. Die tyd vlieg nie meer voort nie, maar lê dood en stil op die aarde, en die ewigheid het begin.

Geliefdes, is dit nie hoog tyd om stil te staan en te vra: Wat sal my einde wees nie?

'n Jong man het eenmaal aan 'n bejaarde vertel dat hy besig was om vir advokaat te studeer. Toe vra die ou man: „En as jy met jou studie klaar is, wat dan?"

